


A lighthouse on a rocky island with a beam of light shining across the water.

SOEKLIJG

FOKUS OP

MATTEUS

SOEKLIG FOKUS OP MATTEUS

Dr Jan Venter

'N BYBELLEESGIDS VIR JONGMENSE

Uitgegee deur die Calvyn-Jubileumboekefonds in samewerking met die Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Voorblad ontwerp: Mnr K H Schmitz

Gedruk en gebind deur:

Potchefstroom Herald Drukkery,

Posbus 156,

Potchefstroom

2520.

ISBN: 0-86955-103-5

Posbus 20008, Noordbrug,

Potchefstroom 2522,

1991

OPMERKING

Hoewel die Deputate van die Calvin-Jubileumboekfonds (CJBF) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekking waartoe geraak is, dié van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die CJBF-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.



INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	6
RIGLYN VIR GEBRUIK	7
HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE BOEK	10
DAG 1 MATTEUS 1:1-17	12
DAG 2 MATTEUS 1:18-25	13
DAG 3 MATTEUS 2:1-12	14
DAG 4 MATTEUS 2:13-23	15
DAG 5 MATTEUS 3:1-12	16
DAG 6 MATTEUS 3:13-17	17
DAG 7 MATTEUS 4:1-11	18
DAG 8 MATTEUS 4:12-15	19
DAG 9 MATTEUS 5:1-12	20
DAG 10 MATTEUS 5:13-16	21
DAG 11 MATTEUS 5:17-18	23
DAG 12 MATTEUS 6:1-18	24
DAG 13 MATTEUS 6:19-34	25
DAG 14 MATTEUS 7:1-12	26
DAG 15 MATTEUS 7:13-28	28
DAG 16 MATTEUS 8:1-22	29
DAG 17 MATTEUS 8:23-34	30
DAG 18 MATTEUS 9:1-13	31
DAG 19 MATTEUS 9:14-26	32
DAG 20 MATTEUS 9:27-38	34
DAG 21 MATTEUS 10:1-4	35
DAG 22 MATTEUS 10:5-10 en 10:40-42	36
DAG 23 MATTEUS 10:11-15 en 10:32-39	37
DAG 24 MATTEUS 10:16-23 en 10:26-31	38
DAG 25 MATTEUS 10:24-25	39
DAG 26 MATTEUS 11:1-15	40
DAG 27 MATTEUS 11:16-30	41
DAG 28 MATTEUS 12:1-14	42
DAG 29 MATTEUS 12:15-37	44
DAG 30 MATTEUS 12:38-50	45
DAG 31 MATTEUS 13:1-23	46
DAG 32 MATTEUS 13:24-43	47
DAG 33 MATTEUS 13:44-52	49
DAG 34 MATTEUS 13:53-14:12	50
DAG 35 MATTEUS 14:13-36	51
DAG 36 MATTEUS 15:1-20	52
DAG 37 MATTEUS 15:21-39	53
DAG 38 MATTEUS 16:1-12	55
DAG 39 MATTEUS 16:13-28	56
DAG 40 MATTEUS 17:1-31	57
DAG 41 MATTEUS 17:14-23	58
DAG 42 MATTEUS 17:24-26	60
DAG 43 MATTEUS 18:1-10	61
DAG 44 MATTEUS 18:12-120	62
DAG 45 MATTEUS 18:21-35	63

DAG 46	MATTEUS 19:1-15	64
DAG 47	MATTEUS 19:16-30	66
DAG 48	MATTEUS 20:1-16	67
DAG 49	MATTEUS 20:17-34	68
DAG 50	MATTEUS 21:1-11	69
DAG 51	MATTEUS 21:12-17	71
DAG 52	MATTEUS 21:18-27	72
DAG 53	MATTEUS 21:28-46	73
DAG 54	MATTEUS 22:1-14	75
DAG 55	MATTEUS 22:15-46	76
DAG 56	MATTEUS 23:1-12	77
DAG 57	MATTEUS 23:13-39	78
DAG 58	MATTEUS 24:1-31	80
DAG 59	MATTEUS 24:32-51	81
DAG 60	MATTEUS 25:1-13	82
DAG 61	MATTEUS 25:14-30	84
DAG 62	MATTEUS 25:31-46	85
DAG 63	MATTEUS 26:1-16	86
DAG 64	MATTEUS 26:17-30	87
DAG 65	MATTEUS 26:31-56	88
DAG 66	MATTEUS 26:57-75	90
DAG 67	MATTEUS 27:1-26	91
DAG 68	MATTEUS 27:27-44	92
DAG 69	MATTEUS 27:45-66	93
DAG 70	MATTEUS 28:1-20	94

VOORWOORD

Die Deputate Jeugsorg het die opdrag om aan die verskaffing van goeie geestelike lektuur vir ons jongmense aandag te gee. Een saak wat volgens die deputate prioriteit moet geniet, is om leiding aan jongmense te gee sodat hulle met persoonlike Skrifstudie die Bybel konstruktief en opbouend kan lees. Ons vertrou dat hierdie Bybellees-gids oor Matteus ons jongmense daarmee kan help.

Die problematiek waarmee ons jongmense as Christen-gelowiges in die negentigerjare te kampe het, is ingewikkeld. Die uitdaging om as geankerde gelowiges koers te hou, is groot. Die bekende woorde van Psalm 119:105 bly onverswak waar: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." Mag hierdie handleiding 'n helder soeklig wees wat die koers duidelik aandui. *Deputate Jeugsorg, 1991.*

RIGLYN VIR GEBRUIK

1. Dit is uiters belangrik om die Woord van God te ken. Daaruit leer ons God werklik ken. Om God so te ken, is die ewige lewe (Joh 17:3). Om God deur sy Woord te ken, is ware lewensgeluk. Luister hoe mooi stel Psalm 1 dit: "Dit gaan goed met die mens . . . wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is . . . Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak".
2. Hierdie handleiding is hoofsaaklik opgestel vir die gebruik tydens persoonlike Skrifstudie. Dit is egter ook geskik vir Bybelstudie in groepsverband as 'n riglyn vir huisgodsdiens.

2.1 Persoonlike Bybelstudie:

Die handleiding is 'n hulpmiddel om die Bybel met beter begrip te lees. Dit wil geen uitgebreide kommentaar wees wat in fyn besonderhede ingaan nie. Die handleiding bestaan uit 'n aantal ongedateerde dagstudies. Die ideaal is dat u as leser die dagstudies so ver moontlik opeenvolgend sal gebruik, om sodoende die eenheidslyn in die studie te volg. Die nuwe Afrikaanse Bybel vertaling (1983) is gebruik, alhoewel die ou vertaling ook as hulp gebruik kan word.

2.2 Bybelstudie in groepsverband:

Daar is verskeie metodes om Bybelstudie in groepsverband te doen. Die bekendste is die vraag en antwoord-metode. In hierdie handleiding word die groep egter nie by wyse van vrae in die betrokke Skrifgedeelte ingelei en begelei nie. Die vrae en opdragte aan die einde van die dagstudie is afgestem op die verdere toepassing van die Skrifgedeelte.

Indien julle as groep hierdie handleiding vir Bybelstudie wil gebruik, kan julle die volgende wenke in gedagte hou:

- Neem 1 en 2 dagstudies per geleentheid.
- Identifiseer mense wat leiding kan neem, en maak dan beurte om voor te gaan en om die betrokke dagstudie(s) vir die groep voor te berei. Intussen bestudeer elke groepslid ook die dagstudies wat die volgende keer behandel gaan word.
- Indien dit jou beurt is om die leiding te neem, moet jy die dagstudie(s) in die geheel deurwerk. Konsentreer veral op die insiggedeelte en berei jou daarop voor om die groep by wyse van vrae en stellings te lei. Stel jou vrae so dat die teruggetrokke lede ook met vrymoedigheid aan die gesprek kan deelneem. Maak seker dat ook nuwelinge betrek word, maar dan gaandeweg.
- Wanneer julle vergader, kan julle die volgende doen:
 - Gebed is 'n onmisbare deel van Bybelstudie. Doen daarom vooraf 'n gebed waar jy bv. vra vir die leiding van die Heilige Gees, sodat julle kan verstaan wat God in die deel vir julle sê. Vra ook dat die Heilige Gees julle al hoe meer die begeerte sal gee om in julle lewe daarop te antwoord.
 - Vra een van die lede van die groep om die aangeduide Skrifgedeelte van die betrokke dagstudie(s) voor te lees.
 - Behandel dan die oorsig-gedeelte en besin as groep of dit 'n gepaste samevatting van die vers of verse is.
 - Lei dan die groep met jou voorbereide vrae en stellings tot diepere insig in die Skrifgedeelte. Julle kan beurte maak om die antwoorde te verskaf.

- Ten slotte besin julle as groep saam oor die toepassing van die Skrifgedeelte aan die hand van die uitsiggedeelte. Hou in gedagte dat die vrae en riglyne onder 'uitsig' in die eerste plek vir persoonlike Bybellees opgestel is.

2.3 Huisgodsdienst:

Wanneer hierdie handleiding as riglyn vir huisgodsdienst gebruik word, kan die volgende wenke in gedagte gehou word:

- Lees die betrokke Skrifgedeelte voor.
- Behandel die oorsig-gedeelte as opsommende samevatting en besin saam of dit 'n gepaste samevatting van die vers of verse is.
- Lees die insig-gedeelte hardop voor.
- Bespreek as gesin die uitsig-gedeelte.
- Hierdie reeks is gerig op die tienerjariges. Ouers moet daarom self gepaste vraes vir die jonger kinders formuleer.

3. Elke dagstudie word in die volgende drie afdelings ingedeel:

Oorsig: Onder 'oorsig' word by elke dagstudie 'n tema-opskrif vir die betrokke Skrifgedeelte gegee. Daarna word die gedagte-opbou van die Skrifgedeelte skematies uiteengesit.

Insig: Onder 'insig' word die inhoud van die Skrifgedeelte verduidelik.

Uitsig: Onder 'uitsig' word aan u as leser 'n aantal vrae en ander Skrifgedeeltes gegee sodat u vanuit die betrokke Skrifgedeelte die regte uitsig op u eie lewe en ander Skrifgedeeltes kan kry. Dit is dus belangrik dat u oor die vrae sal besin en die aangeduide Skrifgedeeltes sal opsoek. Sodoende sal u hierdie handleiding se volle waarde benut.

4. Onder die uitsig-gedeelte is daar soms verwysings na Die Heidelbergse Kategismus, Die Dordtse Leerreëls en Die Nederlandse Geloofsbelofte. Dit is die drie belydenisskrifte wat u agter in u Psalmboek sal vind of in sekere katekisasie handboeke.
5. Daar is met die oog op Skrifverwysings van afkortings gebruik gemaak. Op die volgende wyse word na 'n Skrifgedeelte verwys:

Lk 8:12- 13

v.12 (afkorting vir vers 12)

vv. 12-13 (afkorting vir verse 12 -13)

Die volgende afkortings van Bybelboeke is gebruik:

Gn	Genesis	Mt	Matteus
Eks	Eksodus	Mk	Markus
Lv	Levitikus	Lk	Lukas
Nm	Numeri	Jh	Johannes
Dt	Deuteronomium	Hd	Handelinge
Jos	Josua	Rm	Romeine
Rgt	Rigters	1 Kor	Eerste Korintiërs
Rt	Rut	2Kor	Tweede Korintiërs
1 Sm	Eerste Samuel	Gl	Galasiërs
2 Sm	Tweede Samuel	Ef	Efesiërs
1 Kn	Eerste Konings	Flp	Filippense
2 Kn	Tweede Konings	Kol	Kolossense
1 Kr	Eerste Kronieke	1 Ts	Eerste Tessalonisense
2Kr	Tweede Kronieke	2Ts	Tweede Tessalonisense

Esr	Esra	Tt	Titus
Neh	Nehemia	ITm	Eerste Timoteus
Est	Ester	2 Tm	Tweede Timoteus
Jb	Job	Flm	Filemon
Ps	Psalms	Heb	Hebreërs
Spr	Spreuke	Jk	Jakobus
Pr	Prediker	1Pt	Eerste Petrus
Hgl	Hooglied	2 Pt	Tweede Petrus
Jes	Jesaia	1Jh	Eerste Johannes
Jer	Jeremia	2 Jh	Tweede Johannes
Kl	Klaagliedere	3 Jh	Derde Johannes
Esg	Esegiël	Jd	Judas
Dn	Daniël	Op	Openbaring
Hos	Hosea		
Jl	Joël		
Am	Amos		
Ob	Obadja		
Jon	Jona		
Mig	Miga		
Nah	Nahum		
Hab	Habakuk		
Sef	Sefanja		
Hag	Haggai		
Sag	Sagaria		
Mal	Maleagi		

HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE BOEK

Die skrywer

Die kerklike tradisie wys Matteus, die dissipel van die Here, as skrywer van hierdie evangelieboodskap aan. Mt 9:9 beskryf die roeping van Matteus die tollenaar, ook bekend as Levi, die seun van Alfeus (Mk 2:14), en as Levi die tollenaar (Lk 5:27). Op 'n dag het Jesus doelbewus op Matteus se doeane kantoortjie afgestap waar hy by die tolhek, tolgeld vir die Romeinse regering ingesamel het. Jesus roep hom as sy volgeling en een wat 'n besondere plek in die koninkryk van die hemele gaan beklee. Matteus het toe opgestaan en Jesus gevolg. Hy verlaat sy ou lewe en het alles agter hom toegemaak en agtergelaat, behalwe een ding – die pen waarmee hy al die jare sy boekhouding so keurig en korrek daar by die tolhek gedoen het.

Jesus het al van ver daardie pen in sy hande raakgesien en Matteus word bestem as die skrywer van die eerste Nuwe-Testamentiese boek! Hierdie man stoot die deur van sy klein kantoortjie toe, en aan Jesus se sy stoot hierdie Jood die poorte van die koninkryk van die hemele oop sodat dié wat dit hoor en glo, gered kan word.

Verskeie Joodse trekke en beskouinge in hierdie geskrif dui daarop dat Matteus 'n Jood moes gewees het, en dat hy die Joodse gebruike en die Ou-Testamentiese openbaringsgeskiedenis goed geken het.

Die datering

Dit word algemeen aanvaar dat hierdie evangelie in 'n Palestynse Joods-Christelike omgewing ontstaan het. Die belangrikste argumente hiervoor is die feit dat Joodse gebruike as bekend veronderstel word. Hoewel dit nie met sekerheid gestaaf kan word nie, word aanvaar dat Antiochië in Sirië die ontstaanplek is.

Verskeie faktore dui daarop dat die Matteus-evangelie êrens tussen 60-100 nC kon ontstaan het. Markus lewer in 60-65 nC die oudste evangeliebeskrywing soos wat hy dit van Petrus ontvang het. Matteus het op sy beurt weer van Markus gebruik gemaak toe hy sy beskrywing neergepen het. Gevolglik kan Matteus nie vroeër gedateer word as 60 nC nie. 'n Faktor wat die laatste moontlike datum van skrywe bepaal, is die feit dat daar al rondom 100 nC direkte verwysing na Matteus aangetref word.

Die geadresseerdes en hulle omstandighede

Die evangeliebeskrywing is geadresseer aan Jode-Christene. Seker een van die belangrikste kenmerke van hierdie evangelie, is die besondere rol wat die Ou Testament en die Joodse agtergrond hierin speel. Dit dui daarop dat die grootste gedeelte van die lesers van Joodse herkoms moes gewees het.

So respekteer Matteus byvoorbeeld die Jode se gebruik om nie die Naam van God ydelik te gebruik nie, maar praat deurgaans van die 'koninkryk van die hemele' terwyl die ander evangeliste praat van die 'Koninkryk van God'. Hy noem Jesus die Messias, die seun van Dawid en plaas hierdie vervullingsgebeure in God se openbaringsplan soos wat dit reeds in die Ou Testament voorsê is. Hy begin Jesus se geslagslyn by vader Abraham en weet dat hy daarmee aan die hart van die Jode se verlede en toekoms raak. Abraham beteken niks vir die heidene nie, gevolglik trek Lukas op sy beurt Jesus se geslagslyn terug tot by Adam.

Die tema en oorsigtelike struktuur van die boek

Die evangelie beskryf Jesus se koningskap deur Hom bekend te maak as die Messias, die Seun van Dawid, die Seun van God. Sy koningskap word egter vroeg reeds gekwalifiseer naamlik, dat Hy as die nederige Kneg van die Here en as Herder sy koningskap wil uitoefen. In die beskrywing van sy lydensweg kom sy ware majesteit na vore.

Die opbou en struktuur van die evangelie word op uiteenlopende wyse deur verskillende kenners verklaar. 'n Duidelike kenmerk van Matteus se opbou is die afwisseling van ses verhalende en vyf onderwysende gedeeltes wat simmetries rondom hoofstuk dertien opgebou word. Hierdie hoofstuk neem inderdaad 'n sleutelposisie in aangesien dit onderwysend die koninkryk van die hemele verklaar.

Die struktuur kan soos volg uiteengesit word:

hoofstukke

1-4	verhalende gebeure:	Geboorte van Jesus; optrede van Johannes die Doper; Jesus se doop en die versoeking
5-7	onderwysend/preek:	Die bergrede oor die koninkryk.
8-9	verhalende gebeure:	Sy gesag in die koninkryk aan die hand van tien wonders.
10	onderwysend/preek:	Uitsending en opdrag aan die dissipels.
11-12	verhalende gebeure:	Verwerping van Jesus deur die Jode.
13	onderwysend/preek:	Gelykenisse van die koninkryk.
14-17	verhalende gebeure:	Christus deur sy dissipels erken.
18	onderwysend/preek:	Oor die gesag en vergiffenis in die kerk.
19-22	verhalende gebeure:	Sy gesag en uitnodiging.
23-25	onderwysend/preek:	Strafrede oor die Fariseërs en die profetiese rede.
26-28	verhalende gebeure:	Sy sterwe en opstanding.

JESUS IS ENERSYDS MENS - GEBORE UIT SONDIGE VOOROUERS**OORSIG**

Verse 1-6	Verse 7-11	Verse 12-17
Van Abraham tot Koning Dawid. Israel se opgang.	Van Salomo tot die ballingskap. Israel se verval.	Van ballingskap tot Christus. Israel se opgang.

INSIG

In die ou tyd het mense baie waarde geheg aan korrekte afstamming. Veral die Jode beskou 'n suiwer familieregister as belangrik, aangesien alleenlik sulke persone tot die tempeldiens toegelaat word (vgl. Neh 7:63-65). Matteus knoop Jesus se voorgeskiedenis vas aan die Jode se Ou Testamentiese openbaringsgeskiedenis. Hy stam uit die nageslag van Abraham, die stamvader van die Jode. Die geslagsregister word nie volgens bloedlyn weergegee nie, maar volgens die lyn van die konings van Juda.

Van Abraham tot koning Dawid (vers 1-6), dui op tye toe Israel veertien geslagte lank groot opgang gemaak het. Met koning Dawid op die "foto" herinner Matteus die Jode aan hul roemrykste tyd toe hierdie groot koning met sy koningskap heengewys het na die "groot Dawid", hul Messias wat nog sal kom.

In die periode van koning Salomo tot die ballingskap (verse 7-11), volg veertien geslagte se geskiedenis wat Israel by 'n laagwatermerk uitgebring het. Die ontrou en afgodery van die konings van hierdie tyd lei tot die totale verval van Israel tot in die dieptes van die Babiloniese ballingskap.

In die periode van die ballingskap en veertien geslagte daarna (verse 12-17), bring die God van Israel sy beloftes aan die volk tot vervulling. As gevolg daarvan buig Israel se geskiedenislyn weer op na die hartklop van die geskiedenis — Jesus Christus! Jesus word as die wettige Seun van die groot koning Dawid gebore en begin die roemryke eindgeskiedenis van Israel.

Opmerklik dat heidene en diep sondige mense deel was van Jesus se voorgeslag. Hierin lê al die ryke belofte van sy Middelaarsliefde opgesluit dat daar in Jesus Christus hoop is vir die grootste sondears. Jesus se stamlyn wys alreeds sy betrokkenheid by mense wat normaalweg deur ander verbygekyk word. Matteus ag dit nodig om vier vroue se name in die geslagsregister op te neem, terwyl vroue nooit in 'n Joodse stamlyn in berekening gebring word nie. Jesus was in teenstelling met die mense van sy tyd nie skaam dat heidense vroue naamlik, Tamar (v. 3); vgl. Gen38), Rut (v. 5; vgl. Rut 1:4), en Ragab (v. 5; vgl. Jos 2), op sy familiefoto pryk nie.

UITSIG

- Moet die geslagsregister van Jesus tydens Bybellees oorgeslaan word, of kan dit u alreeds iets leer?
- Hoe slaag Matteus daarin om reeds met die geslagsregister die Jode se aandag ten volle te kry?

- Kan u motiveer dat daar 'n eenheidsband tussen die Ou en Nuwe Testament is?
- Wat wil Matteus daarmee sê dat mense van twyfelagtige afkoms se "foto's" nie uit Jesus se familie album weggelaat word nie?
- Watter sekerheid het u dat u naam ook in die Boek van die Lewe geskrywe staan? (Lees Jes 53:3 en Joh 6:47.)

DAG 2

MATTEUS 1:18-25

JESUS IS ANDERSYDS GODDELIK - ONTVANG VAN DIE HEILIGE GEES

OORSIG

Verse 18-19	Verse 20-23	Verse 24-25
Maria en Josef verloof.	Engel met die Goddelike openbaring.	Maria en Josef getroud

INSIG

Maria se ontydige swangerskap was vir Josef 'n verleentheid want hulle was nog net verloof (vv. 18-19). Josef kon nie anders nie as om te aanvaar dat Maria ontrou aan hom was. In daardie dae was ontrou in die tyd van verlowing so goed as egbreuk (vgl. Dt 22:23 v.). Hy sien ook nie kans dat sy in die openbaar verguis moet word nie, en besluit om stilweg hul verhouding te verbreek deur aan haar 'n skeibrief te gee (v. 19; vgl. 19:7).

God wil hierdie breuk nie toelaat nie, want hoe kan Maria se Seun sonder Josef nog wettig afstam as die Seun van Dawid? Gevolglik ontvang Josef in 'n droom 'n Goddelike openbaring (vv. 20-23). 'n Engel van die Here openbaar die geheim van die geboorte aan hom. Hy wat in Maria verwek is, is uit die Heilige Gees. Jesus se ontvangenis is 'n Goddelike wonder want dit is 'n Goddelike ingrype van Bo in die normale gang van menslike voortplanting. Dit dui daarop dat Hy van God kom. Sy geboorte sal egter normaal geskied om aan te dui dat Hy volkome mens sal wees.

Josef kon nie anders nie as om hierdie Goddelike openbaring te glo (vv. 24-25). Hy trou met Maria en aanvaar dat sy so deur God gebruik gaan word, om 'n besondere rol te vertolk in sy heilsplan met die mens. Hy respekteer haar en het hom voorgeneem om alles te doen soos hy beveel is. As hoof van sy huis moet hy die Kind sy Naam gee. Jesus is 'n alledaagse Joodse naam van daardie tyd en beteken "die Here red". In Hebreeus ken die Jode die naam as Josua. Jesus is die ware Koning wat sy volk sal verlos van hul sondes (v. 21).

Hiermee het Matteus ou Israelse geskiedenis aangeraak wat lankal wag om vervul te word. Jesaja het al in 7:14 gesê dat 'n jong vrou swanger sal word, en die Seun wat sy in die wêreld sal bring, sal Immanuel genoem word. Dit beteken "God is by ons". Jesus het hierdie belofte wat lank voor die ballingskap in die Ou Testament gemaak is, kom vervul.

Die maagdelike geboorte is 'n misterie van Goddelike ingrype wat net in kinderlike geloof aanvaar kan word. Dit openbaar teenoor sy menslikheid (vv. 1-17), ook sy Goddelikheid (vv. 18-23). By 'n normale geboorte was 'n sondige vader en moeder betrokke. Langs die lyn van sondige geslagte word die erfsonde telkens na 'n volgende geslag oorgedra. Maar by Jesus

se geboorte word hierdie ketting deurbreek omdat die Heilige Gees by haar gekom het en nie Josef nie. Gevolglik word Hy sonder sonde gebore (vgl. Hb 4:15). Sonder die maagdelike geboorte sou Jesus net soos enige ander man nie die Middelaar kon wees wat uiteindelik met Goddelike krag uit die hoogte die dood kon oorwin nie.

Die besondere plek wat Maria in God se plan met die mensdom inneem, kan nie ontken word nie. Respek vir haar mag egter nie 'n lofprijsing word wat net God toekom nie. Sy bly 'n sondaarmens.

UITSIG

- Lees die Apostoliese Geloofsbelydenis.
- Sou dit enige invloed op u geloof hê as die maagdelike geboorte ontken word?
- Hoe moet Maria se posisie as "geseënde onder die vroue" verstaan word?

DAG 3

MATTEUS 2:1-12

STERRESKRIF AANGEVUL MET GODDELIKE SKRIF OORSIG

Verse 1-3	Verse 4-8	Verse 9-12
Die heidendom op soek.	Jerusalem het die antwoord.	Met vreugde in Betlehem gevind.

INSIG

Daar is drie groepe mense op die toneel tydens Jesus se geboorte. Die sterrekykers is heidene, Herodes verteenwoordig onbewustelik die Romeinse ryk, en die priesterhoofde en skrifgeleerdes is die volkshoofde van die Jode.

Sterrekykers uit die Ooste het 'n besondere ster opgemerk en sien dit as 'n teken van die geboorte van die koning van die Jode. In die Ooste is die bygeloof dat sterre die lot van die mens bepaal ernstig beskou. Na die ballingskap het daar baie Jode in Babilonië agtergeby en dis moontlik dat hierdie manne bewus was van die Jode se Messiasverwagting (vgl. Dan 7:14). Die sterrekykers kom in onkunde maar met verwagting dat hulle die koning se volle heerlikheid sal aanskou (vv. 1-3).

Die geboorte van Jesus is vir koning Herodes 'n groot bedreiging en voorspel onheil vir die stadsvrede. Herodes, 'n Edomiet uit die nageslag van Esau, probeer soveel moontlik inligting oor Jesus se geboorteplek bekom, want hy is besig om onder 'n vroom masker moord te beplan.

Die volkshoofde van die Jode kon aan Herodes die korrekte inligting gee omdat hulle die Skrifte geken het. Betlehem is die aangewese plek waar die Christus gebore sou word (vgl. Mig 5:1). 'n Mens sou verwag dat die volksowerstes met die antwoorde uit die Skrif, die sterrekykers in hul soektog Betlehem toe sou volg, maar hulle keer terug huis toe. Herodes se navraag by die sterrekykers oor die ster het hom nie veel gehelp nie. Hulle het Herodes nie geantwoord toe hy hulle om hulp gevra het in sy persoonlike soektog na Jesus nie. Hy hou nie rekening met God se alwetendheid wat aan die manne uit die Ooste 'n fyn aanvoeling gegee het van Herodes se werklike motiewe nie.

Die ster lei die sterrekykers tot by Betlehem waar hulle die moeder met die Kindjie in die huis vind en aan Hom hulde bring. Ware soekers na die volle heerlijkheid van God, is bereid om die Koning se egtheid in 'n eenvoudige onderdak in Betlehem te aanvaar, al het hulle Hom in die groot Jerusalem verwag. God bewaar sy Seun en lei die manne uit die Ooste met 'n ompad terug sodat Herodes nie die waarheid oor Jesus se geboorteplek uit hulle mond sou hoor nie. Opmerklik dat die manne van die wetenskap uit die natuur iets kom opvang van die Christus se koms, maar dit is kennis van die Skrif wat volle kennis openbaar.

UITSIG

- Daar is mense wat min weet en Jesus Christus vind. Daar is mense wat in die kerk opgroei en alles weet, maar tog nie werklik by Hom uitkom nie. Op watter pad is u?
- Kan u die stelling motiveer dat Kersfees nie met wêreldse opgesmuktheid gevier moet word nie, maar met eenvoud?
- Bid dat God u ook deur die mag en wysheid van sy Gees sal bring tot volle kennis van sy wil.

DAG 4

MATTEUS 2:13-23

DIE KONINGSKIND WORD VLUGTELING-KIND

OORSIG

Verse 13-15	Verse 16-18	Verse 19-23
God beskerm sy Seun.	Daarvoor moes vaders en moeders van Betlehem offer.	Jesus stilweg in Nasaret voorberei.

INSIG

Die skadu van die kruis het al vroeg oor Jesus se kinderjare geval. 'n Engel van die Here waarsku Josef dat die Kindjie nie veilig is in sy eie land nie. Koning Herodes sien in Hom 'n bedreiging en blaas moord. Josef moet met sy gesin na Egipte vlug en daar vertoef totdat God weer aan hom opdrag gee.

In verse 13-15 trap Jesus as kleine Kind reeds spore van vernedering. Egipte bring die bitter gevoel van verslawing na die oppervlak. Daar moes God se verbondsvolk ook vroeër 'n tydlang vertoef voordat God hulle roemryk uitgered het. God het trou gebly en telkens sy volk waaruit sy Seun sou voortkom, uit Egipte uitgelei. Dink net aan Josef, Jakob en Israel (Gen 37; 46; Eks 13). God gaan sy eie Seun ook weer beskerm sodat Hos 11:1 se woorde in vervulling kan gaan. Hy sal sy Seun weer uit Egipte roep. Maar Hy moet eers dieselfde pad as die volk loop, deur die slawehuis van sonde, om vroeg reeds die rigting en inhoud van sy middelaarswerk aan te dui.

In verse 16-18 word die oënskynlike vriendelikheid van Herodes as monsteragtige geweld en skadelike venyn oopgeplek. Die vaders en moeders van Betlehem moet hulle babaseuntjies offer sodat Herodes se vrese vir 'n neerlaag gestil kon word. Dit maak van hierdie kindertjies die eerste martelare ter wille van hulle Here in die Nuwe Testament. Op tragiese wyse gaan die woorde van Jer 31:15 in vervulling. Tydens die volk se ballingskap in die Ou Testament was ouers en kinders ook wreed van mekaar geskei. Daar is lank

geween. Die ontroosbare moeders word as gevolg van hul moedersmart, Ragel genoem, verwysende na die smart van 'n sterwende Ragel (Gen 35:10). Die naam het egter ook troos vir die moeders van Betlehem ingehou want die Kindjie word gered. Hulle wou dit nie as troos aanvaar nie.

Josef ontvang weer 'n boodskap van 'n engel om na sy land terug te keer (vv. 19-23). 'n Tweede Goddelike aanwysing stuur Josef met sy gesin na Nasaret waar hulle oorspronklik gewoon het. Hulle keer nie terug na Betlehem nie aangesien Herodes se seun Argelaos toe die regeerder oor Judea was. In Nasaret bring Jesus sy jeugjare deur. Daar is min oor sy jeugjare in die Skrif nagelaat. Dit is begryplik dat Matteus al die ruimte wat hy het, wil gebruik om oor Jesus te skryf nadat Hy sy ampswerk aanvaar het en doelbewus as Seun van God begin optree het. Daardie tyd het gewoonlik eers op dertigjarige ouderdom vir 'n rabbi aangebreek. Hierdie stil verborge jare was 'n tyd van voorbereiding en terselfdertyd uitbeelding van sy nederige wandel (vgl. Jh 1:47).

UITSIG

- Sal God vandag toelaat dat ons sondige oogmerke sy genadewerk stuit?
- Kan u aan enige geleentheid dink in u jong lewe waar die lig van God se reddende genade weer verhelderend oor u donker lewe kom val het?
- Kan 'n mens uit hierdie vlugteling-geskiedenis aflei dat dit die patroon van Jesus se Middelaarsweg sou wees? (Lees Mt 8:20).

DAG 5

MATTEUS 3:1-12

JOHANNES DIE DOPER AS WEGBEREIDER

OORSIG

Verse 1-4	Verse 5-7	Verse 8-12
Sy persoon.	Sy optrede.	Sy prediking.

INSIG

Daar is min inligting oor Johannes die Doper se jeugjare nagelaat (vgl. Lk 1:80) Sy persoon en optrede (vv. 1-4), herinner aan die styl van die vroeëre profete van die Ou Testament wat die volk opgeroep het tot bekering. Sy geboorte toon ooreenkomste met die van die sienerprofeet Samuel (vgl. 1 Sam 1). Na vierhonderd jaar word die stem van die profesie weer vir die eerste keer gehoor.

Sy roeping en taak is om die volk op die koms van die Koning voor te berei. Dit behels die prediking van die koms van die koninkryk van die hemele, sowel as die doop, van hulle wat hul sondes bely. Met sy oproep tot bekering, ontmasker hy die oppervlakkigheid en wettiese vroomheid van die volk se godsdienste. Dit is nie streng wetsonderhouding nie, maar innerlike gehoorsaamheid aan die Koning wat hulle in die nuwe koninkryk en sondevergifenis sal laat deel.

Ten tye van Johannes die Doper se optrede, was daar onder die volk na aanleiding van Mal 4:5, 6 'n lewendige verwagting dat die profeet Elia weer sal kom. Johannes se

omstandighede in die woestyn, sy kleredrag wat getuig van soberheid en volkome toewyding, asook sy styl en inhoud van sy prediking het die indruk by die volk gelaat dat hul Elia – verwagting in vervulling gegaan het. Hy sien homself egter nie as die een wat versoening bring soos Mal 4:5,6 aandui nie, maar as iemand in 'n ondergeskikte posisie. Hy is net wegbereider van die Messias volgens die woorde van Jes 40:3.

Diegene wat hul sondes bely, word deur Johannes gedoop (vv. 5-7). Die doop simboliseer 'n skeiding tussen dood en lewe en vorm in die koninkryk die begin van 'n nuwe gemeente. Die Fariseërs en Sadduseërs besef die gewildheid waarmee Johannes werk en doen vroom mee aan die gebeure. Hulle word ontmasker as mense wat geen besef van sonde, en geen oog vir die koninkryk van die hemele het nie.

Sy prediking (vv. 8 -12), toon dat ware prediking gevolg word deur woord en daad. 'n Beroep op afstamming verseker nie die Jode se reg op die koninkryk nie. Intendeel, Abraham se nageslag verdien as gevolg van hul ongehoorsaamheid niks. Israel staan voor dieselfde gerig as alle ander as hulle in ongeloof volhard. Johannes se doop met water is 'n teken en seël van die ware doop wat nog kom. Jesus wat na Johannes kom, sal doop met die Heilige Gees (oorvloedige krag vir die gelowige), en met vuur (strafgerig vir die wat in ongeloof volhard). Diep bewus van sy ondergeskiktheid, sien Johannes in sy geestesoog hoedat die Koning met 'n wanmandjie in die hand die koring van die kaf op die dorsvloer skei. Die gelowiges word vergader en die ongelowiges verbrand.

UITSIG

- Wat was Johannes se taak volgens Lk 1:15-17?
- In hoe 'n mate het Johannes die Doper Mt 10:24 sigbaar laat word?
- Ons kan met God se genade vashou aan die beeld van Jesus met 'n kruis. Dit dui op genade. Maar besef ons nog altyd daarby dat Hy ook met 'n byl staan, dit wil sê, veroordelend oor die sonde?

DAG 6

MATTEUS 3:13-17

JESUS TOEGERUS VIR SY AMPSWERK

OORSIG

Verse 13-14	Verse 15	Verse 16-17
Jesus gee Homself.	Volgens die wil van die Vader.	Deur die Gees verseël.

INSIG

Matteus laat die begin van Jesus se openbare optrede aaneenskakel met die van Johannes die Doper. Die wegbereider het die naderende voetstappe van die Eindprofeet aangekondig, en Jesus stap nou uit sy jeugjare waar Hy ongemerk volwassenheid bereik het. Die tyd het ryp geword dat Hy sy ampswerk as Borg en Middelaar van God se volk moet begin. Dit beteken dat Hy op gesagvolle wyse daarvoor gesalf sal moet word om die wettigheid van sy roeping te bevestig (vgl. 8:11,12). Wanneer Jesus Hom in vv. 13,14 by Johannes die Doper aanmeld om gedoop te word vir sy amptelike taak, kon Johannes dit nie begryp nie dat hy as

die ondergeskikte die doop aan Jesus, die lang verwagte Profeet, moes bedien. Oorbewus van sy eie nietige gestalte, was hy nie in staat om die gebeure in die raadsplan van God die Vader te plaas nie.

Jesus dring daarop aan dat dit wel moet gebeur, want op hierdie wyse word die wil van die Vader volbring. Dit was sedert die sondeval in die paradys God se wil dat die ongehoorsaamheid van die mens, soos deur al die geslagte heen geopenbaar, uiteindelik met die dood gestraf sal word. God wil dat die eis van die verbond, naamlik gehoorsaamheid, volbring sal word. Jesus stel Hom vir hierdie taak op aarde beskikbaar sodat Hy as Mens vir mense die straf kan dra. Dit beteken dat Hy die pad van sondaars, van geboorte tot die graf enduit sal moet loop. Dit beteken dat Hy Hom sal moet laat doop soos wat sondaars hulle laat doop met die doop van bekering tot vergewing van sondes. Hoewel Hy sonder sonde is (Hb 4:15; 2 Kor 5:21), word Hy tot sonde gemaak. Met sy lewe bou Hy die brug tot redding vir die wat glo.

Die gebeure in die Jordaan word volmaak omraam met hemelse instemming en verseëling van die Heilige Gees (vv. 16, 17). Die Heilige Gees daal op Jesus neer soos 'n duif, om daarmee Jesus se gesagvolle bekwaammaking en aanvaarding van sy roeping te verseël. Die goedkeurende stem uit die hemel bekragtig die volle samewerking en eenheid van die Goddelike drie-eenheid in hierdie gebeure.

UITSIG

- Bid tot God dat Hy u oë sal open vir die ontsettende lydenspad wat Jesus moes deurtrap, sodat u ook vandag die seën van 'n geopende hemel bokant u mag hê.
- Hoe word die ewige lig van God uit 'n oop hemel op u pad gegooi? Lees 1 Ts 1:5.

DAG 7

MATTEUS 4:1-11

JESUS ONMIDDELLIK GETOETS

OORSIG

Verse 1-2	Verse 3-9	Verse 10-11
Jesus beproef.	Voor 'n keuse gestel.	Oorwinning langs God se weg.

INSIG

Pas na Jesus se ampsaanvaarding laat God dit toe dat Jesus die vors van die duisternis ontmoet (vv. 1-2). Die Gees wat Hom tydens die doop verseker het van krag uit die hoogte, lei Hom in die woestyn en openbaar so die Goddelike toestemming dat die duiwel Jesus mag versoek. Dit is Jesus se eerste groot toets wanneer God die duiwel se versoeking as 'n beproewing vir Jesus se gehoorsaamheid gaan gebruik. Die gevaar bestaan dat Jesus met aanloklikhede tot ongehoorsaamheid en sonde mislei kan word (vgl. Adam en Eva in Gen 3:1-7). Matteus weef op sigbare wyse Jesus se band met die Joodse volk vas wanneer hy wys op Jesus se veertig dae in die woestyn. Dit herinner die Joodse lesers aan Israel se swaar beproewing van veertig jaar in die woestyn en waar hul ongehoorsaamheid telkens na vore gekom het.

In verse 3-9 wys die duiwel dat hy presies weet wie Jesus is. Hy poog om Jesus uit te lok tot 'n maklike uitweg uit sy beproewende omstandighede. As Seun van God hoef Jesus tog nie te ly soos mense nie. Hy lok Jesus drie maal uit om die maklike weg na oorwinning te volg. Die Seun van God weet egter dat dit nie die wil van die Vader is nie. Daarom antwoord Hy die duiwel elke keer gesagvol afwysend met die Ou Testament.

Die duiwel daag Jesus om op Goddelike almag te steun, maar Jesus se keuse is die woorde om Dt 8:3. Die duiwel daag Jesus om op Goddelike beskerming staat te maak, maar Jesus antwoord hom met Dt 6:16. Die duiwel daag Jesus om Goddelike eer te besit, maar Jesus stel die wil van die Vader met Dt 6:13.

Dit is duidelik dat die duiwel die Skrifte net wil misbruik. Hy vra nie na die sin en bedoeling van die Skrif nie, maar wend dit vir eie voordeel aan. Dan word dit 'n leuen. Wanneer Jesus dit gebruik, is dit waarheid.

Jesus het die groot toets geslaag (vv. 10-11). Hy begin sy ampswerk met 'n vlugtende duiwel en toesnellende engele wat Hom bedien. Die optrede van die engele herinner aan die eerste Adam wat deur sy ongehoorsaamheid die paradys verloor het, terwyl die tweede Adam deur gehoorsaamheid aan die wil van die Vader die paradys weer in beginsel volgens God se wil herstel. Jesus het hier openbaar dat Hy van die begin af, selfs in die versoekingsnag die bese kan weerstaan. Dit is juis wat die mensdom van 'n Middelaar moet verwag.

UITSIG

- Wat is die doel van beproewinge? Lees Jk 1:2-4.
- Is dit die Here wat die mens versoek? Lees Jk 1:12-18; 1 Kor 10:13.
- Watter wapen hanteer Jesus tydens sy versoekinge?
- Kan u al die lig van Christus so laat skyn in u uur van stryd?
- Leer dit aan met die woorde van Kol 1:9, 10.

DAG 8

MATTEUS 4:12-15

DIE SAAILANDE LÊ WIT VIR DIE OES

OORSIG

Verse 12-17	Verse 18-22	Verse 23-25
Jesus maak gereed.	Eerste deel van die oes.	Die patroon waarvolgens Hy oes.

INSIG

Met Johannes die Doper in die gevangenis opgesluit, weet Jesus dat sy ampswerk nou in alle erns begin het. Ter vervulling van Jesaja se woorde trek Hy weg van Nasaret en vestig Hom in Kapernaum wat 'n belangrike middelpunt van handel en verkeer was. Matteus trek weer eens die lyn van die Ou Testament na Jesus se optrede, en wys selfs met hierdie verskuiwing dat Jesus die Vervuller van die Skrifte is (vgl. Jes 8:23 -9:2). Galilea was in

menige opsigte die "agterbuurt" van Israel en in 'n geestelike sin sonder ware kennis van God. Aangrensend aan die heidenland verkeer dit nog in duisternis en sal met Jesus se optrede vir die eerste keer God se lig sien. Hy sit Johannes se prediking voort en preek die koninkryk van God wat seën bring vir die wat glo, maar gerig vir die wat in ongeloof volhard.

Pas nadat Hy begin werk het, roep Hy sy eerste dissipels en samel daarmee die eerste deel van die oes in (vv. 18-21). Hierdie dissipels sal die oor en ooggetuies word van Jesus se Middelaarswerk. Dit sal hulle in staat stel om self gesagvol die koninkryk van God te proklameer. Andreas en Petrus met Jakobus en Johannes, was twee broerspare wat mekaar in die vissersbedryf moes geken het. Andreas en Petrus was reeds dissipels van Johannes die Doper (vgl. Jh 1:41 v.). Hulle word gewilliglik voltydse dissipels van Jesus. Hulle gaan nie meer visse nie, maar mense inoes waar die lande wit lê en wag om vir God se koninkryk ingeoes te word.

Verse 23-25 gee 'n kort samevatting van Jesus se werksaamhede in Galilea. Soos elke ander Rabbi het Jesus die geleentheid gekry om die volk in die sinagoge op te voed met woorde van onderwysing en vertroosting. Sy blye boodskap bring nie slegs verlossing van die siel nie, maar sy wonderwerkende krag bied ook liggaamlike genesing. Die inhoud van sy prediking word met die genesings (prediking met die daad), bevestig. Sy wonderwerke wat gou oral oor bekend geword het, bevestig die egtheid van sy Messiasskap.

Met hierdie optrede het Jesus die patroon van sy werksaamhede uitgestippel. Hy roep gesagvol mense as sy volgelinge, gaan dan met sy boodskap uit na die skares (hoofstukke 5-7), en bevestig die waarheid daarvan met genesings (hoofstukke 8-9).

UITSIG

- Wat hou navolging van Jesus Christus vir die gelowige in as ons kyk na die plek en omgewing waar Hy begin werk het?
- Hoe kan u agterkom dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie?

DAG 9

MATTEUS 5:1-12

DIE WESE VAN CHRISTUS SE KERK -HULLE WAT GE-OES WORD

OORSIG

Verse 1-2	Verse 3-11	Verse 12
Jesus begin hulle leer.	Beskrywing van die burgers.	Hul erfenis.

INSIG

Hoofstukke 5-7 vorm Jesus se eerste lang preek. Dit begin met 'n driedelige inleiding: 5:1-12, die wese van die Kerk (wie); 5:13-16, die roeping van die Kerk (hoe hulle leef); 5:17-48, die Kerk se verhouding tot die Wet. In verse 1-2 begin Jesus sy dissipels leer hoe die burgers in sy ryk moet lewe. Sy preek word in die eerste plek nie tot die skare gerig nie, maar tot sy dissipels.

Hy beskryf hulle wat Hom navolg as "geseëndes". Die 1953-vertaling beskryf hulle met 'n meer sprekende betekenis naamlik, "salig" wat hemelse geluk, 'n spesiale plek by die Here

aandui. Met nege illustrasies gee Hy telkens 'n ander karaktertrek van 'n ware burger in sy koninkryk. Volgens menslike maatstawwe is dit bejammerenswaardige mense wat hier beskryf word, maar saam met die Here en diep afhanklik van Hom is hulle geseën met meer as aardse geluk.

Hulle wat hul afhanklik voel van God ontvang nou al die vrug en vreug van God se heerskappy op aarde. Hulle wat treur oor hulle sonde en ellende ervaar nou en in die toekoms heerlike vertroosting van redding in Christus. Hulle wat sagmoedig is en nie uiterlik sterk nie, sal die nuwe aarde as erfdeel ontvang. Hulle wat dors na wat reg is, sal dit van die Here ontvang. Die barmhartiges wat liefde bewys, sal dit opnuut weer aan hul eie lewe bewys sien. Hulle wat rein van hart is en God nie dubbelhartig dien nie, sal God ook in hulle lewe sien. Hulle wat as vredemakers die Boodskap verder dra, sal sy kinders genoem word. Hulle wat vervolgt word ter wille van die Here sal die volle loon van menslike vervulling ontvang. Hulle wat valslik ter wille van God verag word, sal nogtans innerlike geluk ervaar.

Elke ware gelowige voldoen aan bogenoemde beskrywing. Hulle wat afhanklik is van God ontvang uit genade hierdie deugde. Wie hierdie gesindhede soos die skakels van 'n ketting ook in hul lewe sien, kan weet dat hul erfenis in die hemel groot gaan wees. Wie so lewe, ontvang die koninkryk van God (vers 3, 10). Die koninkryk is nie 'n geografies afgebakende grondgebied nie, maar 'n ervaring van God se allesomvattende beheer van jou hele lewe.

UITSIG

- Kan u enige verskille opmerk tussen Lukas se beskrywing in Lk 6:20-26 en die van Matteus?
- Kan u getuig daarvan dat die Here u al soos hierbo voor mense die onderspit laat delf het, maar dat u tog te midde daarvan gelukkig en tevrede naby die Here gevoel het?
- Sou u sê dat die Ou-Testamentiese beloftes met die nuwe bedeling in vervulling gaan? (vgl. Jes 61:1-2).

DAG 10

MATTEUS 5:13-16

DIE ROEPING VAN DIE KERK -HOE DIE BURGERS MOET LEEF

OORSIG

Vers 13	Verse 14-15	Verse 16
Hul invloed na binne.	Hul invloed na buite.	Die resultaat.

INSIG

Met drie beelde wys Jesus dat die burgers van sy koninkryk 'n roeping en 'n taak het in hierdie wêreld. Al staan hulle teenoor "die mense". beteken dit nie dat sy volgelinge eenkant afgesonder moet leef nie. Nadat Hy hul lewenskwaliteite beskryf het, verklaar Hy hul rol en betekenis in hierdie wêreld. Hulle is soos sout wat na binne smaak gee as dit in voedsel gegooi word. Net soos elke soutkorrel 'n bederfwerende uitwerking het, moet sy burgers met hul lewe keer dat die wêreld verder bederf en ontbind. Met gekonsentreerde krag moet elkeen so optree dat alle bedrog, korrupsie en verval, deur hoë morele waardes en

geestelike standarde reggestel kan word.

Net soos sout in 'n oop wond inbrand maar dit terselfdertyd genees, moet die gelowige nie ander op hul foute en swakhede wys nie. Dit is egter nie ons taak om hul af te kam en stukkend te sny met kritiek nie. Nadat die waarheid striemend ingesny het, moet ons hulle weer met die kennis van die Woord en wysheid van die Gees genees tot 'n gesonde lewenstyl. Ons blydschap in die lewe moet nie laf en oppervlakkig wees nie. Ons woorde moet met sout besprinkel, in elke gesprek die vreugde verdubbel, diepte en smaak daaraan gee. Die gelowige wat dit nie doen nie, is soos sout van daardie dae wat nie altyd suiwer was nie. Daardie sout verloor gou sy gehalte en kan maar saam met alle vullis as nutteloos weggegooi word.

Soos 'n lig na buite straal, word die navolgers van Jesus geroep om 'n lig vir die wêreld te wees. Met sy Wet in menseharte kan hulle die ware lig in 'n donker wêreld verskaf. Jesus eis nie dat sy dissipels self die lig moet verskaf nie. Ons moet net sy glans in ons na buite weerkaats soos wat die ligstraal van sterre die donker hemelruim inskiet. Burgers in die koninkryk se Christenskap kan nooit 'n geheim bly nie, maar dit is soos 'n stad op 'n berg vir almal om te sien.

As die gelowige se vensters na die wêreld gesluit is, is sy deur heel waarskynlik ook na God gesluit. Gelowiges kan nie net in sekere opsigte of net in beperkte mate Christen wees nie, want dan beperk hulle hul uitwerking na buite soos wanneer 'n mens 'n emmer oor 'n lamp sou sit om sy skynsel af te sluit. Dit is die burgers se taak om as gids vir ander te dien wat in duisternis lewe. Ons moenie net soos ligte op 'n aanloopbaan vir 'n vliegtuig die rigting aandui nie, maar ons moet ook waarskuwend soos 'n noodlig aandui waar ander op 'n afgrond afloop.

Wie soos soutende sout en liggende ligte leef voor ander lewer 'n positiewe resultaat. Ander mense word bewus van die genadewerking van God onder sy burgers. Dit bring gevolglik sy Naam op hulle lippe wat Hom nog nie voorheen geken het nie. Daardeur word sy Naam verheerlik.

UITSIG

- Besef ons elke dag hoe groot ons roeping en taak as gelowiges is, of probeer u ook om in die geheim 'n Christen te wees uit vrees vir bespotting of ongewildheid?
- Is u ook gekonsentreerde korrelkrag in u klas, huis of werk sodat 1 Ts 4:11, 12 ook in u lewe waarheid word?
- Watter sekerheid het ons dat ons ongeag ons menslike swakhede tog daartoe in staat is? (vgl. Hand 1:8).

GEBEDSRIGLYNE:

- Bid dat u elke dag toegerus sal word om so te leef dat ander deur God se genade in u verryk kan word.
- Vader, deur u liefde wat in my sigbaar word, aanvaar ek met vreugde, my verantwoordelikhede. Gebruik my tot U eer!

DIE KERK SE VERHOUDING TOT DIE WET**OORSIG**

Verse 17-20	Verse 21-42	Verse 43-48
Jesus en wetsvervulling.	Vyf voorbeelde.	Onbegrensde liefde.

INSIG

Jesus het nie gekom om die eise van die Wet en die Profete (Ou Testament), tot niet te maak en af te skaf nie. Hy kom met sy persoon volle betekenis en begrip daaraan gee. Die Ou Testament bly onverkort geldig totdat alles voleindig en God se wil volkome bereik is. Daar is geen onderskeid tussen belangrike en minder belangrike gebooe nie. Die hele Wet moet geleer en nagekom word, maar dan nie bloot formeel en uiterlik nie. Nakoming van die Wet begin by die hart.

Met vyf voorbeelde verduidelik Jesus wat ware wetsvervulling beteken. Elkeen van die vyf voorbeelde is eenders gebou. Eers word gekyk na wat in die ou tyd gesê is, hoe Jesus dit vervul, en dan wat die koninkryksburgers se hartsgesindheid daarvoor moet wees.

Ten opsigte van die sesde gebod weet hulle dat 'n geregshof van 23 lede vroeër moordsake gehanteer het. Moord is egter meer as 'n daad. Dit word al werklikheid met 'n wrok in die hart, wanneer iemand krenkend teen ander uitvaar of minagtend verdoem. Enige wanverhouding tussen mense is net so ernstig as moord en moet eers reggestel word voordat 'n mens hom aan God verbonde kan sien.

Die sewende gebod veroordeel ook nie net die daad van gemeenskap met 'n ander man se vrou, soos die wette van die vaders bepaal het nie, maar alle onkuisheid binne en buite die huwelik is strafbaar voor God (vgl. Mk 7:21-23). Selfs die kosbaarste van die mens moet prysgegee word as dit tot sonde aanleiding gee. Teenoor die ligsinnige egbreukpraktyke van sy tyd lê Jesus die klem op die kern-betekenis van God se gebod.

Hul wanpraktyke by eedswering raak ook die kern van die derde gebod. Hoewel hulle God se Naam nie gebruik nie, roep hulle wanneer hulle by iets anders sweer, tog in wese vir God nader as getuie. Elke woord van die mens moet egter beantwoord aan die eis van die waarheid (vgl. Jk 5:16). 'n Eerlike en opregte hart gee waarborg vir die waarheid van woorde.

Teenoor die Ou-Testamentiese vergeldingsreël (vgl. Eks 21:24), van oog om oog, roep Jesus hulle op tot ware naasteliefde. Hulle mag nie in hul persoonlike verhoudinge wraakgierig wees nie (vgl. Rm 12:18-21). Jesus bewys dit ook weer met vyf voorbeelde.

In verse 43-48 verduidelik Hy samevattend aan hulle wat onbegrensde liefde inhou. Die mens wat Lev 19:18 lees asof daar staan dat jy jou vyand moet haat en jou naaste slegs onder eie familie en volksgenote moet soek, ken geen liefde nie maar is vasgevang in groepsegoïsme. So 'n uitlewing van die liefde hou niks meer in as die tollenaars en heidene se liefdesbegrip nie. Wie handel soos wat Hy hulle leer, sal aan die volmaaktheid van Jesus se onbegrensde liefde gestalte gee.

UITSIG

- Is dit reg om wrokke in u hart groot te maak bloot omdat dit algemene praktyk is by mense?
- Is dit nie te veel gevra om ons vyand lief te hê nie? (vgl. Rm 12:18-21).
- Is u ook een wat u wanhopig ver van die ideaal af voel omdat u nog soveel onvolmaakthede by uself ontdek? Lees Flp 3:12 en DL hfst 5 par 11.

DAG 12

MATTEUS 6:1-18

GETROUHEID AAN DIE WET TEMPER VERKEERDE MOTIEWE

OORSIG

Verse 1-4	Verse 5-15	Verse 16-18
Liefdadigheid.	Gebed.	Vas.

INSIG

Hierdie getrouheid aan die wet wat meer inhou as die beskouinge van die Fariseërs, kom as 'n gawe van die Here. Geen mens besit dit vanself nie. Gevolglik mag 'n navolger van Jesus nie met hierdie ontvange hartsgesindheid spog, dit voor mense uitstal of daarmee pronk nie. Hulle word gewaarsku om alle verkeerde motiewe uit hul hart te suiwer. Burgers van die koninkryk moet met stille eenvoud saamleef met God se gawes anders raak jy dit alles weer kwyt. Hierdie feit illustreer Jesus in die middelstuk van die bergrede met drie voorbeelde naamlik, liefdadigheid, gebed en vas.

Interessant dat hierdie gedeelte van Mt 6:1-18 net by Matteus, wat spesifiek vir Jode skryf, voorkom. Markus en Lukas wat vir heidene skryf, het nie nodig om die heidene oor hierdie tipies Joodse selfaanmatiging te roskam nie.

Volgens verse 1-4 word dit van burgers van die koninkryk verwag om goed te doen aan armes. Dit is vervulling van Dt 15:11. Maar die gevaar van ydelheid bestaan altyd by die Jode dat hulle daarmee hul loon, lof en bewondering voor die oë van mense wil bereken. Teen die Jode se opvatting dat hulp aan armes in die hemel en op die aarde besondere verdienste het, stel Jesus dit dat die mense se lof en handeklap reeds hul finale kwitansie en beloning is. Hulle moet niks verder van God verwag nie. God sal wel op sy tyd en wyse sy kinders wat goed doen, beloon. Maar dan moet hul optrede altyd so wees dat hulle hulself nie in die prentjie sien nie.

Verse 5-15 plaas die saak van die gebed in die middel van die bergrede. Dit is nie toevallig nie, want die gelowige se hele lewe draai rondom gebed. Die gerusstellende krag van gebed word egter bedreig deur die skynheiligheid van die Jode, en die heidene se woordespel. Die Jode bid op so 'n plek en wyse dat mense hul moet hoor, sien en prys oor hul vrome gedrag. Hierdie verkeerde motiewe kan vermy word deur in die privaatheid van 'n eie kamer te gaan bid.

Dit sluit natuurlik nie gemeenskaplike gebed in ons lewe, wat ook 'n ander baie belangrike kragbron vir God se volk is, uit nie (vgl. Mt 18:19-20). Die heidene probeer op hulle beurt weer valslik met geyske frases en 'n stortvloed van woorde die gode beïndruk (vgl. 1 Kon 18:26-29).

Jesus se modelgebed wys dat die Vader weet wat ons nodig het nog voordat ons vra. Dat mense ons hoor bid, of die lengte van ons gebede opmerk, is nie by God ter sake nie. Met drie bedes leer Jesus ons so bid dat God self sal gee dat Hy as God erken en gehoorsaam sal word. Die volgende drie bedes is gerig op die nood en behoeftes van die mens. Opmerklik dat die bekende lofprijsing naamlik: "Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid . . . in die 1983-vertaling ontbreek. Dit word weggelaat omdat die gedeelte nie in die grondteks voorkom nie. Heel waarskynlik sou 'n gebed sonder 'n lofverheffing aan die einde vreemd op die oor geklink het. Omdat die slot van die gebed telkens vry geformuleer is, is dit heelwaarskynlik nie in die oudste vorm van hierdie gebed opgeneem nie.

Verse 16-18 illustreer vir ons hoe die Jode die praktyk om te vas, misbruik het. As teken van droefheid en berou oor sonde voor God, was die Fariseërs verplig om hulle soms van voedsel en drank te weerhou. Volgens die Ou Testament was dit op die groot versoendag 'n algemene verpligting (Lev 16:29). Ten tye van Jesus se omwandeling het sy Joodse tydgenote selfs verder gegaan deur ook op Maandae en Donderdae te vas (vgl. Lk 18:13). Jesus waarsku diegene wat swarmoedig en langgesig hul voor God verootmoedig. God ontvang daardeur geen eer nie. Ander moenie jou selfbeheersing en ontbering bewonder nie, maar hulle moet na jou kyk en sê: "Wat 'n Here!" Wanneer mense vas, moet hulle gewoon met blymoedigheid optree sodat niemand behalwe die Vader sien dat hulle vas nie, anders is dit net oëspel.

UITSIG

- Kan u al spontaan goed doen aan ander sonder om 'n skouerklap terug te verwag?
- Wys uit Jes 58 aan watter tipe vas God van sy volk verwag.
- Bid u net so vroom waar net God u kan hoor, en is u nog so vrygewig waar net die een wat van u ontvang, teenwoordig is?

DAG 13

MATTEUS 6:19-34

DIE REGTE VERHOUDING TOT GOD BRING GERUSSTELLING ONDER ALLE OMSTANDIGHEDE

OORSIG

Verse 19-24	Verse 25-34
Nugtere balans teenoor besittings.	Nugtere balans teenoor sorge.

INSIG

Die derde deel van die bergrede (6:19-7:12), toon aan dat die regte verhouding tot God en ons naaste, onuitputlike moontlikhede aan die gelowige bied. Jesus illustreer dit weer aan die hand van vyf voorbeelde. In hierdie dagstuk word twee behandel naamlik, ons houding teenoor ons besittings en ons menslike sorge. Net soos in verse 1-18 onderskei is tussen beloning ten opsigte van mense, en die beloning ten opsigte van die hemelse Vader, word hier ook weer onderskei tussen die verganklike skatte op hierdie wêreld en die onverganklike skatte in die hemel.

Wie in 'n intiem persoonlike verhouding saam met God lewe, kom gou agter dat aardse geld en goed gou hul aanloklikheid, glans en waarde verloor. Dit is dus fataal om met die hart daaraan verkleef te raak asof dit lewensvreugde kan waarborg (vgl. Jk 5:1-3). Die rykste skat wat ewiglik bly en volle vreugde verskaf, maak die mens van binne ryk en tevrede. Dit is 'n skat in die hemel vanwaar ons die koninkryk van God deur die wil van God in ons harte ontvang.

Oë wat met afguns en inhaligheid na alles kyk, beperk die mens se roeping om 'n lig van God te wees (vgl. Dt 15:9, die 1953-vertaling). Hiermee word geïmpliseer dat dié wat met vrymoedige mededeelsaamheid aan ander gee, 'n ligkring van vreugde om hulle versprei. Daarom is dit beter om in afhanklikheid God te dien as om 'n slaaf te wees van aardse geld en goed wat jou lewe later ten volle manipuleer.

In verse 25-34 verduidelik Jesus dat diegene wat besef dat hul toekoms in die hemel gewaarborg is, hul nie meer deur alledaagse sorges soos kos en kleres sal laat onderkry nie. Aan God verbonde, besef die gelowige dat alle gepieker en getob oor sake geen verandering kan bring nie. God gebruik ander instrumente om sy wil te volbring, byvoorbeeld wysheid wat Hy aan die mens gee om verantwoordelike voorsorg en wyse beplanning te doen. Die gelowige laai nie oorbesorg nog môre se onbekende vraag op sy skouers nie. Dit is duidelike ongeloof, dat Hy wat die voëls, die blomme en die gras versorg, nie die mens raaksien nie.

Die Koning van die koninkryk wat in die natuur voed en versorg, sal des te meer sy kinders as kroon van sy skepping beskerm en dra. Waaroor die gelowiges wel begaan moet wees, is om hulle te beywer vir die Koningsheerskappy van God oor hul lewe.

UITSIG

- Waar lê u skat; in aardse geld en goed of in God se genadegoed? (Lees Kol 3:1-4).
- Watter sekerheid het u dat u ook eendag daardie hemelse skat sal ontvang? (Lees 1 Pt 1:3-5).
- Hoe moet u u lewensomstandighede met toepassing van verse 19-34 verwerk? (Lees Flp 4:11, 12 en 1 Tm 6:6-8).
- Hoeveel aandag bestee u aan die instandhouding van die uiterlike dinge soos u liggaam en huis, gemeet aan die tyd wat u afstaan aan geestelike versorging? (Lees Ef 3:16, 17).

DAG 14

MATTEUS 7:1-12

DIE REGTE VERHOUDING TOT GOD BRING 'N GEBALANSEERDE VERHOUDING TOT DIE NAASTE

OORSIG

Vers 1-5	Vers 6	Vers 7-12
Geen eiegeregtige veroordeling van die naaste nie.	Wel nugtere onderskeiding ter wille van dit wat heilig is.	Wanneer die Vader-kindverhouding behoue bly.

INSIG

In die vorige dagstuk is met twee voorbeelde aangetoon hoedat die regte verhouding tot God, 'n gebalanseerde houding bring ten opsigte van ons besittings en daaglikse sorg. Nou volg drie ander voorbeelde om aan te toon dat die geregtigheid van Christus die gelowige se verhouding tot sy naaste verander.

Verse 1-5 verduidelik dat diegene wat in 'n goeie verhouding tot God staan, nie selfverheffend hul oor ander sal verhef nie. Dit is duidelik dat alle mense geoordeel sal word. Maar uit die passiewe werkwoordvorm ("sal oor julle geoordeel word"), wat daarop dui dat die handeling van Bo aan die mens gedoen word, kan afgelei word dat God die mens sal oordeel en nie ons mekaar nie. Om fel krities teenoor ander te staan, is net so belaglik en onmoontlik as iemand wat 'n splinter uit 'n ander se oog wil haal terwyl hyself met 'n balk in sy oog niks kan sien nie. Hierdie oordrywende beeldspraak in die vergelyking is tipies Joods. Vergelyk hier ook Mt 18:24, 28 se "paar rand" en "miljoene rand". Dat die gelowige ook skuldig staan voor God, maak 'n mens mild en terughoudend oor ander se foute en tekortkominge. Diegene wat volslae afhanklik van God se genade lewe, tree nie vol eiegeregtigheid op teenoor ander nie.

Teenoor verse 1-5 waar eiegeregtigheid veroordeel word, word in vers 6 nou weer die balans gestel naamlik, dat 'n mens ook nie alles kan toelaat en verdra van ander nie. Daar moet by die kind van God nugtere onderskeiding wees ter wille van dit wat heilig is. Met beeldspraak word burgers in die koninkryk gewaarsku om die evangelie wat so waardevol soos pêrels vir die mens is, nie sonder onderskeid te bring aan mense wat dit nie wil aanvaar nie. Die boodskap moet as waardevol hanteer word waar dit nie by almal ontvanklik is nie (vgl. Mt 10:11-15).

Teenoor die wat goddeloos en ongelowig wil lewe is dit beter om soms te swyg (vgl. 2 Pt 3:17). Daar is wel genoeg ander weë wat God aan die gelowige gee om sy blydskap in die Here te kanaliseer sonder om die heiligheid van die evangelie deur ander te laat vertrap.

Verse 7-12 sluit die sentrale deel van die bergrede in 5:17-7:12 af. Die goue weg waarlangs die vervulling van die wet 'n lewende werklikheid in eie lewe word, is om daaglik die lewe met God te behou langs die naelstring van die gebed. Wie se regte Vader-kindverhouding met die Vader handhaaf, kan al uit eie menslike ervaring weet dat die Vader in die hemel ons nie in die steek sal laat nie. In klimmende volgorde bou bid, soek en klop op tot 'n klimaks van gebed. Van ver tot naby God . . . weg en weer tuis.

Ons kan oneindig veel van God verwag en Hy sal ons sy gawe van die Heilige Gees skenk (Lk 11:13), sowel as die dinge wat ons volgens sy wil nodig het. 'n Gesonde verhouding met God bied inderdaad 'n gebalanseerde houding teenoor die lewe en jou naaste. Spesifiek vir die Jode bedoel, skerp Matteus Jesus se woorde in deur daarop te wys dat dit ook die gees en gesindheid van die Ou Testament was. Dit ontbreek logies by Lk 6:31 wat nie tot Jode gerig was nie.

UITSIG

- U werk en leef ook saam met mense met wie u nie altyd kan klaarkom nie. Dit word nie opgelos deur soetsappig-sentimenteel en oordrewe met 'n oor-die-voet-valhouding met mekaar te kommunikeer nie. U moet u naaste net respekteer en opreg in woord en daad wees. (Vgl. 1 Kor 10:12 en 13:4-7).
- Merk u ook dat u heel dikwels ru tas na 'n tere oog om 'n splinter te verwyder, maar dat u deur selfverblindings dit net dieper indryf? (Lees Gl 6:1).

FINALE KOERSAANPASSING OP DIE WIL VAN DIE VADER**OORSIG**

Verse 13 -14	Verse 15-23	Verse 24-28
Twee paaie.	Twee bome.	Twee fundamente.

INSIG

Die bergrede het nie slegs 'n drieledige inleiding nie, maar ook 'n drieledige slot. Met twee paaie, twee bome en twee fundamente word geïllustreer dat slegs hulle wat aan die woorde van Jesus gehoor gee en dit werklik doen in die koninkryk van God sal ingaan.

Verse 13 en 14 gee die opdrag. Die Joodse lesers was gewoond dat die Verbondsgod reeds in die Ou Testament telkens op hierdie kontrasterende wyse vir hulle die regte weg aandui (vgl. Dt 30:15). Die nou poort en pad wys op die lewenstyl en finale beoordeling oor die kwaliteit van lewe aan die einde met die oordeelsdag. Dit is slegs die wat in ootmoed, met offer en diens hulself voor God verloën, wat deur die nou poort sal gaan. Daar is min wat alle laste van selfverheffing en eersug kan afgooi om net op die Here se genade te kan vertrou. Wie op Jesus se pad loop, kan soms letterlik die route aanvoel, want as gevolg van konflik met omgewing staan jy baie keer alleen.

Die meeste loop die breë pad van eiewillige wetswerke. Ongebonde trap hulle wyd met 'n eie styl wat nie rekening hou met Jesus se waarskuwing nie. Daar is min wat hulle tot God bekeer en met 'n lig in die oë die pad van die lewe loop.

Verse 15-23 handel oor die wat voorgee om tog vroom te leef en dat hulle die regte pad bewandel. Die valse profete (vgl. Dt 13:1-3), maak dit moeilik vir ander om die smal pad te vind. Hul tree oënskynlik op soos dissipels maar in werklikheid is hulle wolwe wat die kudde nie opbou nie. Hul optrede is altyd gemik op eersug en roem vir hulleself. Met die beeld van die twee bome en hul vrugte word die maatstaf neergelê om hierdie mense se egtheid te toets. Die valse profete se werk gaan uiteindelik tot niet omdat dit nie die uitwerking gehad het wat hul voorgegee het om te hê nie. In God se gerig sal eenmaal duidelik word wat waar en wat vals was. Bome in die woestynsand van eiegeregtigheid geplant, verander in silhoeëtte van stille verlatenheid.

In verse 21-23 word benadruk met watter skerpste God agter die rookskerms van vroomheid inkyk. Met die oordeelsdag sal ywerige lidmaatskap, hoeveel ure arbeid ook al, geen waarborg wees vir toegang in die koninkryk van God nie. Dit gaan nie daaroor *dat* gelowiges baie doen nie, maar *hoe* en *wat* hulle doen.

Verse 24-28 beklemtoon opnuut die *doen* van Jesus se woorde. Met die beeld van twee huise met verskillende fundamente wys Jesus dat slegs diegene wat die bergrede hoor, en dit ook naleef, in stormtye, swaarkry en beproewing staande sal bly. Kennis van die Woord moet lewende praktyk vir die gelowige word anders beteken dit alles niks.

Met hierdie finale waarskuwing sluit die bergrede. Elkeen van Jesus se vyf lang preke in Matteus se beskrywing sluit met die woorde: "Toe Jesus klaar gepraat het" (vgl. 11:1; 13:53; 19:1; 26:1). Hoewel nie een hierdie preek van hoofstuk 5-7 ten volle kan uitleef nie, weet ons dat die Heilige Gees ons die krag en bystand daartoe bied.

UITSIG

- Hoe lyk die mandjie vrugte wat u lewe vandag opgelewer het? Is dit tot opbou van u groep, u gemeente, en tot verdere opbou van u geloof? (vgl. 1 Ts 3:7- 10).
- Bid tot God dat Hy self daardie vermoë in u sal skep om u geloof in Christus vars te hou, u kennis van die waarheid altyd te vermeerder. en dat u woorde waarlik grond sal vat as voorbeeldige dade.

DAG 16

MATTEUS 8:1-22

DIE REDDING VAN DRIE RANDFIGURE BUITE DIE GODSDIENSTIGE LEWE VAN DIE JODE

OORSIG

Verse 1-4	Verse 5-13	Verse 14-17	Verse 18-22
'n Melaatse.	Heidense offisier.	Petrus se skoonmoeder.	Navolging

INSIG

Die deurlopende gedagte van die bergrede was dat woorde dade moet word. Dit word nou met Jesus se woorde geïllustreer in hoofstukke 8 en 9. Jesus se onderwysing word nou weer afgewissel met 'n verhalende gedeelte. Matteus struktureer hierdie twee hoofstukke op so 'n wyse dat drie groepe van telkens drie wonders (laaste groep as vier), afgewissel word met gedeeltes oor navolging en roeping aan die einde van elke groep.

Matteus bied hier in verse 1-22 die eerste versameling van Jesus se wonderdade om daarmee aan te toon hoedat Jesus aan drie mense wat altyd ver moes staan, genade skenk. Net soos 'n groot groep mense getuie was van sy woorde, word baie ook nou getuies van sy dade. Die melaatse man van verse 1-4 weet in sy hart hoewel 'n mens uit die gemeenskap geban en deur ander verag (vgl. Lev 13, 14) word, hy tog behou kan word en dat daar in Jesus vir hom herstel kan wees. Uit sy woorde is dit duidelik dat hy nie 'n afdwingende houding inneem asof Jesus verplig is om hom te genees nie. Hy bely die absolute almag en selfstandige wil van God. Jesus raak hom aan en reinig hom. Geen ander Rabbi sal en mag homself so verontreinig nie.

Jesus bevry hom van sy kwaal maar verplig hom terselfdertyd tot 'n swyggebod. Jesus wil nie bekend wees as 'n sensasionele wonderdoener nie. Daarom hou Hy goedkoop handeklap op 'n afstand. Hy wil nie dat sy lerende bediening verhinder word deur te veel aandrag op wonders nie. Verder wil Hy eers hê dat sy eie dissipels uit sy woorde en dade met aflei Wie Hy werklik is. Om opnuut te bevestig dat Jesus nie gekom het om al die ou voorskrifte omver te gooi nie (vgl. 5:17), stuur hy die man na die priesters toe.

In verse 5-13 is die tweede hooffiguur 'n heidense offisier. Met nederigheid erken hy dat hy geen reg of aanspraak kan maak daarop dat Jesus in sy huis moet inkom nie. Maar hy openbaar net soos die melaatse 'n onmeetlike geloof dat Jesus sy slaaf sal genees. Hy is die eerste van vele heidene uit al die windrigtings van die aarde, wat as buitestaanders die bekendes in die godsdienstringe sal voorgaan in die koninkryk van God. Baie van die eintlike Israel sal nooit die feessaal betree nie, maar uitgewerp word in onbeskryflike smart omdat hulle verhard hul rug op Jesus gaan draai. Hierdie man kry in praktyk die bevestiging

dat geloof nooit te veel van God kan verwag nie.

Vir die derde keer vereenselwig Jesus Hom met uitgestotenes en Hy vat Petrus se skoonmoeder aan die hand. 'n Rabbi mag dit nooit doen nie! Hy genees haar volkome sodat sy dadelik met haar dagtaak kon voortgaan en Hom bedien (Markus en Lukas praat van "hulle". Vgl. Lk 4:38-41). Later na die sabbat met sonsondergang, het baie hul siekes na Hom gebring en die Kind in die krip openbaar Hom al meer as die Redder van die wêreld. Hy voel dat die lyde en oorsaak van alle siektes, naamlik die sonde swaar op sy skouers rus. Met Hom naby breek 'n klein eilandjie van die nuwe koninkryk deur en bogenoemde drie mense by name, kon die vervulling van Jes 53:4 smaak.

Die drietal wonders word afgesluit met Jesus se woorde oor navolging. Wie Jesus navolg sal ervaar dat hierdie pad nie 'n gelykpad is, en ook nie knussige verblyf bied nie. Dis 'n eensame pad wat kruisdra vereis (vgl. Heb 11:13). Diegene wat enigsins op hierdie pad weifel of die weg van die minste weerstaan wil betree, sal met uitstel en omkyk nooit die koninkryk ingaan nie.

UITSIG

- Watter les bied hierdie offisier aan vandag se groot genesingsveldtogte wat met elke byeenkoms aanspraak maak op wondergenesings?
- Sien ons onself ook so ver benede die maat of is ons gou tevrede met ons geloofstandaard? (Lees Ps 15).

DAG 17

MATTEUS 8:23-34

JESUS SE MAGSOPENBARING OOR DIE NATUUR EN DIE DUIWEL

OORSIG

Verse 23-27	Verse 28-34
Storm tot bedaring gebring.	Genesing van duivelbesetenes.

INSIG

Hier volg nou die tweede groep van drie wonderdade met die roepingsopdrag daarna. (8:23-27; 8:28-34; 9:1-8; en die roepingsopdrag in 9:9-13). In hierdie dagstuk word net die eerste twee wonderdade van die tweede groep behandel omdat dit hoofstuk agt afsluit. Hou in gedagte dat Matteus se skema oorloop in hoofstuk nege.

In verse 23-27 word die eerste van die volgende drie wonderdade beskryf waarin Jesus 'n geweldige storm met woorde tot bedaring bring. Volgens Mk 4:36 was daar ook ander skuite saam met hulle in die storm. Matteus gee egter net aandag aan die dissipels by Jesus in die skuit en hulle ongegronde vrees. Jesus bestraf hulle skandelike kleingeloof. Diegene wat Jesus volg moet bereid wees om storms van watter aard ook al in die oë te kyk, wetende dat Hy die wag hou al lyk dit vir hulle of Hy slaap. Die dissipels toon egter nog geen reaksie van positiewe erkenning of belydenis van sy almag nie.

Verse 28-34 beskryf twee besetenes se bevryding van die duivel. Matteus laat heelwat

detail weg uit sy beskrywing, anders as Markus wat baie klem lê op die bese te se herkenning en erkenning van Jesus. Daarom was die gesprek met die besetene en met die bewoners van die dorp vir Markus belangrik, maar Matteus laat dit weg (vgl. Mk 5:1-20). Markus beskryf hierdie gebeure as deel van onderrig van die dissipels tot 'n uiteindelik volledige belydenis van Jesus as die Seun van God. Matteus lê net klem daarop dat hierdie Jesus wat siekes genees, storms kan stilmaak, ook die mense van die duiwel kan bevry. Dan is dit tog Hy op wie die Jode van die Ou Testament gewag het – Die Een wat sy almag ook in heidense wêreld sal openbaar.

In heidense wêreld (Jode het nie varke aangehou nie want dit was onrein diere; vgl. Lev 11:7-8), kom twee duiwelsbesetenes wat hul omgewing met hul waansin geteister het, ook vir Jesus tegemoet gestap. Opmerklik dat hulle Hom van ver af reeds as die Seun van God erken. Lank voordat sy eie dissipels Jesus as die Seun van God kon bely, het die duiwels al geweet dat hulleself nog eendag in die goddelike gerig sal kom. Gevolglik het hulle hul vrese luidrugtig geopenbaar.

Jesus se bevryding van die twee mense het rampspoedige gevolge vir die trop varke. Hulle stort met dierlike vrees met demone en al in die dieptes van die see. Die bewoners merk nie die almagsdaad en sy goddelike greep wat vrede bring vir hul omgewing nie. Hulle sien net hulle finansiële verlies. Wie hul geld, besittings en lewenswaarborgs hoër ag as Jesus, sit op die ou end vasgevang tussen demoniese magte. Maar wie met Hom lewe, vind dat geloof rustigheid en bestendigheid bring waar mense normaalweg geen vrede kan hê nie.

UITSIG

- Wat 'n vertroostende gedagte dat die Here die natuur en demone kan bedwing. Wie kan dan nog bang wees vir wat mense aan ons kan doen? (Lees Ps 27).
- Besef u dat teenoor u lewe as wins in die koninkryk van God, die skade wat u daardeur aan materiële verlies mag lei, onbeduidend is? (Lees Mk 8:34-37).

DAG 18

MATTEUS 9:1-13

JESUS SE MAGSOPENBARING OOR DIE GREEP VAN DIE SONDES

OORSIG

Verse 1-8	Verse 9-13
Jesus se volmag oor die sonde.	Jesus het volmag om te roep.

INSIG

Hierdie eerste deel van Mt 9 pas nog in by die tweede groep wonderdade naamlik. 8:23-27; 28-34. Nou volg nog een wonder en dan die gebruikelike roepings-gedeelte aan die einde van die reeks van drie wonderdade. In die tweede reeks wonderdade openbaar Jesus sy mag al sterker in opbouende krag oor daardie magte wat die mens bedreig. Van sy mag oor siekte (Dag 16), mag oor die natuur en die demone (Dag 17), openbaar Jesus nou in hierdie gedeelte sy mag oor die sterkste greep wat die duiwel op die mens het, naamlik, die greep van die sonde.

Vers 1-8 beskryf hoedat Jesus in Kapernaum 'n verlamde man vrysprek van sondes. Vergelyk hier Mk 2:1-12 vir volledige agtergrondbeskrywing. Die skrifgeleerdes voel gegrief

hieroor want dit is tog slegs God wat sondes kan vergewe. In hulle oë tree Hy aanmatigend op en gee voor dat die eindtyd, wanneer hierdie dinge sal gebeur, nou al aangebreek het. In hulle blindheid besef hulle nie dat Hy werklik mag het, en bevoeg is om sondes te vergewe nie. Hulle wil geen erkenning aan Hom verleen nie, en besef daarom nie dat Jes 9:5 op Hom van toepassing is nie. Hulle besef ook nie dat werklikheid van die sonde baie benouender is as 'n siekte wat 'n mens in 'n greep kan vasvat nie. Die skrifgeleerdes bewys self dat 'n gesonde liggaam met 'n innerlike verrotte gees wat jou van God vervreem op die ou end tog niks beteken nie. Jesus openbaar sy volmag oor die sonde en die mense kan nie anders nie as om Hom met eerbied en vrees te bejeën (Vgl. 17:6).

Aan die einde van die tweede groep wonderdade sluit Matteus dit weer af met 'n gesprek oor roeping en hoe Jesus nagevolg moet word. Na sy gesprek met die skrifgeleerdes volg nou 'n gesprek met die Fariseërs. Die skrywer van hierdie boek vleg sy eie roeping hier in om aan te toon hoedat Jesus hom daar van sy doeanekantoortjie weggeroep het om voortaan nie meer kasboek en grootboek met sy pen vol te skryf nie, maar om die eerste hoofstukke van die Groot Boek te kom neerpen. Dit is waar Matteus sy skryftalent eintlik moet kom gebruik! Een magswoord van Jesus is genoeg om sy roepingsbesef wakker te maak.

Tafelgemeenskap was vir die Jode al iets van die maaltyd wat eendag saam met die Here sal geskied. Gevolglik moet almal wat saam met hulle aansit rein en vroom wees. Jesus soek egter ook die op wat volgens die Fariseërs en die volk siek is, om hulle van hul sondes te genees, en van hul vervreemding terug te bring tussen ander. Met 'n aanhaling uit Hos 6:6 wys Jesus hulle daarop dat die liefdesbeginsel baie belangriker is as allerlei reëls en voorskrifte wat die wet presies wil onderhou.

UITSIG

- Het u ook al soos die skrifgeleerdes moes ervaar dat verborge gedagtes wat ons oor God koester nie by Hom verborge is nie? Nie ons eie gedagtes nie maar heilige gedagtes oor God bring vrede.
- Is u ook oop vir God se genade waardeur 'n lam verlede weer 'n vrolike en kragtige toekoms kan word? Onderzoek uself of God dit nie aan u wil doen nie terwyl u dit op 'n heel ander vlak verwag.
- Het u al uitgevind watter gawe God u gegee het wat u nie vir uself moet aanwend nie maar tot eer van God?

DAG 19

MATTEUS 9:14-26

JESUS SE MAGSOPENBARING OOR DIE DOOD BRING DIE NUWE KONINKRYK FINAAL IN DIE LIG

OORSIG

Verse 14-17	Verse 18-26
Deurbraak van die nuwe.	Bring mag oor die dood.

INSIG

In die eerste drietal wonderdade van hoofstuk 8 het Jesus Hom vereenselwig met die verstoteling. Op hierdie wyse openbaar Hy Hom aan die Jode as die *meelydende Here*. In die tweede drietal word sy mag oor die duiwel en die sondes sigbaar. Hier openbaar Hy Hom as *selflydende Here* (vgl. vers 17 en 34). Die derde drietal wonderdade bring ons by die nuwe tyd waarin die mag oor die dood en die resultaat daarvan 'n werklikheid word. Jesus het mag oor die dood (verse 18-26), en dit laat die môrelik deurbreek (verse 27-31). Die resultaat daarvan is dat stom tonge van vreugde begin praat (verse 32-38).

Verse 14-17 spreek van die nuwe tyd wat kom. In hoofstuk 9 het Jesus nou al met die skrifgeleerdes gepraat, toe met die Fariseërs en nou met Johannes die Doper se dissipels. Hulle vra op die vasdag (vgl. Mk 2:18), wat die werklike sin van vas is as Jesus se dissipels dan nie meer vas nie? Hy antwoord hulle dat die nuwe tyd nuwe vorme en gesindhede bring. Wie in Hom glo kan nie meer aan die vorm waaraan die Jode nog altyd gewoond was verkleef bly nie. Om nou te vas pas nie meer in daardie ou raamwerk naamlik as boetedoening oor onreg gedaan, en berou oor sondes nie. Jesus sien die vaspraktyk ook nou binne die raamwerk van die nuwe koninkryk.

In die nuwe koninkryk het hulle die Bruidegom by hulle, gevolglik kan hulle nie meer die oue met die nuwe meng, of die nuwe halfhartig aanvaar maar eenkant nog aan die ou leefwyse vashou nie. Dis soos 'n nuwe lap op 'n ou kleed en nuwe wyn in ou velsakke. Wie nog met 'n bekrompe gemoed en lang gesig rondloop (die oue), het nog nie die volle genade van Jesus begryp nie (die nuwe). Nee, die verhouding tot die Bruidegom is nou die belangrikste en nie meer die ou tradisionele manier van doen nie. Sy boodskap skenk 'n nuwe kleed van reg wees, welgekleed voor God. Hy skink die gistende wyn van 'n nuwe lewe. Eers na sy dood, tussen hemelvaart en die wederkoms, sal hulle weer bedroef wees en met verlange uitsien na sy terugkoms.

Verse 18-26 bevestig die deurbraak van die nuwe lewe deur die donker doodsval met sy mag te temper. Hy wys dat Hy die mens se grootste vyand naamlik die dood, dood kan maak! Jairo het met onwrikbare geloof bly hoop op die lewe vir sy dogtertjie. Ongeag die feit dat alles al vir die begrafnis gereël is, stuur Jesus dié weg wat nog voor die mag van die dood wil buig, en Hy neem die wat in Hom glo saam binnetoe waar die dogtertjie lê. Opmerklik dat Jesus se woorde aan die dogtertjie by Matteus ontbreek (vgl. Mk 5:21-24), sodat die geloof, die redding en genesing, by Matteus sentraal staan.

Hy wek 'n dogtertjie van twaalf wie se lewe nog voorlê weer op, en 'n volwassene wat na twaalf jaar se moedeloosheid Hom gelowig aanraak, kry ook nog geleentheid om die nuwe te belewe. Geloof in Hom het hulle doodloop-lewe in 'n nuwe lig gebring.

UITSIG

- Kan u as kind van u tyd hierdie boodskap ook nuut toepas in nuwe situasies? Dit verg van ons om ons hand ook onvoorwaardelik te kan uitsteek na diegene aan wie ons voor bekering nooit sou vat nie. Kan u?
- Ondersoek uself of u nie ook al tou wou opgooi omdat mense of omstandighede na jare nooit wou verander nie. Onthou dan hierdie pa se onwrikbare geloof, en hierdie vrou tjie se nimmereindigende hoop.

DIE KONINKRYK VAN GOD BRING NUWE LIG EN NUWE KLANK**OORSIG**

Verse 27-31	Verse 32-34	Verse 35-38
Twee blindes sien.	Een stomme praat.	'n Groot oes wag.

INSIG

Die derde drietal wonderdade met die gebruiklike woorde oor roeping en navolging as sluitstuk, sluit hoofstuk nege af. Jesus se magsopenbaring oor die dood (Dag 19), gaan nuwe kleur en klank in Jesus se koninkryk indra. Opmerklik dat hierdie gedeelte nie 'n parallelle gedeelte in Markus het nie. Matteus skryf dit spesifiek as boodskap vir die Jode wat hul Messias uit die geslag van Dawid verwag. Die lesers van Markus, naamlik heidene, het Dawid nie as voorvader gehad nie.

Verse 27-31 vertel hoe twee blindes tastend en skuifelend van voet Jesus op die stofpad gevolg het. Baie het in sy nabyheid om hulp geroep. Hierdie twee se hulproepe was egter gelaai met 'n geloofsbelydenis. Hulle noem Hom Seun van Dawid. Hiermee toon hulle dat hulle meer in Hom sien as ander wat werklik oë het. Hulle geloof in Hom laat hulle Hom herken as die Messias. Jesus reageer op hierdie geloof wat dieper en verder kyk as gewone oë, en die nuwe môrelik breek vir die twee blindes deur. Jesus kom met dieselfde swyggebod van vroeër (vgl. Mt 8:4, Dag 16). Maar wie sal nou swyg as die lig oor jou donker skuifegang van gister gebreek het?

In verse 32-34 hoor ons ook die nuwe klanke van die nuwe koninkryk. Stomheid is in daardie tyd direk in verband met die duiwel gebring. Dit is egter kortsigtig om alle siektes aan demoniese kragte toe te skryf (vgl. Jh 9:3). Daar is geen gesprek moontlik met die man nie, gevolglik lê Matteus die klem op die reaksie van die menigte. Waar die duiwel uitgedryf word, begin stom tonge praat en dit verbaas die omstanders. Tussen die lyne lê daar 'n waarskuwing dat die koninkryk met sy vernuwing nie met applous nagejaag moet word nie. Die verwondering van vers 33 alleen sê niks. Die menigte moet nog eers self waarlik sien en van hom as Messias praat! Aan die ander kant het diegene wat sy werk in bondgenootskap met die duiwel sien, ook niks aan die evangelie nie (vers 34).

Vers 35-38 sluit nou Jesus se tweede lang preek (hoofstukke 8 en 9), af met die feit dat daar as gevolg van die wagtende menigtes, 'n groot behoefte aan medewerkers in die koninkryk is. Jesus het die saad met sy woorde (hoofstukke 5 tot 7), en sy daad (hoofstukke 8 tot 9) gesaai. Die menigtes staan soos 'n oes ryp in die aar om geoes te word. Hulle wat die oeswerk vir Jesus gaan doen, kan nie maar net in 'n skool opgelei en afgerond word nie. Hulle moet belangriker nog, vurig tot God bid dat Hy hulle sal toerus om met woord en daad die koninkryk van God verder af te pen. Hoofstuk 10 handel dan oor hul uitsending en toerusting.

UITSIG

- Jesus het die blindes nie dadelik gehelp nie. Het Hy u ook al so getoets of u werklik hulp soek? Sou die bewys van u volgehoue vertroue dan nie lê in 'n belydenis van

Wie Hy werklik vir u is nie?

- Wat word van diegene wat doelbewus en verhard die werk van God se Gees as duiwelswerk afskryf? (Lees Mt 12:32).
- Is dit wat ander in u lewe sien, rede tot heilige verbasing en verwondering oor God se genade oor u? Dit kan gebeur dat mense verbaas is oor ons onheiligheid en dan tot ons skande. (Lees 1 Ts 4:11. 12).

GEBEDSRIGLYNE:

- Bid dat God in u die vermoë sal skep om deur ware toewyding aan Hom. u geloof 'n heerlike en lewende werklikheid te laat word.
- Bid om 'n fyngevoelige gees, en 'n nuwe wêreld van nuwe moontlikhede gaan voor u oop. Dank God dan dat u ook soos die twee blindes die onsienlike kan sien.

DAG 21

MATTEUS 10:1-4

VAN DISSIPELS TOT APOSTELS

OORSIG

Verse 1-4
Die fondament van die kerk word uit 'n ryke verskeidenheid saamgestel.

INSIG

Jesus se woorde en daade besiel gewone burgers om as geroepe medewerkers dieselfde wonderwerke voort te sit. Hy roep twaalf manne vir hierdie taak en rus hulle toe om daarna in sy Naam op te tree. Terwyl hulle nog in die waarheid onderrig word, word hulle dissipels genoem. As apostels, dit wil sê gevolmagtigde, klaar opgeleide burgers in die nuwe koninkryk, moet hulle ook ander met dieselfde gesonde leer wat hulle ontvang het, gaan leer.

'n Dissipel kon slegs apostel word indien hy ook 'n oor- en ooggetuie van Jesus se woorde en daade was (vgl. Hand 1:22). Afgesien van hierdie twaalf wat sowat drie jaar lank saam met Hom beweeg het, het Jesus ook aanvanklik twee en sewentig ander uitgestuur (Lk 10:1). Die getal twaalf dui op die volheid van die volk van God. In die ou verbond vorm die twaalf stamme die volk, terwyl die twaalf apostels weer die begin van die nuwe verbondsvolk vorm. Hulle is verteenwoordigend van die nuwe Israel. Gevolglik beeld hierdie twaalf die ryke verskeidenheid van die kerk in die toekoms uit. Soos in alle tye hierna, word daar gevolglik ook by hulle kaf onder koring gevind.

Hierdie twaalf is uit totaal verskillende vlakke van die samelewing as't ware met Jesus se eie hand uitgekies. Elkeen van hulle het hul eie tekortkominge wat vir hulle 'n struikelblok in hul diens sal wees. Maar elkeen het ook sy spesifieke gawe wat Jesus in sy kerk wil gebruik. Agter die haastige en emosionele Petrus staan sy broer Andreas op die agtergrond. Jakobus was een vir wie alles altyd net reg moes loop (vgl. Lk 9:51-56). Sy broer Johannes was die fyngevoelige mens wat anders as die ander verby visnette kon kyk, en Jesus raak sien. Filippus was die flinke brein wat altyd eers wou bereken (vgl. Jh (i:5-7). Bartolomeus word

deur Johannes spesifiek as Natanael van Kana onthou (Jh 21:2), want hy was die een wat van die binneland gekom het en wat dus niks van visvang geweet het nie. En tog maak die Here van hom 'n visser!

Die swaarmoedige Tomas het ook in die kring 'n eie plek gehad. Maar die heel kostelikste van Jesus se mannekrag was seker Matteus die vroeëre tollenaar, wat ook saam met Simon die Seloot, die vurige Joodse volksnasionalis, aan dieselfde tafel kon gaan sit nadat hulle volgelingen geword het. Soos vandag ook maar met baie Christene die geval, ken ons net Jakobus die seun van Alfeus se naam, niks meer nie. Hy maak net die twaalf voltallig. Taddeus se ander naam was ook Judas, 'n naam soos vele ander (slegte) name, en tog is hy ook geroep! Tussen hulle sluimer vroeg reeds verraad. Judas Iskariot, die een wat hul geldsake behartig, loop lankal reeds met teleurstelling in sy kop wat dui op die mag van die duiwel in eie kring.

Twaalf manne totaal verskillend van mekaar, maar hulle is medewerkers met 'n gemeenskaplike band – hul geloof in hierdie Jesus!

UITSIG

- Het u al ontdek watter gawe die Here u gegee het waarmee Hy die gemeente verder kan opbou en versterk?
- Dink ons nie ook te maklik dat ons vir niks goed is, en beslis nie vir die Kerk bekwaam genoeg is nie?
- Wat het u nodig om tog wel diensbaar te kan wees ongeag u tekortkominge? (Lees Tt 1:9).

DAG 22

MATTEUS 10:5-10 en 10:40-42

DIE DISSIPELS WORD UITGESTUUR

OORSIG

Verse 5-10	Verse 40-42
Wat hul opdrag behels.	Finale stempel daarop.

INSIG

Matteus 10:5-42 is Jesus se volgende lang preek. 'n Onderwysende gedeelte wissel nou weer die verhalende hoofstukke 8 en 9 af. Die uitsendingsrede val uiteen in 'n merkwaardige geheel van sewe dele waarin telkens twee helftes die presiese spieëlbeeld vorm van mekaar. Die struktuur van Matteus 10 is so opgebou dat die aandag van die buitenste dele van die hoofstuk al sterker toegespits word na die middel van die hoofstuk waar die kernwaarheid ingebed lê. Die eerste verse bevat dieselfde saak wat die laaste verse bevat. Die volgende beginverse raak weer dieselfde as die voorlaaste verse aan. Gevolglik kan die struktuur tregtervormig beskryf word met gelyke dele aan die linker- en regterkant van die kernverse 24 en 25.

- A Mt 10:5-10 val saam met 10:40-42 A
 B Mt 10:11-15 val saam met 10:32-49 B
 C Mt 10:16-23 val saam met 10:26-31 C
 D Mt 10:24. 25 die kern D

Vers 5-10 gee die opdrag waarheen die dissipels gestuur word. Hulle moet spesifiek na Israel gaan omdat die verlossingsboodskap via Israel tot die nasies gaan. Die verbondsvolk moet eerste die boodskap hoor (vgl. 15:24 en Rm 11:16). Met dieselfde boodskap as Johannes die Doper en Jesus moet hulle sy koninkryk gaan vestig. Dat hulle net soos Jesus wonderbaarlik sal kan genees en duiwels uitdrywe, moet net gesien word as aanvullende bekragtiging van hul woorde. Wonders is op sigself nie die belangrikste nie. Die dissipels mag nooit daarmee sensasioneel skares trek en finansiële munt daaruit probeer slaan nie. Die gawes wat hulle ontvang het, is uit genade gegee tot vestiging van sy kerk en nie tot persoonlike voordeel nie. Hulle hoef geen ekstra voorsorg vir die pad te tref nie, aangesien hulle as medewerkers in die koninkryk geregtig is op onderhoud wat hulle van hul hoorders sal ontvang (vgl. 1 Kor 9:14).

Verse 40-42 raak aan die einde van die hoofstuk dieselfde saak aan. Wie hulle ontvang, ontvang Jesus en die Vader wat agter Hom staan. Wie die apostels ook as profete van God erken en gasvry huisves, steun die saak van die Here. Hulle sal op grond van hierdie geringe daade ryklik beloon word.

UITSIG

- Kan u hieruit aflei dat 'n geroepe profeet van God hom nooit uit hierdie opdrag finansiële sal kan verryk nie, en dat hy ook nooit die gewildste sal wees nie?
- Is ons as lidmate nie geneig om te veel ander goed saam met ons te neem op die pad terwyl ons onself maar net moet bewapen met sy Woord en Gees nie? Die een stop mos die kerk 'n rewolusieswaard in die hand op die samelewing reg te slaan. 'n Ander verwag weer van die kerk om op allerlei gebiede kundig te wees en antwoorde te hê.

DAG 23

MATTEUS 10:11-15 en 10:32:39

HULLE GAAN TUIS BY DIE WAT DIE EVANGELIE WAARDIG IS

OORSIG

Verse 11-15	Verse 32-39
Vrede vir die wat dissipels ontvang	Vrede vir hulle ook hierna.

INSIG

Om by die kern van die hoofstuk uit te kom, gee Matteus nou twee verdere spieëlbeeld-gedeeltes aan die voor- en agterkant van die hoofstuk. Hier in verse 11 -15 handel dit oor waar die dissipels moet tuisgaan. Hulle mag nie by die eerste die beste huis ingaan nie, maar hulle moet eers kyk of die mense ontvanklik is vir die Woord (vgl. Mt 7:6). Die Joodse groet is meer as net 'n beleefdheidsgroet. Daarmee word inderdaad seën en vrede toegebied aan diegene wat positief op die dissipels se koms en hul woorde reageer. Daardie huis sal

die kragtige uitwerking van die Woord ervaar (vgl. Jes 55:11).

Wie die evangelie minag, jaag daarmee die vrede en die volle uitwerking van die evangelie uit hul huis uit. Die apostels het die reg om dan die stof van hul sandale af te skud en alle verbintenisse met daardie huis te verbreek (vgl. Hand 13:51). Dit is duidelik dat hul omwandeling nie soetsappige vrede-vrede kuiertjies inhou nie. Dit gaan om die heilige erns van die goddelike boodskap wat oorgedra moet word. Vir diegene wat afwysend teenoor die Woord gestaan het, sal die gevolge met die oordeelsdag ondraaglik wees. Dit sal vir Sodom en Gomorra, die voorbeelde van sonde en ongeregtigheid, draagliker wees op daardie dag.

Verse 32-39 illustreer verder dat dié wat hier vrede as gevolg van hul gesindheid teenoor die Woord en die dissipels ervaar het, dit ook eendag hierna sal ondervind. Christus sal hulle eendag tegemoet kom by die Vader en vir hulle voorspraak doen (vgl. vraag 31 HK). Jesus stel dit duidelik dat minagting van die Woord nie net by vreemdes sal voorkom nie, maar ook in huisgesinne en families. Hy wat sy familie liever het as vir Jesus en derhalwe nie sy kruis dra en Jesus volg nie behoort nie aan die Here nie. Wie in hierdie tydelike lewe ter wille van Jesus offers in hul lewe bring, sal eendag die volheid van vreugde en vrede ontvang.

UITSIG

- In hoe 'n mate het Jesus Christus 'n stem in al u besluite? Kan ander aan u sien dat u hele lewe 'n belydenis is van u geloof en vertroue in Hom?
- Christenskap vereis van ons dat ons by wyse van spreke, die konfyt wat ons so graag wil eet, van die brood moet afskraap. Jesus het nie mense omgekoop om brood te eet deur konfyt aan hulle voor te hou nie. Om Hom met oorgawe te volg, beteken dat ons baie sal ontbeer. Is ons bereid om ongewild te wees ter wille van Jesus by die skool, werk en vriendekring? (Lees Jh 12:25, 26).

DAG 24

MATTEUS 10:16-23 en 10:26-31

GOD SE BESKERMING IN HUL TYE VAN VERVOLGING

OORSIG

Verse 16-23	Verse 26-31
Swaar vervolginge voor die deur	Maar ook God se verborge bystand

INSIG

Met volle oorgawe en toewyding op pad gaan die dissipels hulleself weerloos in 'n vyandige wêreld bevind. Dit vra volharding en absolute getrouheid aan hul Sender. Die ergste is dat hulle nie net van die heidene vyandskap sal ervaar nie, maar ook van hul eie mense. Die Joodse leiers sal hulle vervolg omdat die nuwe leer die Ou-Testamentiese tradisie bedreig (vgl. Esg 22:27). Kritiek vanuit die Woord teen 'n samelewing wat eiewillig weg van die God van die verbond af lewe, sal nie so vriendelik ontvang word nie. Vermaninge oor die volk se ongehoorsaamheid, hul ongeloof en materialisme, sal hul aggressief maak en die apostels voor die hof daag.

As straf sal hulle selfs liggaamlik gefolter word (vgl. Hand 22:19). Die Woord sal vyandskap wek al is hulle hoe versigtig. Die Woord wat onvervals oorgedra word, laat die apostel nie

toe om die sonde te versuiker, en die straf op onbekeerlikheid te versag nie. Die waarheid sal daartoe lei dat hulle die evangelie selfs in gevangnisse sal verkondig (vgl. Hand 23:11).

Bo en behalwe teenstand van hul volksgenote moet hulle ook vyandigheid in eie huise en families verwag. Haat teen Jesus is sterker as bande van bloed. Teenstand is egter geen rede om die geloofspad te verlaat en die kruis van navolging eenkant toe te gooi nie. Hulle moet hulle telkens weer na nuwe gebiede wend. Die Gees sal hulle ook in die krisistye die regte woorde in die mond lê om hulleself te verdedig. Hulle mag hulleself egter nie in gevaar bly stel, terwyl hulle op 'n ander plek met groter vrug en tot eer van God kan gaan werk nie. Hul sending-opdrag is 'n onmenslike groot taak en hulle sal nie daarmee klaarkry voordat Jesus Christus weer kom nie.

Verse 26-31 bemoedig hulle om nie te vrees nie. God se stille bystand sal sorg dat sy heerlikheid wat nou nog verborge is wel eendag aan die lig sal kom. Hulle moet net volhard om die boodskap luid en kragtig uit te dra. Wie so hul opdrag uitvoer en onwrikbaar vas op God vertoue, sal tot in die geringste deur God beskerm word. Dit is nou wel so dat mense sy diensknegte kan doodmaak. Die komende heerlikheid sal wel toon dat dit nie skade was nie.

UITSIG

- Kan u begryp dat as daar een of ander ongeluk gebeur, droefheid ons oorval, teleurstelling my deel word, dat God nie daaragter sit nie. maar midde daarin teenwoordig is om ons te dra?
- Hoef 'n predikant ook geen voorbereiding te doen en dan maar net glo dat die Gees aan hom die regte woorde sal gee. of is dit nie hier van toepassing nie? (Lees Tt 1:9).

DAG 25

MATTEUS 10:24-25

DISSIPELSKAP KERNAGTIG SAAMGEVAT

OORSIG

Verse 24-25
Navolging word deur 'n gesindheid van leerling tot leermeester bepaal

INSIG

Die inhoud van hoofstuk 10 trek in hierdie twee verse saam. Die doel van hierdie preek oor hul toekoms, is om vir die dissipels te sê dat hulle hul gereed moet maak vir dieselfde behandeling van die wêreld. Wat Hom oorgekom het, sal ook hulle deel wees. Hul opdrag, beproewinge en onwrikbare volharding vereis 'n sekere verhouding met Jesus Christus. Hy vorm saam met hulle die huis van God (vgl. Ef 2:19), en daarom sal hulle in alles deel wat sy deel was.

Dissipelskap is drieledig van aard. Hulle is die leerlinge en Hy die Leermeester. In ons daaglikse lewe kan 'n leerling soms sy meester oortref. Leerlinge van Christus sal egter altyd met eerbied na Hom moet opsien. Hy het onbeperkte gesag en wysheid. Derhalwe kan hulle die wêreld met die skynbaar weerlose Woord ingaan. Hul leerlingskap dui nie op 'n moontlike en uiteindelijke wyser wees as Hy nie. Dit druk 'n verhouding uit van eerbied

teenoor hul meerdere.

Hulle is ook slawe van Hom die Eienaar. Dit beteken dat die mense dieselfde vir hulle sal beplan as vir Hom. Waar Hy as Beëlsebul (woordspeling as hoof oor huis van bese geeste), uitgeskel word, sal die mense dieselfde met sy dissipels doen. Hy is egter die ware Hoof van die huis van God! In die derde plek sal hulle, as huisgenote van Jesus, dieselfde haat en skeldwoorde van die wêreld ervaar.

Die dissipels gaan die toekoms in met die wete dat lyding en versmading ter wille van Jesus se naam, normaal deel van 'n ware gelowige se lewe is.

UITSIG

- Miskien het u ook al op 'n keer te midde van die gewaande ruïnes van u lewe gevoel dat u knak onder die lewenslas, en uself bejammer oor al die onreg wat u ly. Leer hierdie hoofstuk dan nie dat ons juis hierdie dinge te wagte moet wees nie.'
- Wees positief wanneer die lewe u met teleurstelling laag op die aarde neerbuig. Jesus het geopenbaar dat gelowiges nie vir ewig 'n lewe van neerlaag sal ly nie. Selfs in die donker sal die Here u ondersteun en na die ligkant dra. Kan u al daarvan getuig'.' (Lees Ps 42:12).

DAG 26

MATTEUS 11:1-15

DIE LYDENSWEG VAN DIE BEGIN AF VIR NAVOLGERS 'N LEWENDE WERKLIKHEID

OORSIG

Verse 1-6	Verse 7-15
Wie Jesus werklik is.	Wie Johannes die Doper werklik is.

INSIG

Hierdie gedeelte illustreer wat hoofstuk 10 so pas verkondig het. Die een wat dit die minste verwag het, moet dit aan eie lyf ervaar dat sy Messias 'n lydenspad baan. Johannes die Doper het die Messias as harde Regter verwag en sy koms as 'n tyd van oordeel. Hy preek van 'n byl wat reglê oor die oopgekrapte wortels; die dorsvloer waar die koring van die kaf geskei word; vuur wat oor die goddeloses sal brand (vgl. Mt 3:9-12). Die harde werklikheid teken egter 'n droewige verhaal. Die magtige Regter se boodskapper sit in die tronk (vgl. Mk 6:19 -24)! Dit lei tot twyfel by Johannes of Jesus dan werklik die Messias is.

Jesus antwoord op sy navraag en verwys eenvoudig na dit wat die mense hoor (hoofstukke 5-7), en dit wat hulle van Hom gesien het (hoofstukke 8-9). Hierdie getuienisse sal diegene wat ernstig is oor God se ryk herinner aan Jes 29:18 -19. Is al hierdie getuienisse nie genoeg om te bewys Wie Hy werklik is nie? Hy waarsku teen twyfel omdat dit kan ontwikkel in ongeloof en verwerping van Jesus.

Verse 7-15 bevat Jesus se vrae oor Johannes die Doper ten einde sy ware rol in die Godsopenbaring te bepaal. Johannes is beslis nie 'n heen en weer waaierende riet op die Jordaan se walle nie. Hy is geen weerhaan na die wind of een met weeldelus nie. Hy is

meer as alle ander van die ou bedeling, meer as 'n gewone profeet, want hy het die koms van die Messias aangekondig. Daarby kon hyself die Messias uitwys. En tog staan hy ook onder die geringstes van Jesus se koninkryk. Hy behoort met sy styl en verwagtinge nog by die ou bedeling. Johannes sluit die ou bedeling af, want die nuwe koninkryk word uit genade en nie met geweld ontvang soos hy gedink het nie.

Matteus teken Johannes nie as die eindprofeet wat as die "Versoener" in Mal 4:5-6 geteken word nie, maar Jesus plaas hom in 'n ondergeskikte posisie. Hy is net die stem en wegbereider van Jes 40:3-6.

UITSIG

- Hoe maklik kan ons in ons denke 'n Jesus-beeld opbou en Jesus se daade dan aan daardie beeld toets. So kan ons hom altyd miskyk en ruimte skep sodat twyfel later by ons agterdeur insluip.
- Toets uself aan die Skrif en kyk of die regverdigheid en liefde waarvan ons elke dag praat werklik volgens die styl en patroon van Jesus se liefde was.
- Indien u in die alledaagse dinge nie genoeg kan raaksien van sy goddelike nabyheid en liefdevolle versorging nie, wat meer sal u werklik in Hom laat glo? 'n Kind van die Here wie se oë oopgegaan het, sal nie eers nog wil sien of voel nie, maar sal net Jesus se grootheid wil bely (vgl. Jh 20:25 en 28).

DAG 27

MATTEUS 11:16-30

DIE ONWILLIGHEID VAN DIE VOLK OM DIE EVANGELIE TE AANVAAR.

OORSIG

Verse 16-19	Verse 20-24	Verse 25-30
Die onwilligheid van kinders.	Lei tot ernstige gevolge.	Maar ontvang tog weer genade.

INSIG

Tyd neem sy loop en die volk begin wys wat hul reaksie op die verkondigde Woord en Jesus se wonderwerke is. Hulle wat die Woord gehoor het, het 'n groot verantwoordelikheid om met die inspanning en volharding van hoofstuk 10 dit ook as 'n werklikheid te beleef. Jesus se tydgenote wat uiteindelik na soveel eeue die deurbraak van God se koninkryk beleef, wil die waarheid en egtheid daarvan nie glo nie (vgl. 12:39, 41).

Verse 16-19 toon dat die volk niks anders doen as om negatief al die wonderlike gebeure te kritiseer nie. Johannes die Doper is vir hulle te ernstig. Hy kan nie 'n treurlied oor hul sondes uit hul dwing nie. Jesus word weer te lig bevind omdat Hy met die onfatsoenlikes deurmekaar raak. Soos vermakerige en stuurse kinders wil hulle nie begrafnis speel nie en ook nie bruilof hou nie. En tog, ongeag hul verhardheid word God se wysheid deur die werke van Johannes en Jesus bevestig.

In verse 20-24 word die ernstige gevolge van die volk se onwilligheid om tot bekering te

kom, sigbaar. Jesus verwyd drie stede wat nie slegs Moses en die profete van die Ou Testament se wysheid gehad het nie, maar nou ook Jesus self by hulle, dat hulle ongeroer en onbetrokke by die Woord verby leef. Juis daar waar Jesus saam met hulle geleef het, en hulle die meeste van Hom kon sien en ervaar was hulle die blindste. Die mees goddelose heidense stede sou hierdie geleentheid anders aangeryp het, naamlik tot bekering!

Met heilige erns word gelowiges met hierdie verdoemende gevolge opgeroep om nie onaangeroer onder die uitgesproke Woord deur te beweeg nie. God se swaard lê swaar op die gewete en sny diep in ons sondige siel. Ons oë moet oop wees vir sy lig en leiding wat God ons bied in die goddelike wysheid en redding van Jesus se woorde. Slegs wanneer ons fyngvoelig raak vir Jesus se wondergenade in ons eie gebroke bestaan, sal ons oë oopgaan vir al die bewyse van sy goddelikheid.

Verse 25-30 bevestig weer die feit dat die "geleerdes" blind is vir die waarheid. Die mense begryp nie dat die Vader in Hom na hulle gekom het nie! Dit is net die nederiges en sagmoediges van hoofstukke 5-7 wat sy wondergenade opmerk. 'n Verdere misterie wat hier ontbloot word, is dat God dit Self so beskik. Hy verberg (Jes 29:14), en Hy maak bekend (16:17). Maar die Here wil elkeen sy verantwoordelikheid laat besef om op die roepstem te antwoord. Diegene wat dit eenmaal gehoor het, het geen rede tot verontskuldiging nie. Daarom weer die roepstem tot almal wat deur die Fariseërs se opdragte tot wetsvervulling uitgeput en oorlaai, nie meer verder lig sien nie.

Elkeen wat Hom met nederige toewyding volg, sal vind dat hy sy alledaagse probleme met groter krag en met meer moed kan dra. Jesus se genadige redding, en hul kennis van die waarheid lei tot diens aan God en nuwe hoop op die toekoms. Geloof in Christus maak ons nie skielik mense sonder vrees nie, maar maak ons mense wat vrees kan oorwin!

UITSIG

- Soms voel u dat u lewe breekpunt bereik het en u kan nie meer verder nie. Beheer dan u gedagtes en gaan beskou u voorregte wat u het om van Jesus Christus se almag te weet. Kyk mooi hoedat katkisasiekennis en die wonderkrag van die Woord, die stilte tydens 'n kort gebed weer gerusstelling kan bring.
- Bid dat die Vader al meer u woorde met 'n oorgegewe lewe sal laat uitmond in blye dade van krag. Slegs so bewys u aan ander dat u nie onbetrokke eenkant op die pawiljoen bly sit nie.

DAG 28

MATTEUS 12:1-14

DIE LIEFDESGEBOD VORM DIE SKEIDSLYN TUSSEN DIE "GELEERDES" EN DIE "EENVOUDIGES"

OORSIG

Verse 1-8	Verse 9-14
Die swaar juk van die Fariseërs.	Daarteenoor die ligte juk van Jesus

INSIG

Jesus het so pas gesê dat die Here van hemel en aarde die dinge van die koninkryk vir die "slim en geleerde" mense verberg, maar dit aan die "eenvoudiges" bekend gemaak het. Nou volg die eerste voorbeeld van die "geleerdes" se mistasting. Dit is terselfdertyd ook 'n voorbeeld waarmee Jesus sy sagte juk op die skouers van die volk illustreer.

Verse 1-8 vertel hoedat Jesus se dissipels op die sabbat op pad deur 'n koringlandjie vir hulle koringare uitgevryf en die korrels geëet het. Die Fariseërs het dit gesien en gryp dit as 'n geleentheid aan om Jesus in die noute te druk. Dit was vir die Fariseërs 'n ernstige saak dat net sekere dinge op die sabbat mag en ander nie. Om are uit te vryf, is om te oes, en dit beteken die dissipels werk op die sabbat!

Wanneer hulle na die oortreding navraag doen by Jesus, antwoord Hy hulle met twee voorbeelde uit die Ou Testament wat hulle tog so goed ken. Koning Dawid het in diens van God hom sekere voorregte toegeëien. Toe hy en sy manne by geleentheid honger was, het hulle van die offerbrood geëet wat in die tempel was. Die priester Agimelek het Dawid vry van die gewyde brode gegee sonder om hom dit te weier (1 Sam 21:2-7). Hulle moes gehelp word. Daarom geld die liefdesgebod bo die seremoniële wette. As Dawid dit ten opsigte van die tempel kon doen, mag die Seun van Dawid tog ook seker met sy dissipels vry teenoor die sabbat optree!

Net so is die Ou-Testamentiese priesters se slag van die offerdiere op die sabbat nie teen hulle gehou nie. Daarom kan die pluk van are ook nie teen die dissipels gehou word nie. Hul Meester is tog meer as die offers. In Hom woon die volheid van God liggaamlik (Kol 2:9). Nee, die Fariseërs se begrip van die sabbat berus op 'n mistasting. Jesus se optrede, sy liefdesdade is ver bo die sabbat, die tempel en offers verhewe. Hulle wil van die sabbatsheiliging 'n offerande maak asof hulle daarmee 'n sekere prestasie voor God lewer. Maar met Hos 6:6 wys Jesus hulle dat Hy by hulle liefde soek wat aan hongeriges voedsel bied, eerder as offers wat met liefdelose harte gegee word.

In verse 9-14 wys Jesus wat Hy met sy sagte juk bedoel. Die verhaal van die man met die gebrekkige hand in die sinagoge wil nie die klem op die wonder laat val nie, maar dit is 'n praktiese verklaring en toepassing van Jesus se bedoeling met sy gesprek oor die sabbat. In die oë van die Fariseërs is die man maar net 'n pion in hul skaakspel met Jesus. Hulle sien dit so dat slegs die wat in lewensgevaar verkeer op die sabbat gehelp mag word. Hierdie man met net 'n gebrekkige hand kwalifiseer dus nie. Jesus bewys dat die liefdesgebod bo hul wette uitgaan. Waar die liefde voorop staan, sal die vanselfsprekend nie verkeerd wees om 'n gebrekkige te genees nie. Die Fariseërs se mistasting van die sabbat is in wese as gevolg van hul weiering om sy gesag te erken.

UITSIG

- Waar wys 'n Christen hom die duidelikste uit: om eenvoudig alles te doen volgens vaste reëls, gewoontes en tradisies, of om konsekwent die liefdesgebod toe te pas in elke lewensituasie? (Lees Mt 22:34-40).
- Wanneer liefde vir die Here en jou vaste vertroue in Hom jou denke beheers, sal u geestelik sensitief raak vir sy leiding en doen wat Hy van u vra. Dan gaan dit nie net daaroor om die orde te dien en net volgens die samelewing se manier van doen te handel nie, maar dit gaan daaroor om meer en meer gestalte te gee aan Jesus se manier van doen.

WAT DIE MENS VAN JESUS MAAK IN SY HART WORD SIGBAAR IN SY DADE, EN DIT BEPAAL OOK SY TOEKOMS.

OORSIG

Verse 15-21	Verse 22-32	Verse 33-37
Nie Wonderdoener maar Dienskneg.	Nie deur Beëlsebul maar deur eie gesag.	Die bewys lê in die resultaat.

INSIG

Nadat Jesus baie siekes genees het, belet Hy hulle om oor Hom in die openbaar te praat (vgl. Mt 8:4, Dag 16. oor die swyggebod). Matteus teken Jesus nie as Wonderdoener nie, maar as die Een wat Jesaja al in hoofstuk 42:1-4 beskryf het. Daarvolgens sal die Messias die gestalte van 'n Dienaar aanneem. Met sagmoedigheid maak Hy die wil van die Vader bekend. Deur sy sterwe sal Hy die hoop op die ewige lewe ook na die nasies deurdra.

Verse 22-32 vertel hoedat die genesing van 'n blind en stom geborene die menigte mense aangegryp het. Hierdie gebeure het hulle onwillekeurig aan die Seun van Dawid laat dink wat die een of ander tyd sou kom. Hier gee die menigte al iets deur van dit wat hulle in Hom sien en van Hom verwag. Nou gaan dit egter meer oor daardie groep onder sy hoorders wat sy gesag nie wil erken nie, naamlik die Fariseërs. Hulle weet dat so 'n wondergenesing slegs deur die werking van die Heilige Gees kan geskied, en dit verwag hulle nie van Hom wat die afgelopen maande al die aandag op Hom vestig nie. Derhalwe verwerp hulle Hom deur Hom te belaster met die stelling dat Hy die duiwels uitdryf met behulp van Beëlsebul.

Jesus wys die geleerdes op hul onlogiese denke dat die satan tog nie sy eie trawante sal teengaan nie. Hulle eie dissipels het tog ook aanspraak gemaak op duiweluitdrywing, en hulle het dit nie met behulp van Beëlsebul, die owerste van die huis van boses, gedoen nie. Hulle wil net die waarheid dat Jesus dit doen deur sy eie gesag, nie aanvaar nie. Dit is 'n verdere illustrasie van die openbaring dat die koninkryk van die "geleerdes" verborge is. As Seun van die mens (die lydende Messias), is Hy nog op hierdie stadium steeds vir die volk se verstand verborge en sal hulle Hom nog deurentyd misverstaan (vgl. Lk 24:34). Derhalwe sal hul teenspraak teen Hom vergewe word. Maar wanneer die duidelike resultate van God se krag as duiwelswerk beskou word, is dit 'n onvergeeflike oortreding (vgl. Num 15:30-31). Wie teen Christus kies, stel sy hele toekoms bloot aan vernietiging.

Verse 33-37 toon dat die bewys van die egtheid en gesindheid van die mens se hart, in die resultate van sy woorde en daade lê. Indien die Fariseërs sou erken dat die uitdrywing van die duiwel 'n goeie werk was, moet hulle erken dat 'n vrug van 'n goeie boom en beslis nie die werk van die duiwel nie. Daarmee sou hulle erken dat Hy en sy werke goed is. 'n Boom word tog aan sy vrugte geken. Maar niemand kan 'n billike beoordeling van hulle verwag nie. Die mens sal eendag oor elke woord uitgespreek, ernstig of ligsinnig, rekenskap moet gee.

UITSIG

- Kan u al in die gewone alledaagse dinge sien waardeur genoeg bewyse van sy goddelike krag en nabyheid gelewer word. of soek u steeds na die een of ander groot

gebeurtenis om u te oortuig van sy gesag en krag in u lewe?

- Volgens die gedeelte sal ons dade wys wat daar diep in ons hart woel. Word ander in hul geloof aangemoedig deur u lewenstyl of is daar niks in u wat hul aanspoor om ook te glo in Jesus Christus nie? Bid dan elke dag dat die paaie van u hart wat later woorde word, met 'n oorgegewe lewe sal uitmond in dade van geloof. (Lees Hand 11:21-23).

DAG 30

MATTEUS 12:38-50

DIE VERWERPING VAN DIE "GELEERDES" SE ONWILLIGE HARTSGESINDHEID TEENoor VREUGDE VIR DIE WAT IN HOM GLO

OORSIG

Verse 38-45	Verse 46-50
Die wat 'n teken vra, word weggestoot.	Die wat glo, word nadergetrek.

INSIG

Nadat Hy soveel tekens van sy almag gedoen het, vra die skrifgeleerdes en Fariseërs nog 'n wonderteken van Hom. Dit is 'n duidelike uitlokking om met Hom te bots. Paulus verwys ook later na hierdie styl van die Jode om die beslissing tot geloof te omseil (vgl. 1 Kor 1:22). Jesus gee nie gehoor aan hul versoek nie. Hy herinner hierdie ontroue geslag net aan Jona se teken. Jona 1:17 het daarop gedui dat Jesus drie dae en nagte in die doderyk sou deurbring. Al was die Messias toe nog nie daar nie, het die Nineviete hierdie prediking van Jona geglo en tot bekering gekom. Jesus se tydgenote wil, met tekens en al, nie glo in die Een wat groter as Jona is nie.

Die Nineviete se bekering en die koningin van Skeba se ontvanklikheid vir God se wysheid in Salomo, sal nog dien as getuieis teen God se volk. Met 'n kort gelykenis vermaan Jesus sy slegte tydgenote dat hulle as gevolg van ongeloof verwerp gaan word. Hy het die bese geses, naamlik die duiwel (vgl. 8:6). uit hulle (die besete mens van die gelykenis), uitgedrywe. Dink net aan al sy kragtige dade voor hul oë. Omdat daar geen bekering by hulle is nie, sal hul geestelike toestand baie erger word as voor die tyd dat hulle van Hom geweet het. Met Jesus Christus in hul hart sou die leë huis gevul wees met die goeie.

Met 'n leë huis, maar ook sonder Hom, is die huis oop vir elke slegte inbrekergees om die huis met meer kwaad en gif te vul. Dit het ook inderdaad met sy volk gebeur. Israel is met die ballingskap gesuiwer, maar hulle het die Gees van God nie werklik in hul volkslewe laat intrek om hulle te rig en te bestuur nie. Die geleerdes van sy volk val steeds in dieselfde strik terwyl eenvoudiges die waarheid ken.

Verse 46-50 verduidelik dan wie uiteindelik diegene sal wees aan wie die dinge van die koninkryk bekend sal wees. Die voorreg kom nie die volk toe bloot omdat hulle Abraham se nageslag is nie. Met die kring nouer getrek: Dit gaan nie om bloedverwantskap selfs vir Jesus se familie nie. Alleenlik hulle wat sy woorde aanvaar, sy tekens sien en glo, en dan die wil van die Vader doen, hulle is sy familie. Hy is hulle Broer en familie (vgl. Heb 2:11).

UITSIG

- Waak daarteen om te wag op 'n teken van God wanneer u nie weet watter rigting u moet kies as beroep of wie u lewensmaat gaan wees nie. U kan hierdie metodes kies sodat u nie hoef te glo in God se voorsienigheid en leiding nie! (Lees Mt 28:20 en HK Son 10).
- Is u seker dat Jesus Christus u lewenshuis bewoon? Dan moet u alle ander dinge daar uithou en elke dag leef uit die vars lug waarmee sy Gees u lewe deurwaai. U lewe sal leeg bly as u uself nie ontvanklik stel en so lewe dat die Heilige Gees elke dag u denke en gevoelens beheer nie (vgl. Ef 3:17 en Kol 3:16).

GEBEDSRIGLYNE:

- Bid dat God self u oorgawe aan Christus sal bewerk sodat u voortaan elke dag bewus sal wees van Hom as u lewende Metgesel.

DAG 31

MATTEUS 13:1-23

'N NUWE LEERMETODE VAN JESUS OM DIE VERBORGENHEDE VAN DIE KONINKRYK AAN DIE MENIGTE BEKEND TE MAAK

OORSIG

Verse 1-9 met verse 18-23	Verse 10-16
Gelykenis van die saaiër met verklaring.	Doel van die gelykenisse.

INSIG

Die eerste twaalf hoofstukke van Matteus is nie 'n dag en datum chronologiese beskrywing van Jesus se omwandeling nie. Hierdie twaalf hoofstukke gee 'n voëlvlug oor om en by drie jaar se gebeure. In die loop van maande het baie van die skares die rug op Hom begin keer, maar 'n kleiner groep het tog getrou op die stofpaaie in sy spoor gebly. Nou het dit tyd geword dat die menigte tot 'n finale keuse oor Hom gelei moet word. Jesus wil die vroeëre verborge geheime oor die koninkryk wat in die Ou Testament nog net vae lyne was, in verstaanbare taal verklaar. So sal hulle in sy genadeskool leer wie Hy werklik is, wat sy werk en die heerlike vrug daarvan vir hulle sal wees.

Hoofstuk 13 is Jesus se derde lang preek. Matteus vat hier sewe gelykenisse saam waarmee Jesus die menigte verder die waarhede van sy koninkryk leer. Die eerste gedeelte (vv. 1-36), is koninkryksgelykenisse tot die menigte gerig. Die tweede groep (vv. 36b-53), word tot die adres van die dissipels gerig. Dit is duidelik dat Jesus se prediking geen blywende en veranderende invloed op sy tydgenote uitoefen nie (vgl. 3:8 en 12:33). Sy eerste gelykenis spreek hierdie verskynsel van vrugbaarheid teenoor onvrugbaarheid in die geloof aan. Hy gee meteen dan ook die rede daartoe aan. Dit is ook duidelik dat Hy hierdie weerstand van baie te wagte was.

Dit is en bly altyd 'n wonder dat waar die saad van Jesus se woorde in menseharte val, sommiges dit summier of met tyd verwerp, terwyl ander dit aanvaar en dit by hulle vrugte van dieselfde aard as die Woord lewer. Verse 1-9 en 18-23 illustreer in die eerste plek dat

daar mense is wat die Woord hoor, maar as gevolg van die Bose se invloed en weerstand in die mens laat dit geen merk nie (13:3, 4,19). Die evangelie kan maar gepreek word, hulle leef (en sterwe), sonder God! Ander hoor die Woord, maar bevrees vir konflik, die nou poort en smal weë wat dit meebring, gee hulle gou moed op en laat vaar die hoop en vertroue op Jesus (13:5 -6, 20- 21).

Ander hoor die Woord maar is vasgevang in hierdie wêreld se verleidelike rykdom en aanloklikhede dat hulle nie meer daarvan kan loskom nie. Uiteindelik is daar geen teken meer dat die vars lug van Jesus se woorde oor hul muwwe bestaan gekom het nie. Hul lewe bly uitsigloos soos dit was (13:7, 22). As dit van die mens se ontvanklikheid vir die Woord sou afhang sou daar geen kerk wees nie. Maar danksy God se genade word die Woord met groot geduld gesaai. Tussen al die ander is daar ook die by wie die Woord ontkiem en groei. Daar is diegene wat dit glo en tot bekering kom. Hulle lewer die volle vrug wat die kerk 'n tuin in God se koninkryk maak (13:8, 9, 23).

Verse 10 -16 verklaar die doel van die gelykenisse, en die eienaardige nadraai daarvan by mense dat nie almal dit verstaan nie. Die gelykenisse lê die waarheid bloot vir die wat in Jesus glo, maar verberg dit vir die wat Hom verwerp. Die gelykenisse lei die gelowiges tot meer kennis (hul ontvang ook die verklaring), maar die ongelowiges ontvang net die gelykenis. Volgens Mk 4:12 en Lk 8:10 mag dit lyk asof die gelykenisse bedoel is om die oë en ore van die menigte toe te maak, asof God hulle onregverdig hiermee wil benadeel en hul kanse tot redding verswak. Dit is egter nie die geval nie. Die gelykenisse bring net Jes 6:9-10 in vervulling en toon dat hul onkunde die gevolg van die eie toedruk van hul ore en toemaak van hul oë is. **Hulle** wat heilbegeerig soek na God sal ondervind dat hul kennis en ervaring van sy nabyheid sterker word. Die kennis wat sommige van die begin af oor Hom gehad het, sal deur hulle blindheid vir sy genade egter ook nog van hulle weggevat word.

UITSIG

- Kan ons Jesus Christus kwalik neem dat sy krag en genade nie in ons lewe sigbaar word as onself vroeg reeds weggedraai het en ons eie pad wou loop? Om steeds dieper in die genade-goed van God ingelei te word, moet ons te alle tye gehoorsaam wees om die Here bo ons begeertes en die glans van hierdie wêreld te plaas. (Lees Joh 6:66).
- Watter troos het u dat waar hierdie verhardheid ook soms uit ons lewe blyk, God sy kind nie sal laat vaar nie? (Lees Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 par 6).

DAG 32

MATTEUS 13:24-43

DIE STRYD VAN DIE KERK OM IN DIE WÊRELD TE OORLEEF MET DIE VASTE SEKERHEID VAN OORWINNING GEWAARBORG

OORSIG

Verse 24-30 met verse 36-43	Verse 31-35
Onkruid tussen die koring met verklaring.	Mosterdsaad en sy krag.

INSIG

Met 'n verdere aanskoulike les oor die koninkryk van God stel Jesus nou die goeie saad teenoor die onkruid. Hiermee word dit as feit gestel dat daar gelowiges sowel as ongelowiges in die koninkryk sal wees. In die bedeling voor die Wederkoms van Jesus Christus sal die kerk op aarde onsuiver wees want dit is deel van 'n onsuiver wêreld. Net soos daar op die saailand onkruid tussen die koring opskiet, so saai die duiwel sy gifsaad waar Jesus klaar met sy Woord oor mense se lewensakker geloop het (25, 28, 39a).

'n Mens kan goed begryp dat baie opregte Christene net soos die slawe van die boer in die gelykenis, met mening die koninkryk in hierdie wêreld van die bese sal wil suiwer. Maar as gevolg van menslike onkunde kan verkeerde mense ongenadiglik as onkruid uitgeruk word. Jesus woon hier tussen sondaars en Hy wil sy kerk midde in hierdie besoedelde wêreld stig. Ter wille van sy kerk het Hy onmeetlike geduld met die wêreld en Hy is nie bang vir die bese nie. Al vermeerder die Jode wat hul teen Hom verset saam met sy dissipels, kan hulle nie summier verwyder word nie, want dit sal ook die uiteindelijke kerk vernietig. Die oes vind eers met die voleinding van die wêreld plaas (39b). Dan sal God self oordeel en die wat onkruid is verbrand (30, 41). Dit is slegs die tug en skerpheid van die Woord wat die kerk sal behou.

Met die vorige verse is die gelowiges en die ongelowiges in die koninkryk teenoor mekaar gestel. In verse 31-33 word met die gelykenis van die mosterdsaad die begin en die einde van die koninkryk teenoor mekaar gestel. Jesus se hoorders sou kon twyfel of dit ooit vir die kerk moontlik sal wees om in hierdie vernielde en boos gestempelde wêreld te kan bestaan! Met die gelykenis teken Hy dit duidelik vir hulle dat die kerk ondanks alle teenstand tog sal groei. Wie hul oë gerig hou op die goddelike saad van die Woord, sal sien dat die kerk ondanks storms van vervolging en droogtes van geestelike dors tog uiteindelik 'n blarekroon hemelwaarts sal stoot.

Soos suurdeeg binne werk, word die saad van die koninkryk ongemerk van verbondsgeslag tot verbondsgeslag deurgegee, totdat die hele wêreld aan die einde deursuur sal wees met die saligmakende Woord van God.

UITSIG

- Raak u ook soms ongeduldig met God se geduld wanneer onreg en die kwaad verwoesting in menselewens saai? Hier leer ons dat God met genade boer. Wie besef dat hyself ook maar as gevolg van hierdie wondersaad en geduld van God gered is, sal versigtiger wees met veroordeling van ander en dit vir God laat. (Lees 1 Tim 1:15).
- Kan u soos 'n ware kind van God aanvaar dat die kerk te midde van ongelowiges, onfatsoenlikes en andersdenkendes moet groei. God sal volgens sy eie regverdige reëling bepaal wie syne is en wie nie.
- Wat maak u met die saad in u lewe gesaai? Al is die uitbotsel daarvan nog spatseltjie klein, gebruik dit om te groei na die gestalte van Jesus Christus. So sal ons eendag met 'n skat van blye herinneringe voor God staan.

DIE VERBORGE SKATTE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD**OORSIG**

Verse 44-50	Verse 51-52
Die rykdom geïllustreer deur die skat, pêrel en die visnet.	Elke dissipel ontdek dit.

INSIG

Met drie gelykenisse spreek Jesus Hom uit oor die rykdom van die koninkryk. Die eerste twee oor die skat en die pêrel vorm 'n paar met duidelik teenoorgesteldes; 'n arm boer teenoor 'n welgestelde pêrelhandelaar. Die een vind sy skat onverwags en die handelaar vind sy pêrel terwyl hy daarna soek. Met hierdie twee gelykenisse word die koninkryk vergelyk met die skat in 'n saailand en 'n pêrel van onvergelykbare waarde. Die man het waarskynlik reeds verskeie kere oor die saailand beweeg maar nooit besef dat iemand voor sy tyd 'n skat daar begrawe het nie (13:44). Hulle het in daardie dae nie kluse gehad waar hul kosbaarhede bewaar kon word nie (vgl. 25:18). Geeneen van die dissipels tot wie hierdie drie gelykenisse gerig word, het reeds besef dat Jesus, as't ware hier voor hulle voete, die geheim en sleutel tot die koninkryk van God is nie. Baie mense in die koninkryk besef nie wat hulle by hulle het nie. Hulle is blind vir die rykdom.

Die handelaar wat soek na die kosbare pêrel sou wel 'n kenner moet wees om dit raak te sien. Hy sal alles prysgee om dit te kan behou. Met hierdie alledaagse gebeure toon Jesus watter invloed hierdie koninkryk op die mens uitoefen as jy eers eenmaal besef wat jy daarin het. Wie eenmaal ontdek het dat die gekruisigde Christus waardevoller is as alle geld en wêreldsgoed, sal geensins bekommerd wees om ander rykdomme te verloor nie (vgl. 19:27). Wanneer die geloof in Christus se kruiswaarde tot jou deurdring, breek elke nuwe dag 'n verdere stukkie hemel op aarde voor jou voete oop.

Verse 47-52 toon die skifting van die kerk in die koninkryk. Saam met verse 36-43 omraam dit die twee gelykenisse in verse 44-46. In die gelykenis word met 'n visnet dwarsdeur die voortjaende stroom van menselewens van eeue getrek. Dit is mense wat elkeen die een of ander tyd op die een of ander wyse met die evangelie van Jesus te doen gekry het. Dit is alleenlik hulle wat in Hom glo wat nie die skiftende oordeel van God aan die eindes van die tyd hoeft te vrees nie. Hulle sal nie as onbruikbaar weggegooi word nie, maar hulle sal ewige vreugde ontvang (13:49). Diegene wat die evangelie ernstig neem, moet onthou dat die visnet van die evangelie groot menigtes meesleep wat uiteindelik sal toon dat hulle nooit waarlik tot bekering gekom het nie.

Met verse 51-52 word die preek oor die sewe gelykenisse afgesluit. Elkeen wat die boodskap glo, sal self ook die ou en nuwe dinge van die evangelie raaksien en begryp.

UITSIG

- Hoeveel keer het u al in u lewe oor die skat van die koninkryk geloop sonder om dit te besef? Miskien was dit die krag in die raad van 'n moeder, die bystand van 'n vriend, die vermaning in 'n preek wat die kors voor u voete wou breek. Hoe lank gaan

ons blind bly?

- Hoe lank en diep het God se visnet al oor hierdie bruisende lewensee van mense afgesak. Ons sien hoedat baie telkens as onbruikbaar deur die lewe weggegooi word. Die belangrike vraag bly egter: Waar bevind u en ek ons as ons aan die einde uitgetrek word op die lewenstrand?
- Sluimer daar ook in u binneste 'n vrees vir die eindes van die tye? (Lees 1 Ts 1:10).

DAG 34

MATTEUS 13:53-14:12

TEENOOR DIE GROEI VAN DIE MOSTERDSAAD IS DAAR OOK IN DIE KONINKRYK DIE GROEI VAN DIE KWAAD

OORSIG

Verse 53-58	Matteus 14:1-12
Jesus deur die Jode verwerp.	Die eerste martelaar van die kerk.

INSIG

Die volgende verhalende gedeelte begin hier en strek tot by 17:27. Nadat Jesus sy preek oor die gelykenisse afgesluit het, keer Hy terug na sy vaderstad Nasaret (vgl. Lk 4:16). Sy botsing met die Jode word hier voortgesit. Gevolglik word dieselfde tema van hoofstukke 11-13 verder uitgebou. Dit is opmerklik dat 13:53-58 en 12:46-47 waar dit ook oor Jesus se familie gegaan het, die hoofstuk oor die gelykenisse omring.

Uit verse 53:58 word dit duidelik dat die Jode wat verwonderd was oor sy kragtige daade, nogtans in Hom bly twyfel het (13:54). Hulle verwerp Hom met opbouende verset. In die eerste plek kom hulle met grofgeskut kritiese vrae om hul vermoedens oor Hom te motiveer (13:55, 56). Hul verset (13:57), word saamgevat in totale ongeloof (13:58). Natuurlike verwantskap met Jesus blyk eerder 'n nadeel as 'n voordeel vir Hom te wees. Aangesien die geloof in Hom in sy vaderstad ontbreek, sou daar geen wonders plaasvind nie. Wonders word alleenlik in bekragtigende funksie gebruik.

Voordat Jesus die volk gaan voed met brood wat eintlik die boodskap van hemelse brood dra, kom die giftige suurdeeg van Herodes Antipas aan die orde (14:1-12). Herodes tipeer die besoedelde kultuurlewe van daardie tyd wat God nie ken nie. Die 1953-vertaling gee miskien 'n deegliker vertaling met "viervors" omdat Herodes net heerser oor 'n kwart van sy vader se ryk was. Matteus herinner sy Joodse lesers daaraan dat Jesus en Johannes die Doper albei profete met goddelike gesag was (14:5). Herodes het Johannes gevrees en wou hom aanvanklik net in die gevangenis sit om hom stil te maak (14:3). Hy het nogal met groot belangstelling by tye na hom geluister (vgl. Mk 6:20).

Hierdie heerser wat hom skuldig maak aan die een sonde na die ander naamlik ontrouheid, owerspel, bloedsande, kon nie Johannes se kritiek verwerk nie. Owerspel is tog sonde en Johannes kon as profeet nie anders as om dit te veroordeel nie (vgl. Lev 18:16). Met 'n swaar hart het hy aan Herodias se dogter se versoek toegegee, maar die moord het hom belas met 'n brandende gewete. Die dood van die eerste martelaar in die Nuwe Testament toon watter smart gelowiges ter wille van Jesus sal moet verduur. Hierdie gedeelte dien dan ook om met profetiese vergesigte te wys op Jesus se lydensweg en gruweldood wat nog sal volg (vgl. 17:12). In opvolging van hierdie gruwelmaaltyd gaan Jesus 'n ander maaltyd berei

wat vir die gelowiges iets sal oopmaak van dit wat hulle kan verwag, indien hulle op Hom bly vertrou.

UITSIG

- Sou hierdie reaksie van die Jode van die begin af deel wees van God se raadsplan, of is dit net deel van die satan se verset? (Lees Lk 2:34).
- Hoe maklik lei die een sonde tot 'n ander. Begeerlike kyke word uiteindelik moorddadige vergrype. Het u al die sogenaamde "klein" sondetjies in u lewe van naderby bekyk?
- Is u werklik dood vir die sonde, en lewend vir die goeie selfs so ver dat u daarvoor sal ly? (Lees Rm 6:11).

DAG 35

MATTEUS 14:13-36

ONGEAG MENSLIKE ONVERMOË EN KLEIN-GELOOF WORD JESUS SE WONDERKRAG GEOPENBAAR

OORSIG

Verse 13-21	Verse 22-33	Verse 34-36
Ondanks onvermoë tog volheid.	Ondanks kleingeloof tog redding.	So word bose gebreek.

INSIG

Nadat Jesus van Herodes se optrede verneem het, het Hy weggegaan en opnuut krag gaan put uit die bron van stille gemeenskap met sy Vader. Hy het gebedsafsondering nodig om te midde van die Jode se weerstand (13:53-58), Herodes se vyandskap (14:1-10), en die dissipels se kleingeloof (14:15-16), nog sy wonderkrag te kan openbaar. Die wonder van die Messiaanse maaltyd begin nie by die mense se oorfloed en gewilligheid om Hom te volg nie. Dit gebeur as gevolg van hul armoede en die dissipels se onvermoë. Wanneer Hy sy hande seënend op die mens se gebrekkigheid lê, omskep Hy dit in 'n feesmaal.

Hierdie wonder is nie net 'n sensasionele insident wat die skare se hongersnood stil nie. Dit is 'n heilige wonder wat heenwys na die groot Wonder naamlik, die Woord wat vlees geword het, en wat hulle sal voed tot in ewigheid. Hierdie maaltyd is 'n heenwysing na Jesus Christus wat kragtens sy gesag alles sal gee wat hulle nodig het vir hul saligheid. In die verre vertes blink reeds die vreugde van die hemelse feesmaal vir die wat in Hom glo. Op die nuwe aarde sal daar geen gebrek wees nie.

Dit is belangrik om te sien dat die dissipels se taak om die brood uit te deel, beklemtoon word. Jesus gebruik sy navolgers as medewerkers in sy koninkryk. Dit is 'n verdere bewys dat dit hier nie bloot om die sensasionele gaan nie, maar dit is 'n eilandjie van die nuwe om te wys hoe dit eendag sal wees wanneer almal onder sy gesag meewerk tot die goeie. Vergelyk Joh 2:5-8 hoedat die kelners ook bydra tot die wonderwerke deur eenvoudig net hul deel te doen. Die wonder van die broodvermeerdering bevestig sy prediking van die vorige hoofstukke. Dit kan ook net by gelowiges die diepere betekenis daarvan oopmaak,

naamlik dat Hy die goeie Gewer van ware volle lewe is.

In verse 22-26 wys Jesus dat die dissipels se kleingeloof egter nog 'n groot struikelblok in die weg van die koninkryk kan wees. Hierdie gedeelte is die eerste van drie waarin Matteus telkens vir Petrus as hul mondstuk in die sentrum van gebeure plaas (vgl. 16:17-19; 17:24-27). Dit gaan hier om leiding ten opsigte van ware dissipelskap. Petrus se kleingeloof en twyfel (14:30) is tiperend van die dissipels se houding tot hede.

Hy sien hul nood raak en kom hul tegemoet terwyl die golwe hulle teister (14:24-25). Sonder Jesus verwag hulle die ergste (14:26). Petrus openbaar groot geloof en maak die onmoontlike moontlik deur na Jesus op die golwe te loop. Skrikwekkende omstandighede soos die tierende witskuimgolwe, laat die mens egter oog vir Jesus verloor en dan sink Petrus. Sy kragdaad van redding en die bedaring van die wind roep 'n belydenis uit hul bewende harte. "U is waarlik die Seun van God!" Dit het al twee keer tevore (9:32-34; 12:23-24), gebeur dat na 'n wonder die mense gunstig reageer as hulle besef dat Hy die mag van die bose kan breek (14:34-36). Hiermee saam kan daar egter ook weer verset van die Jode verwag word.

UITSIG

- Gaan kyk hoeveel mandjies vol genade daar agter u op u lewenspad staan nadat u ook maar soos baie ander met min begin het. U vreugde lê daarin om dit raak te sien en u volheid met ander te deel.
- Weet u al wat dit is wat u telkens laat twyfel aan Jesus Christus'? Roep dan tot die Here en Hy sal krag gee om ook daardie bande finaal om u los te breek.
- Besef u dat u as medewerker ook soms deur ander in die oog gehou word? Daarom durf u nie twyfel en ander se geloof daardeur verswak nie. (Lees Flp 1:14 en 4:9).

DAG 36

MATTEUS 15:1-20

DIE GEVAAR VAN OU GEBRUIKE VAN DIE VERLEDE VIR DIE NUWE KONINKRYK VAN GOD

OORSIG

Verse 1-9	Verse 10-20
Die skynheiligheid van die "geleerdes".	Die vrugteloosheid van hul godsdienst.

INSIG

Terwyl Jesus Hom in die streke van Galilea bevind, kry Hy besoek van 'n kommissie van Fariseërs en skrifgeleerdes uit Jerusalem. Soos verwag, sal die Fariseërs na die twee wonderwerke van die vorige hoofstuk fel krities 'n geleentheid soek om Jesus aan die kaak te stel. Met heilige erns het hulle die volksgebruike van die verlede hoog geag en dit op dieselfde vlak as die gebooie van God gehandhaaf. Hier val hulle Hom lastig met 'n eenvoudige saak soos handewas voor ete. Hulle vind dit steurend dat sy dissipels dit nalaat (15:1-2).

Die Fariseërs het tientalle addisionele wette daargestel met die gedagte dat die Wet van

God daarmee nie maklik oortree sal word nie. Een van hierdie gebruike was om met sekere voorskrifte hul hande te reinig voor ete. Dit was geen higiëniese maatreël nie, maar bedoel om hulle van die markpleinstof en heidene se nabyheid te reinig. Interessant hoedat Markus in 7:1-23 hierdie gebruik aan sy Romeinse lesers moet verduidelik aangesien hulle, meer grof van geaardheid, dit nie sou begryp nie. Matteus se lesers weet wel waarvan hy praat.

Jesus beantwoord hul vrae met 'n teenvraag (15:3-4). Waarom verhef hulle die ou gewoonte en tradisies asof dit beginsels uit die Skrif is, terwyl hulle die werklike geboorte van God minag⁹ Hulle reken as hulle 'n sekere deel van hul besittings aan die Here toewy, hulle nie meer hul ouers hoef te respekteer en vir hulle te sorg nie (15:4-6). Hulle is deurtrapte huigelaars op wie Jes 29:13 van toepassing is.

Met sterk berispende taal vermaan Jesus die mense wat deur die Fariseërs mislei word in verse 10-20. Dit gaan nie in God se koninkryk in die eerste plek daaroor wat jy moet eet, en hoe nie. Dit is wat die mens uit sy binneste uit sy mond laat gaan wat die mens onrein maak (15:16-19). Dit is leuenagtige en voorgee-optredes wat die mens besoedel (15:10, 11). God het sulke mense nie geplant nie (vgl. Jes 60:21), gevolglik kan hulle uitgetrek word. Sulke leiers beteken niks en hul godsdienste wat as voorbeeld die vroomheid in plaas van God dien, is vir ander van geen waarde nie. Sulke mense maak die Wet van God kragteloos en moet telkens weer daaraan herinner word.

UITSIG

- Is u ook verslaaf aan dit wat vir mense belangrik is, of vra u in alles wat God se Woord wil? Lees Kol 2:20-23 hoedat raak-nie-smaak-nie-godsdienste as skyn van wysheid geen werklike waarde inhou nie.
- Wat leer Paulus ons oor ons verhouding met ons ouers? (Lees 1 Tim 5:4, 8). Sal u dit kan doen as u nou al van hulle 'n lewenstandaard vir uself verwag wat hulle nie kan bekostig nie?
- Wees versigtig om in u lewe nie selfgemaakte godsdienste te bewandel nie. Hierdie opdraande pad het later nie meer vir God in die oog nie. 'n Mens wonder dan altyd wat die mense sal sê as u uit die spoor van die aanvaarbare trap. So 'n pad lei noodwendig tot ontevredenheid en onvergenoegdheid met uself, want u sal nooit alles kan nakom wat mense van u verwag nie. God vra net dat u sy wil sal doen. Daar is niks wat meer vreugde bied nie. (Lees Flp 2:12-13).

DAG 37

MATTEUS 15:21-39

DIE ONBEGRYPLIKE GELOOF VAN 'N HEIDEN IN KRUMMELTJIE - GENADE, WORD DIE BEGIN VAN VELE SE VREUGDE UIT GOD SE VOLHEID

OORSIG

Verse 21-28	Verse 29-31	Verse 32-39
Die evangelie via die Jode na die heidene.	Jesus se optrede in die heidenland.	Van krummeltjie-genade tot vol brode-vreugde.

INSIG

Dit het pas gegaan oor reinheid en onreinheid by die Jode. Dit was in die Joodse wêreld ook gebruik om hul verskil met heidene ook met rein en onrein terme uit te druk. Tirus en Sidon dui onmiddellik op plekke waarmee die Jode hul glad nie geassosieer het nie (vgl. 11:21-22). Wie sou kon dink dat Jesus as Joodse Rabbi daarheen sou gaan! 'n Kanaänitiese vrou wat heel waarskynlik al van Jesus moes gehoor het, se kennis het haar goed te pas gekom toe die mag van siekte oor haar huis kom kruip het. Sonder veel verdere oorweging het sy besluit dat haar dogtertjie se redding in Jesus se hande lê (15:21-22).

Sy het wel die nodige insig om Hom te noem soos Hy Hom geruime tyd reeds geopenbaar het naamlik, "Here, Seun van Dawid". Die Jode is egter blind in hul ongeloof om Hom as sodanig te erken. Jesus reageer eers negatief op haar pleitroep omdat Hy in die eerste plek gestuur is na die verlore skape van Israel (15:23; vgl. 9:36 en 10:6). Sy berus in die dissipels en Jesus se afwysing, en dat Hy haar as heiden met 'n hond gelykstel. Hierdie vrou besef dat die evangelie in die eerste plek vir die Jode bedoel is (15:26), maar sy is bereid om die minste aandag en krag van Hom te ontvang. Dit sal vir haar dogtertjie genoeg wees (15:27). Waar brood is, is daar krummels wat sal voed. Hier word dit duidelik dat die evangelie in die ryk van God via die Jode die heidene sal bereik.

Verse 29-31 is weer 'n samevattende berig oor Jesus se werksaamhede in die heidenland soos 14:34-36 sy werk in die streek van Gennesaret saamgevat het. Jes 35:5-6 gaan ook onder die heidene in vervulling!

Die spysiging van die heidene vorm die kern van hoofstuk 15. Jesus se genade kom nie net krummelgewys oor na die heidene nie, maar ook hulle ontvang die volheid van versadiging by die Here. Dink hier maar net aan die Pinkster-gebeure toe die heidense wêreld die volle krag en sterkte van die Heilige Gees ervaar het. Wanneer God in ons lewe ingryp, doen Hy dit nie druppelgewys nie, maar met strome van volheid, en vol mandjies kos wat oorbly as almal hul versadig het uit sy hand.

UITSIG

- 'n Mens kan nie onrein of onbekwaam wees om aan God se tafel te sit bloot omdat jou hande nie gewas is nie. Hoekom dink u dan dat die toestand van u hande, u min werkresultate, en u min talente u sal diskwalifiseer?
- Is ons nog aktief en wakker genoeg om die evangelie na afgedwaaldes uit te dra? (Lees 1 Tim 4:16).

DIE GEVAAR VAN MENSE MET GEBREK AAN GEESTELIKE INSIG**OORSIG**

Verse 1-4	Verse 5-12
Ongeloof verhoed geestelike insig.	Geestelike insig versterk geloof.

INSIG

Die belangrikste volksleiers wat vroeër nooit kon saamwerk nie, vorm voortaan 'n gesamentlike front teen Jesus om Hom met bitterheid en haat te bestry (16:1). Hulle het heelwat twyfelvrae wat hulle Hom wil vra, veral omdat dit blyk dat Hy heidene ook toegang wil gee tot God se volk. Al is die heidene en die dissipels oortuig dat Hy van God kom (vgl. 14:32 en 15:31), is die leiers van die volk versigtig. Hulle eis dat Hy Hom eers 'n tweede keer met 'n teken uit die hemel moet bewys (vgl. 12:38-42).

Hul ongevoeligheid en gebrek aan geestelike insig kom uit die verf wanneer Jesus hulle kennis van die natuur, met hul innerlike aanvoeling van dinge vergelyk. Hulle het goeie begrip vir die wisselinge in die natuur, maar hoe laat dit wel op God se horlosie is, merk hulle nie op nie. Dat die koninkryk van die hemele besig is om deur te breek en in Jesus teenwoordig is, sien hulle nie raak nie (16:2-3). Hulle moet net weer na Jona se teken gaan kyk (12:41). Met Jona se opdrag om die Woord aan heidene te gaan verkondig, moes Hy en die volk leer dat geloof en bekering 'n vereiste is volgens God se Woord, anders kom daar geen insig en besef waaroor dit gaan nie!

Kennis van die gevare van die leiers se invloed (verse 5-12), sal uiteindelik lei tot versterking van hul geloof (verse 13-20). Gesien in die lig van die volksleiers se houding, het Jesus weggegaan (vgl. 10:13), en sy dissipels begin leer om hulle los te maak van die gif wat die Fariseërs en Sadduseërs soos suurdeeg inknie onder die volk (16:5, 6). Die Fariseërs het ernstig daarin geglo dat die nakoming van allerlei godsdiensreëls en verpligtinge redding vir die volk sal inhou. Jesus het hierdie opvatting en hul tradisionele godsdiens bedreig. Die Sadduseërs het op hul beurt baie verlig die tradisies van die Fariseërs verwerp. Maar hulle glo weer net in die Ou Testament, verwerp die bestaan van engele of die moontlikheid van die opstanding. Hulle is bereid om met die Romeine saam te werk. Jesus bedreig hierdie sekuriteit en posisie wat hulle opgebou het.

Dit is opmerklik hoe hulle wat as dissipels tree vir tree saam met Hom beweeg het, nou nog so min begryp. Hulle begryp nie Jesus se beeldspraak oor die suurdeeg nie, en toe Hy daaroor praat, sien hulle dit as 'n verwyt omdat hulle nie brood by hulle gehad het nie. So asof hulle van die Fariseërs s'n sou gebruik! (16:7-11). Met groot geduld wys Hy hulle op die gevaar van die leiers se invloed as 'n giftige deurwerkende suurdeeg. Noudat hulle begryp, kan daar verwag word dat hulle sal moet sê wat hulle van Jesus dink.

UITSIG

- Besef ons nog dat geestelike aanvoeling nie vanself kom nie, maar dat ons voortdurend moet bid dat die Heilige Gees daardie vermoë in ons sal wek. (Lees Flp 1:9, 10).

- Het u al rondom u die alledaagse dinge met oop oë raakgesien wat reeds genoeg bewyse van sy goddelikheid lewer?
- Is die gesonde leer van die kerk werklik so belangrik? (Lees Tt 1:9).
- Dit is nie maklik om altyd God se wil te ken nie. Hoe meer u egter geestelik groei hoe duideliker sal sy wil met u lewe word (Lees Kol 1:9-10).

DAG 39

MATTEUS 16:13-28

DIE WINS EN VERANTWOORDELIKHEID VAN DIÉ WAT WEL GEESTELIKE INSIG OPENBAAR

OORSIG

Verse 13-20	Verse 21-23	Verse 24-28
God gee die insig.	Insig wat aanvaar moet word.	Insig wat roep tot verantwoordelikheid.

INSIG

Teenoor die ongevoeligheid van die volksleiers met hul ongeloof en vyandigheid, word die dissipels se ontwakende besef van die waarheid oor Jesus duideliker geopenbaar. Dit is nie genoeg dat die mense Jesus net as een van die grotes van die geskiedenis beskou nie (16:13-15). Sy intieme kring moet nou self hul kleur wys. Petrus wat as mondstuk van die groep optree, het al fyngewoelig iets van die goddelikheid onder Jesus se nederigheid opgemerk. Al noem Jesus Homself nog net Seun van die mens, word die gordyn tog hiermee op 'n kier weggetrek. Die benaming dui op 'n goddelike wese wat in die gestalte van 'n mens uiteindelik weer eer en regeermag sal ontvang (vgl. Dan 7:13). Petrus kom met die ware Christusbelydenis en verklaar Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God.

Simon, die seun van Jona, het nie uit homself tot hierdie insig gekom nie. God het dit aan hom geopenbaar (16:17; vgl. Ef 2:8). Hiermee spreek Jesus diegene wat die geloof ontvang, salig. Solank hierdie belydenis die inhoud van sy dissipels se geloof sal wees, sal Jesus die toekomstige kerk daarop bou (vgl. Jes 28:16). Niks sal hierdie kerk kan oorweldig nie. Die kerk sal ook uiteindelik 'n aandeel hê in Jesus se oorwinning oor die dood (Rm 6:9). Jesus spreek hiermee 'n vaste belofte uit oor die kerk.

Die dissipels ontvang saam met Petrus met so 'n geloofsbelydenis die sleutelmag (regeermag), om na sy opstanding in die kerk op aarde as sy gevolmagtigde ampsdraers bindende besluit te neem. Met hul prediking sal hulle die poorte van die hemel oopmaak vir dié wat glo, en dit sluit vir die wat die evangelie nie met oorgawe aanvaar nie.

Verse 21-23 bou verder op die betekenis van so 'n belydenis. Jesus vul hulle verder in op die betekenis van sy Seunskap. Dit beteken dat Hy ter wille van sy kerk Homself aan lyde sal moet blootstel. Dit is al wyse hoe God se toorn gestil sal word (16:21). Petrus kon die logika en sin van lyde deur die Seun van God nie begryp nie en probeer dit verhoed (16:22). Met hierdie optrede word die rots nou 'n struikelblok (vgl. Jes 8:14). Jesus se lyde is 'n voldonge Godgewilde weg. Vers 24 wys op die verantwoordelikheid van sy navolgers om met dieselfde gesindheid en aanvaarding die lyde op hul eie pad te verwag. Alle ander pogings om jouself te red en lewensgeluk te smaak, is tevergeefs (16:26). Kruisdra beteken

vir die mens nie versoening vir sondes of vergoeding vir iets anders nie, maar dit beteken dat jy die verantwoordelikheid het om jou menslike begeertes te kruisig ter wille van God se saak. Dit is net soos sy opstanding nie iets wat eendag moet gebeur nie. Dit is hier en nou gekoppel aan sy dood. Wie nou in Hom glo, sal Hom nog sien na sy opstanding.

UITSIG

- Kan ons sê dat Jesus na verloop van soveel eeue nog die kern van die evangelie is wat ons moet glo? (Lees Son 5 HK en 1 Tim 2:5. 6).
- Sal die kerk bewus wees daarvan wanneer Jesus Christus weer kom? (Lees 1 Ts4:13- 18).

GEBEDSRIGLYNE:

- Dank God vir die altyd vars en vernuwende geloofsvertroue wat die Heilige Gees in ons en deur ons werk.
- Dank die Vader dat ons met ons verbondenheid aan Jesus Christus nie die bose magte of onbekende toekoms hoef te vrees nie, maar dat ons leef met die rooidag van sy Wederkoms in sig. Dit maak ons harte sterk en bly!

DAG 40

MATTEUS 17:1-31

HOOFFIGURE VAN DIE OU TESTAMENT BEVESTIG JESUS SE KOMENDE DOOD EN OPSTANDING

OORSIG

Verse 1-8	Verse 9-13
Getuies uit die verlede.	Dra 'n boodskap oor Jesus se toekoms.

INSIG

Ses dae gelede het Jesus aanduiding gegee van sy komende dood en opstanding. Hier neem Hy die binnekring van sy dissipels saam met Hom op 'n hoë berg. Opmerklik dat Petrus se broer Andreas as die stil agtergrondfiguur, nooit tydens die intieme oomblikke saam is wanneer die Here diepere insig aan Petrus, Johannes en Jakobus wil openbaar nie (vgl. 26:37-38 in die tuin van Getsemane).

Op die berg verskyn die twee groot verteenwoordigers van die Ou Testament aan hulle. Moses en Elia se lydensweë het albei in volle heerlijkheid geëindig met die duidelike tekens van God se bemoeienis en beskerming (vgl. 2 Kon 2:11). Jesus se voorkoms het verander sodat die dissipels kon agterkom dat God aan hulle wou wys in watter geselskap Jesus eintlik tuis hoort. Petrus wou die wonderlike geleentheid vir die toekoms behou. Hy stel voor dat hy drie hutte op die berg bou sodat Moses (die Wetgewer), Elia (die Wetshandhawer), en Jesus (die Wetsvervuller), altyd op die berg kan bly. Petrus begryp nie die boodskap van God se aanskoulike onderwys nie. Derhalwe klink God se stem bo die onkunde van die mens uit en God bevestig Petrus se belydenis van 16:16.

Matteus is al evangelis wat hierdie verklaring van God in vers 5 naamlik, "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug, luister na Hom", in sy beskrywing opgeneem het. Hy wil die feit by die Jode beklemtoon dat Jesus die Messias is op Wie hulle gewag het. Die dissipels was bewus van die heilige oomblikke en in Wie se teenwoordigheid hulle op daardie oomblik was. Jesus moes hulle kalmeer want die gebeure was bloot as onderwysing bedoel om te bevestig dat sy pad God se wil was. Moses en Elia verdwyn weer net so onverwags soos hulle gekom het.

In verse 9-13 word dit dan duidelik dat hierdie verskyning 'n goddelike boodskap gedra het. Soos Moses en Elia se lewe as gevolg van die volk se ongeloof lydensweë was, maar onder God se sorg tog in heerlijkheid geëindig het, so wag daar ook langs hierdie weg volle verheerliking op Jesus. Kyk na die ooreenkomste tussen Jesus en Moses se ervaringe: Moses se gesig het ook gestraal (Eks 34:29-30); die volk moes Moses ook gehoorsaam (Dt 18:15-18). Elia wat verwag is, het reeds in Johannes die Doper na hulle gekom (vgl. 11:14). Net soos Johannes, as die Elia waarop die Jode gewag het, verag is, so sal Jesus ook mishandel word. Nadat Jesus hierdie gebeure aan die dissipels verduidelik het, het hulle verstaan. Hy moes met dieselfde krag en oortuiging as Moses en Elia sy lydensweg loop. Derhalwe keer Hy weer terug na die voet van die berg waar sy roeping tussen die mense wag.

UITSIG

- Merk u die troos daarin dat al sien ons nog nie vandag die heerlijkheid van die kerk nie, ons tog weet dat die kerk te midde van smaad, vervlakking en verskeurdheid, aan die einde wit, heilig en skoon sal wees. (Lees Op 7:9,13).
- Kyk in en om u en sien hoe ons Jesus vir onself wil hou in ons lewe sodat ons veiligheid gewaarborg kan bly. Maar soos Hy bergaf weer die swaarpad moes loop, moet u en ek ook bereid wees om God se wil enduit te loop sonder kortpaadjies na sukses. (Lees 1 Pt 4:13, 14).
- Wie besef dat dit volgens God se regverdige wil ook sy pad is as Christen, sal ook die genade en krag ontvang om al die eise van die lewe aan te durf en te oorwin; Glo in Hom en u sal nie net smart ervaar nie. U sal ook vertroosting ken.

DAG 41

MATTEUS 17:14-23

MENSLIKE ONMAG IS DIE BEWYS VAN GEBREK AAN GELOOF

OORSIG

Verse 14-21	Verse 22-33
Die dissipels openbaar hul kleingeloof.	Derhalwe kan hulle sy naderende einde nie begryp nie.

INSIG

Tydens Jesus se omwandeling het Hy voortdurend met mense te doen gekry wat van die een of ander kwaal genees wou word. Op die oog af kan hierdie gedeelte as net nog 'n genesingswonder beskou word. Dit moet egter onthou word dat Jesus met vaste tred besig

is om na Jerusalem te beweeg vir die voltooiing van sy eintlike opdrag – sy sterwe aan die kruis. Die gedeelte moet teen daardie agtergrond gesien word. Hierdie gebeure is bedoel om sy dissipels in die besonder toe te rus vir wat op hulle wag wanneer Hy gaan ly en sterf. Hulle sal hul belydenis (vgl. 16:16), al hoe meer moet laat uitmond in prakties bruikbare geloof.

Teen daardie agtergrond is hierdie genesing 'n verdere toets van hul geloof. Matteus laat ook nie al die klem val op die pa wat sy kind na die dissipels toe bring, se geloof nie. Hy beklemtoon juis die dissipels se onvermoë om die kind te genees. Nege van die dissipels was nie saam met Jesus berg op nie. Terwyl Jesus daar saam met die ander drie was, het die nege 'n gulde geleentheid gehad om die deurwerkende krag van hul ontvangse geloof te openbaar. Die dissipels kon ongelukkig nie die kind van sy skynbaar voortdurende aanvalle genees nie (17:16). Teen hierdie tyd moes hulle dit al kon doen. Jesus het hulle tog reeds die mag gegee (vgl. 10:8).

Jesus weet dadelik in wie se mag die kind is wanneer die pa sy nood verklaar. Met skerp woorde het Hy die duiwel uitgedryf en die kind genees (17:18). Jesus het Homself soveel keer al bewys, maar die dissipels se geloof is nog wankelig en huiwer voor die skynbaar onmoontlike. Jesus erger Hom daaraan en vind dit frustrerend dat hulle so blind en kleingelowig bly (17:17). Waar skoorsoekende Fariseërs en kleingelowige dissipels nie kan help nie, gee Hy egter ware vryheid. Waar Hy menselebens binnekom, wyk die tirannie van die satan.

Indien sy dissipels maar net geloof so groot soos 'n mosterdsaad gehad het, sou hulle die kind kon genees. Hoe skaam moes hulle nie gekry het toe Hy dit vir hulle sê nie. Dink maar aan die Kanaänitiese vrou wat net 'n bietjie van Hom geweet het, en tog het sy met die enkele krummeltjies van sy tafel, met haar grootste probleem, naamlik haar dogter se siektetoestand raad gehad (15:21 -28). As 'n heiden dit kon doen, wat moes hulle dan nie reggekry het nie!

In verse 22-23 kondig Jesus vir die tweede keer sy komende dood en opstanding aan. Vers 21 wat weens die grondteks wat gebruik is uit die 1983-vertaling weggelaat is, was 'n sinvolle afsluiting van die gebeure, en terselfdertyd 'n regstelling na die dissipels se gebrek. Hulle word vermaan tot oefening in die gebed en ware ootmoedigheid wat in vas tot uiting kom. Dit sal hul swak geloof versterk. Dit is 'n groot behoefte by hulle, want hulle begryp op hierdie laat stadium van hul opleiding nog nie sy lydensweg nie.

UITSIG

- Weet u nou waarom daar nog soveel mislukkings soos wrakke agter u in u geloofstryd lê? Dit is nie omdat God ons te min geloof gegee het nie, maar omdat ons nie gebruik maak van die waarheidskennis van sy Woord nie. Wie homself nie oefen in die gebed, en hom daagliks versterk met kennis van God se beloftes nie, sal altyd op die kantlyn bly sit. U mag nie skuil agter u swakhede nie! Op die manier verloor u u bruikbaarheid, en kan u geen sinvolle bydrae lewer tot u tyd nie. (Lees Ps 31:2-4).
- Wanneer u geestelik bankrot voel, dink dan aan die heidense vrou en maak u oë oop vir die wins van jare se katkisasie en verbondsoopvoeding. Deur die jare is u toegerus met die prediking sodat u ook in beslissende tye die onmoontlike kan doen tot sy eer. Die Here verwag lankal van u 'n sterk geloof!

DIE KERK MOET SY VRYHEID AANWEND TOT DIENS**OORSIG**

Verse 24-26
Jesus gebruik sy vryheid en kennis oor die verborge dinge vir die instandhouding van die tempeldiens.

INSIG

Nadat Jesus sy dissipels skerp vermaan het oor hul kleingeloof, gaan Hy nou verder vanaf 17:24-18:35, die kerk onderrig op hul belydende geloof in Christus as basis. In vier gedeeltes wys Matteus op vier karaktertrekke van die kerk, verse 24-26 wys op die vryheid wat die kerk van Jesus Christus op aarde het, en hoe daardie vryheid toegepas moet word. Dit dien terselfdertyd as inleiding op hoofstuk 18. Hoofstuk 18 is die vierde lang preek waarin Hy sy dissipels meer wil leer oor die aard van die koninkryk en sy kerk se rol daarin.

Heel waarskynlik was Jesus in die maand Adar wanneer die tempelbelasting gewoonlik gevorder word, uitstедig, en het Hy nie sy deel bygedra nie. Petrus het nog nooit verder oor die geldigheid daarvan dat Jesus ook moet betaal, gedink nie. Hy erken op navraag dat Jesus wel belasting betaal (17:24-25). Hy sou Jesus ook seker te geleger tyд daaraan herinner het. Met sy kennis van verborge dinge was Jesus Petrus egter voor met sy vraag en Hy lei Petrus tot nadenke oor die saak, of Jesus wel belasting moet betaal of nie. Dit is tog seker nie te moeilik om te weet dat konings van die wêreld nie hul seuns belasting laat betaal nie, terwyl die ander mense wel daartoe verplig is (17:25).

Petrus moet besef dat dit des te meer geld van die Koning van die hemel en aarde se Seun, naamlik Jesus (17:26). As Seun van God is Hy vry en verhewe bo die tempel (vgl. 12:6). Maar Hy wil nie die indruk wek dat Hy die heiligheid van die tempel minag nie. Hy stuur Petrus om as visserman 'n vis te gaan vang. Die eerste een wat hy vang, sal 'n silwermuntstuk bevat wat genoeg sal wees vir hul twee se belasting (17:26,27). Jesus het gekom om die Wet en die profete te vervul, en nie om dit af te skaf nie. Hy gebruik sy reg en vryheid op so 'n wyse dat Hy nie aanstoot gee, of sy kerk sal benadeel nie.

UITSIG

- In die kerk van die Here gaan dit nie om aansprake, regte en 'n sekere posisie voor of teenoor ander nie. Ter wille van ander se geloofsgroei moet hulle onkunde en swakhede in hierdie gebroke bedeling in aanmerking geneem word. Gebruik u u gawes en kennis van God se Woord op so 'n wyse dat u ander daarmee opbou, of kraak u ander daarmee af? (Lees 1 Kor 9:19 en 14:12).
- Is dit u ware begeerte om saam aan die eenheid van die kerk te bou? Dan sal ons omsien na mekaar se belange en vir mekaar bid. (Lees 1 Ts 3:12,13).

DIE DISSIPELS MOET AS KERK HUL KINDSKAP UITLEEF**OORSIG**

Verse 1-5	Verse 6-10
'n Kind as voorbeeld voorgedhou.	Elkeen geroep om sy kindskap uit te leef.

INSIG

Hierdie hoofstuk kan as 'n afsonderlike eenheid ook soos die verklarende Bybel dit doen, in twee dele verdeel word. Vers 1 -14 handel oor "die kleintjies", en verse 15-35 het "die broer" as kernwoord. Om die lyn van die hoofstukke sover te behou deel ons die hoof stuk in drie dele. So sal Jesus se spesifieke onderrig oor die kerk, teenoor die dissipels se fout van kleingeloof in die vorige hoofstuk duideliker uitkom.

Daar was verskeie rangordes onder die mense in die Joodse samelewing. Hulle was nougeset daarop dat die eerstes onder hulle geëer moes word. Aangesien Jesus nou 'n nuwe koninkryk daar wil stel, is dit nie vreemd dat die dissipels wil weet wie dan die belangrikste mense sal wees nie (18:1). Met herinnering aan 5:9 kon hulle maklik so 'n vraag gevra het. Hierdie vraag illustreer helaas dat hulle nog verkeerde voorstellinge het van die koninkryk. Hier gaan dit nie meer om onverkwiklike magsverhoudinge nie.

Jesus antwoord nie hul vraag direk nie, maar hul motiewe agter die vraag. Sou hulle dalk reeds bevoorregte posisies vir hulself bedink het? Met 'n sigbare gelykenis wys Hy hulle na 'n kind en verduidelik dat hulle eers moet verander (hul bekeer), en soos kindertjies word in die koninkryk van God (18:2, 3). 'n Kind is mos onbevange oop en gewillig om deur sy vader gelei en versorg te word. Sy hart is oop en ontvanklik vir die wonderkrag en bystand van 'n vader. Die dissipels moet eers dieselfde kinderlike afhanklikheid aan God, en onwrikbare vertroue in sy versorging openbaar, alvorens hulle die koninkryk kan betree (18:4). Dit gaan nie by Jesus om menslike prestasies, bloedlyn of flinke verstand nie. Die Vader-kind-verhouding moet reg wees. Jesus sien Homself in sulke gelowiges (18:5).

Die mens wat so 'n kleintjie in die geloof afhanklik van sy Here mislei, sal liever 'n skrikwekkende dood verkies as om aan die toorn van God blootgestel te word (18:6). Die smet van die sonde sal in hierdie bedeling voor die wederkoms altyd aan die lewe kleef. Die mens moet weet dat Satan soos 'n brullende leeu rondloop en kyk wie hy kan verslind (vgl. 1 Pt 5:8 en Op 12:9). Derhalwe sal daar oral strikke gespan en mense onder Satan se suigkrag ingedwing word (18:7). Wie merk dat enige ledemaat van sy liggaam, gawe of krag waaroor hy beskik, ander van God afvallig maak, is dit beter dat mens dit nie meer het nie (18:8, 9). Vers 10 bedoel nie dat elke kind 'n "beskermengel" in die hemel het nie, maar dat die kinders se belange ook deur engele se bemoeienis onder God se aandag kom. In Christus is die kerk vry, maar hulle moet hul vryheid so hanteer dat hulle altyd nederig kinders van God bly. So 'n mens streef nie na die voorste plek nie.

UITSIG

- Sou u 'n voorbeeld kan gee van 'n dienskneg van die Here wat nederig net altyd in

Jesus Christus se spoor wou loop? Paulus was so een wat talle gawes gehad het, maar hy was altyd bewus van eie ellende en tekortkominge. (Lees v/a 13 van die HK en 1 Tim 1:15.)

- Hoe moet ons ons gawes gebruik en waarteen moet ons waak? (Lees Ps 1:1 in die 1953-vertaling; Ps 19:5; Ps 122:2.)
- Onthou dat God u in teenwoordigheid van ander gebruik om die ware kenmerke van 'n kind te openbaar. Dit versterk hul en inspireer hul tot 'n lewe in Christus. Wees dan versigtig vir die aanloklikheid, maar skadelike venyn van versoeking. Satan lok mense nader, maar die droomwêreld word 'n angswekkende nagmerrie. Lei my nie in versoeking nie, maar verlos my van die bose!

DAG 44

MATTEUS 18:12-120

DIE DISSIPELS MOET AS KERK HUL BROEDERLIEFDE OPENBAAR

OORSIG

Verse 12-14	Verse 15-20
Jesus se broederliefde as voorbeeld.	Die dissipels se broederliefde in praktyk.

INSIG

Tot sover is die volgende karaktertrekke van die kerk uitgelig: Die kerk moet sy vryheid in Christus aanwend tot diens (17:24-26); die kerk moet sy kindskap in Christus uitleef (18:1-10). Vervolgens moet die kerk ook so optree dat hulpbehoewende gelowiges as kinders behou word (18:12-20). Dit is opmerklik dat vers 11 nie in die gebruikte grondteks van die 1983-vertaling voorkom nie. Gevolglik is die woorde weggelaat. In verse 12-14 word Jesus se broederliefde as voorbeeld vir sy dissipels met 'n gelykenis aangedui. Geen verwaarloosde en afgedwaalde gelowige mag as gevolg van sy sondige optrede as nutteloos laat vaar word nie (vgl. 1 Tim 2:3, 4). Dieselfde gelykenis van die verlore skaap kry by Lukas 'n ander klem as by Matteus. Lukas skryf vir heidene. Gevolglik lê hy meer klem op die blydschap oor die teruggevonde verlore heiden. Daar is dus vir hulle ook redding. Matteus lê weer op sy beurt meer klem op die soekers van die verlore. Die Jode wat altyd so selfverheffend op ander neersien, moet hul gesindheid in die koninkryk van Jesus verander en met broederliefde na mekaar omsien.

In verse 15-17 word Jesus se broederliefde in praktyk gebring. Hierdie gedeelte vorm vandag nog die grondbeginsels van kerklike tug en vermaninge. Die kerk mag nie hoogheilig 'n sondaar met sekelhoue wegsny uit die kerk nie. By die hantering van een se verkeerde weë, moet die klem val op die behoud van so 'n mens. Dit beteken dat daar met groot geduld en takt opgetree sal word. By kennisname van 'n oortreding moet daar 'n vermanende gesprek tussen vier oë volg. Indien geen ommekeer en bekering by die skuldige plaasvind nie, moet nog 'n getuie ingeroep word. Dit is 'n erkende regsbeginnsel dat twee of meer getuies se woorde sekere feite bevestig (vgl. Dt 19:15). By voortdurende volharding in die sonde moet die gemeente ingelig word, dit wil sê die ouderlinge wat namens die gemeente regeer. Indien so 'n hulpbehoewende gelowige nog volhard, moet hy mettertyd uit die gemeente geban word.

Die beginsels wat hier uitgelig word, dui daarop dat 'n ware gelowige nie mag stilsit en 'n medegelowige op sy dwaalweg laat voortgaan nie. Jy mag ook nie die maklike weg kies en hoop ander sal maar vermaan en hom terugroep nie. Verder dui dit daarop dat 'n sondaar se oortreding nie op die strate vir almal se oë en ore oopgegooi mag word nie.

Verse 18-20 wys die dissipels op hul groot verantwoordelikheid om hul gegewe gesag (vgl. 16:19), reg te hanteer. 'n Ban-uitspraak op aarde word deur God in die hemel gehandhaaf. Waar dit gaan om die verdwaalde en verloregeande mens kry gesamentlike gebed en besinning effektiewe krag. Vreugde laai ook daar op waar selfs 'n klein kringetjie om Jesus vergader, want dit gaan vir God om die behoud van sy kerk.

UITSIG

- U verwens dalk 'n onderwyser of ly onder die druk van 'n afdelingshoof by die werk. Lees dan weer Heb 3:12, 13. Besef u dat ons soos Jesus Christus broederliefde moet betoon? Reageer met gebed in plaas van oordeel.
- Maak dit u daaglikse gebed dat God u die vermoë sal gee om te besef hoe Hy oor die mense voel met wie u in aanraking kom.
- Lees v/a 55 van die HK en vra uself af wat u bydrae in die gemeente is.

DAG 45

MATTEUS 18:21-35

DIE DISSIPELS MOET AS KERK VERGEWINGSGESIND WEES

OORSIG

Verse 21-22	Verse 23-35
Beperkte vergiffenis.	Teenoor Jesus se grenslose vergiffenis.

INSIG

Die voorafgaande onderwysing oor die uitstaande karaktertrekke van die kerk word hier saamgevat. Gelowiges moet met uitsonderlike liefde en gevoeligheid teenoor mekaar optree, omdat Jesus so teenoor elk van ons opgetree het.

Petrus het besef dat mense mekaar hul oortredinge moet vergewe. Die vorige dagstuk het juis handel oor die kerk se besorgdheid oor een wat afgedwaal het. Die vraag is egter nou, tot hoe 'n mate 'n mens 'n sondaar moet vergewe indien hy teen jou persoonlik oortree het. Daar moet tog seker iewers 'n grens wees. Die rabbyne het geglo dat 'n skuldenaar tot drie maal vergewe kon word. Jesus het self op 'n keer gesê dat jy 'n ander sewe maal moet vergewe (vgl. Lk 17:4). Petrus stel die grens dan ook op sewe. Miskien het hy gedink dat hy hiermee saam met Jesus voel oor die saak (verse 1-2). Jesus illustreer dan met die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser dat dit hier nie gaan om syfergetalle, en grootte van skuld nie, maar om die fyn aanvoeling van die hart. Dit wat 'n mens uit genade ontvang, moet jy ook aan ander deurgee.

'n Skuldige in die gemeenskap het oortree en skuld die koning miljoene rande (elf keer groter as Herodes die Grote se jaarlikse inkomste). Hierdie man kon nie sy skuld betaal nie. Dit is heeltemal reg dat hy gedwing word om al sy besittings te verkoop sodat die skuld

betaal kan word (22-24). Op grond van sy voorneme om tog sy fout te herstel en die skuld met tyd af te betaal, vind hy genade by die koning en sy skuld word hom kwytgeskeld. Al sou die skuldenaar probeer het, kon hy nie daarmee 'n noemenswaardige afbetaling doen nie. In die Ou Testament het hierdie "uitstel gee" gedui op geleentheid om tot bekering te kom voordat God sy toorn voltrek (25-27).

Hoe onbegryplik groot was elkeen van ons se skuld nie voor God gewees nie. Nie een van ons kon betaal nie, nogtans was die Koning van alle konings ons genadig. In en deur die krag van sy bloed is al ons skuld vergewe. Dieselfde kan nou van ons verwag word indien ons naaste in die skuld by ons is. Maar kyk wat maak die mens wat die genade van God nie na waarde begryp en waardeer nie. Verse 28-30 illustreer die man se absolute ongevoeligheid teenoor 'n kollega wat hom maar om en by R10 skuld! Hy deel die straf uit wat hy in die eerste plek moes ontvang het, en laat die man in die tronk gooi. In die lig van wat met homself gebeur het, is sy ongevoeligheid teenoor 'n kollega onbegryplik. Na die verwagte skokreaksie van die ander kollegas en verdiende vermaning van die koning word die onbarmhartige skuldeiser gestraf (31-34).

Dit moet nou vir Petrus duidelik wees dat ons goeie gesindheid en vergiffenis van mekaar nie afhang van die grootte van skuld en die aantal kere wat ons moet vergewe nie. In die koninkryk van God gaan dit om onbegrensde liefde teenoor die onbegrensde haat waarvan in Gen 4:24 gelees word. God stel wel 'n grens, maar dit geld slegs die wat nie sy broer van harte kan vergewe nie. In wese is vergiffenis grensloos omdat God alleen met daardie beginsel die deur vir u en my kon oopmaak.

UITSIG

- Hoe maklik vertroetel ons haatdraendheid in die hart! Ons stel ons grense: miskien is dit u naam laat iemand net daaraan raak, of jou besittings, jou groep of volk dan sal hulle gou van jou hoor!
- Tree u ook so op dat ander God se vergiffenis en liefde in oorvloed deur u kan ken? Die mens wat leef uit die oorvloedige genade van God wil in dankbaarheid oorvloedige geregtigheid aan almal bewys.
- Het u ook al gesê: "Ek kan vergewe maar nie vergeet nie"? Dan hou u teer wonde aan die bloei en u laat daarmee toe dat u gees vergiftig word met bitterheid en haat. Dink dan weer aan Jesus Christus se genade en sy inwonende Gees sal u krag gee om ook gister daar te laat (Lees 1 Kor 13:5).

DAG 46

MATTEUS 19:1-15

IN DIE KONINKRYK VAN GOD MAG JY NIE SKEI VAN BANDE VAN BLOED

OORSIG

Verse 1-3	Verse 4-15
Weer 'n botsing met die Fariseërs.	Hierdeur word hul verhardheid geopenbaar.

INSIG

Hoofstukke 19-22 vorm weer 'n verhalende gedeelte. Jesus beklemtoon in hierdie gedeelte sy gesag en rig opnuut sy uitnodiging tot diegene met verharde harte. Hy neem afskeid van Galilea (heidense omgewing). Hulle het die lig ontvang en Hy kan sy werk voortsit. Hy wend Hom weer tot Judea (Joodse omgewing). Volgens die Jode se eentonige patroon kan Hy weer 'n botsing met hulle te wagte wees. Met sy vertrek kom die tema van skeiding heel toepaslik in die omstandighede ter sprake. Eers handel die hoofstuk oor skeiding van bloed (huwelik, verse 1-15), en daarop volg skeiding van goed (besittings, verse 16-30).

Die Fariseërs versoek Jesus onmiddellik wanneer Hy in hulle gebied kom met 'n strikvraag. "Mag 'n man sommer oor enige ding van sy vrou skei?" (19:3). Dit is tipies van hulle styl om Hom op die proef te stel (vgl. 16:1). Hulle weet baie goed dat sekeres onder hulle (die skool van Hillel), Moses se skeibrief in Dt 24:1-4 so interpreteer dat 'n egskeiding oor enige, selfs onbenullige rede voltrek kan word. Teenoor die groep staan die skool van Sjammai wat veel strenger oor hierdie saak voel.

In verse 4-15 neem Jesus hulle terug na die oorspronklike bedoeling van God met die huwelik, en bepaal vanuit daardie gesigspunt wat wel mag en wat nie mag nie. Die huwelik is 'n skeppingsordonnansie waarvolgens een man en een vrou saamleef in 'n verbondsverhouding voor God. Daardie heilige "ja" voor God uitgeroep, mag nooit verbreek word nie. Die feit dat Moses verklaar het dat 'n blote skeibrief (kennis gee van skeiding), genoeg rede is om te skei, is beslis nie 'n bepaling nie maar 'n noodgedwonge toelating as gevolg van hul onvermoë en verhardheid om nie by God se bepalinge te bly nie. Wie dus skei behalwe omrede owerspel, oortree die sewende gebod.

Die dissipels se skokreaksie oor die groot verantwoordelikheid wat die mens hiermee opgelê word, wys dat egskeidings heel dikwels ook in hul samelewing voorgekom het (19:10). Die normale weg is dat die meeste mense trou. Net die mense aan wie dit gegee word om nie te trou nie, kan daarsonder deur die lewe gaan. Sommige het van geboorte af 'n liggaamlike afwyking. Ander word as gevolg van hul posisie in die koninklike woonkwartiere deur mense ontman (vgl. Hd 8:27). Daar is ook 'n derde groep wat hulleself volkome vir die evangelieverbreiding beskikbaar stel en dan oor die nodige selfbeheersing beskik (vgl. 1 Kor 7:9).

Opmerklik dat klein kindertjies weer op die toneel verskyn waar mense so belangrik in hul eie oë, doen wat hulle wil en nie wat God vereis nie. Hoewel die dissipels dit irriterend vind dat kindertjies vorentoe gedruk word waar dit om belangrike en volwasse sake gaan, het Jesus op tipies rabbynse wyse hulle die hande opgelê en hulle geseën. Hier is geensins sprake van 'n praktyk wat ten opsigte van kindertjies gesanksioneer word met die oog op die toekoms nie. Dit gaan hier om 'n insidentele geval wat Jesus wil gebruik om die eiewillige Fariseërs se aandag op kindertjies te vestig. Hulle aanvaar wat God wil hê! Dit is kindertjies wat dankbaar is met dit wat hulle het en daarom word hulle geseën.

UITSIG

- Kan u al as gelowige toon dat 'n lewe met kennis van God en volkome toewyding aan Hom vir u belangrik is?
- Wat dink God van egskeiding? (Lees Mal 2:16.)
- Het u al mooi nagedink ook God se wil met elke huwelik en hoe heilig dit vir ons moet wees? (Lees Ef 5:28-32.)
- Sorg dat God heelbo aan u daglysie staan, dan sal Hy elke terrein van u lewe beïnvloed en nuut rangskik tot geluk. Selfs die toe kanale van 'n huwelik kan weer deur God se Gees oopgeblaas word as elkeen biddend soos kinders word voor die hemelse Vader.

IN DIE KONINKRYK MOET JY BEREID WEES OM TE SKEI VAN JOU GOED**OORSIG**

Verse 16-23	Verse 24-30
Die man van aansien illustreer hoe aardse goed ons van God se genadegoed beroof.	Hulle wat op aarde bereid is om alles ter wille van God te verloor, ontvang sy genadegoed.

INSIG

'n Man van aansien (vgl. Lk 18:18), het na Jesus gekom met die vraag oor die bereiking van die ewige lewe (koninkryk van God). Sonder die listigheid van die Fariseërs soek hy eerlik die ware weg tot lewensvervulling en salige sterwe (19:16). Daar is net Een wat hierdie vraag sal kan beantwoord, en dit dui natuurlik op God. Die feit dat Jesus in een asem 'n antwoord gee, wys dat Hy na soveel maande van swye iets van sy eie goddelikheid laat deurskemer (19:17). Hy antwoord self gesagvol soos 'n ware Leermeester oor dit wat goed is. Die man word eenvoudig na die tweede tafel van die tien gebooie verwys waar dit handel oor die naaste se lewe, besittings en naam (vgl. Lev 19:18).

Die feit dat hierdie man dit alles nagekom het, dui daarop dat hy tog vroom en nougeset geleef het. Dat hy dit gedoen het, was vir hom belangrik. Jesus wil egter weet "hoe" hy dit uitgeleef het. Jesus onderwerp hom aan 'n toets. As hy die ewige lewe wil ingaan (nie bedoelende 'n volmaakte mens wees nie), moet hy al sy besittings verkoop en die geld aan die armes gee. Dit sal hom al die genadegoed van die hemele laat bekom (19:21). Jesus sê nie hiermee dat slegs materieel armes die koninkryk kan ingaan nie. Dink net hoe ryk was Abraham en Job. Maar dit is sy toets omdat dit die terrein van sy lewe is wat hy nog altyd wegsteek en as sy eie domein afgebaken het. Hieroor was hy baie bedruk, want sy goed was nog altyd vir hom sy hele lewe (19:22).

Dit is vir baie die grootste struikelblok op pad na die koninkryk van God. Die kameel as grootste dier van Palestina sal nog deur die kleinste denkbare opening kan kom, maar 'n ryke wat nie van sy besittings kan skei nie, sal nooit kan ingaan nie (19:23, 24; vgl. 7:14).

Dit het die dissipels hewig ontstel, maar Jesus verseker hulle dat God wel sal sorg vir die wat Hom liefhet (19:25, 26). Die dissipels het wel alles verlaat, maar hulle het beslis nie alles verloor nie. Met die eindoordeel en oorwinning van die kerk sal hulle die volle vrag van genadegoed ontvang. Hulle sal saam met God die wêreld oordeel, maar self daarvan gespaar word (vgl. 1 Ts 1:10; Joh 3:18). By die aanbreek van die nuwe hemel en die nuwe aarde sal die wat ter wille van God alles afgestaan het, honderdvoudig meer in waarde ontvang as wat hulle gehad het (vgl. Jes 65:17). Die orde in die ewige lewe sal anders wees as op die aarde. Hulle wat hier met min goed wel gelukkig was sal daar alles hê, en voor staan in die ry van geseëndes.

UITSIG

- Hoe streng tug u uself om nie met uiterlike weldoenery tog 'n posisie by God te

probeer bespreek nie? (Lees Mt 6:1.)

- Lê u geloofsekerheid daarin veranker dat u een of ander iets moet doen, of lê dit vas in God se genade? Geen ding op aarde sal u uitgeholde krag en heen-en-weer-geslingerde wil kan herstel nie, behalwe as u dit in God se genade-hande lê.
- Onthou, met volle toewyding aan God word jou totale lewe: sport en spel, liggaam en gees. by God betrek.

DAG 48

MATTEUS 20:1-16

IN DIE KONINKRYK ONDERSKEI VERDIENSTE NIE GELOWIGES VAN MEKAAR NIE

OORSIG

Verse 1-16
Gelykenis van die arbeiders in die wingerd.

INSIG

Petrus se vraag oor loon (19:27), en Jesus se woorde in 19:30 oor ". . . baie wat eerste is, sal laaste wees, en wie laaste is, eerste . . .", sal nog verder verklaar moet word. Die saak van "eerste en laaste", omring hierdie hele gedeelte (vgl. 19:27 en 20:16). Jesus gee sy verklaring van hierdie woorde met die gelykenis van die arbeiders in die wingerd. Die druiweboer het vroegdag vir hom arbeiders gaan haal om as dagloners in sy wingerd te werk (20:1, 2). Hy was haastig om klaar te maak. Derhalwe het hy om nege-uur 'n groep in diens geneem (20:3-5). Om twaalfuur en teen drie-uur doen hy dieselfde.

Met betaaltyd word dit gou duidelik dat die boer nie die werkers volgens hul werksure (onderskeie verdienste), betaal nie. Hy het met hulle oor 'n dagloon afgespreek, en dit ontvang hulle. Toe die laatkommers elkeen die gewone dagloon ontvang (20:9), het dit by die vroeë beginners die verwagting geskep dat hulle baie meer sal ontvang. Met bitterheid moes hulle leer dat die boer gee soos hy wil.

Talle mense word geroep om Jesus Christus na te volg. Sommige begin vroeg in hulle lewe en vorder in hulle eie oë baie fluks. Ander gelowiges is op hulle beurt nog jonk en onervare in die geloof. Hulle is die laatkommers van 20:19. Hulle moes baie waag om vyf uur te begin en dan nog te dink dat hulle wel 'n dagloon vir daardie beperkte diens sal kry. Hulle het die boer wel vertrou en hom op sy woord geneem. Hulle wat iets opoffer en bereid is om hulle vir die koninkryk te gee, word ryklik beloon (20:13).

Dit word nou duidelik dat eerste plekke en laaste plekke nie afhang van wat die mens verdien het nie. God is genadig, maar ook op goddelike wyse regverdig. Elkeen ontvang sy beloofde gedeelte. God sê hiermee dat Hy aan niemand enige verantwoording verskuldig is nie (vgl. Rm 9:20, 21). God wys hiermee dat Hy ook barmhartig is teenoor die wat na die vromes se mening nie veel verdien nie. God se goedheid plaas die laatkommers (vgl. Lk 23:43), eerste. Dit is egter die vroeë werkers se liefdeloosheid wat aan hulle die laaste plek besorg.

Wat die mens aan die einde sal ontvang, is deur en deur net genade!

UITSIG

- Hoe maklik gebeur dit dat ons met oordrewe gesteldheid op ons afkoms, agtergrond en posisie neersien op ander. Luister maar na u woorde en kyk na u werklike motiewe in u daaglikse lewe. Die heimlike begeerte na beloning lê maar vlak onder ons vel. (Lees Lk 15:25-28.)
- Ken u vriende u as 'n jaloerse mens wat nie kan aanvaar dat ander ook in die lig staan en vreugde ervaar nie? Toets uself en kyk of u diep binne weersin opbou wanneer ander presteer en lof ontvang. Indien dit die geval is, sal ander dit wel opmerk. Met Jesus Christus in u hart sal u u eerlik kan verbly oor die sukses, en veral oor die genade wat God aan ander bewys. (Lees Rm 12:15- 18.)

DAG 49

MATTEUS 20:17-34

DIT IS NIE 'N EREPOSISIE NIE MAAR DIENSPOSISIE WAT DIE GELOWIGE MET SEKERHEID OP PAD NA DIE EWIGHEID PLAAS

OORSIG

Verse 17-19	Verse 20-28	Verse 29-34
Die derde lydensaankondiging.	Dissipels te blind om dit te verstaan.	Hy is die Een wat hul van hul blindheid kan genees.

INSIG

Jesus is steeds besig om spesifiek sy dissipels voor te berei vir die gevolge wat sy toekomspad vir hulle gaan inhou. In verse 17-19 kondig Hy vir die derde keer sy lydensweg aan (vgl. 16:21 en 17:22-23). Saam met 26:2 is dit die enigste plek in die evangelie-beskrywing waar sy kruisiging pertinent genoem word (vgl. 10:38). Jesus het al ver gevorder op die pad. Daar is geen sprake meer van omdraai op hierdie ingeslane weg nie. Om Jerusalem toe te gaan, beteken nie maar net 'n tog na 'n stad nie, maar dit dra simbolies die betekenis van 'n lydenspad. Hy gaan om die toorn van die Vader vir hulle te dra. Net soos wat Hy oorgelewer sal word aan die leiers van die volk en aan die heidene, sal hulle wat Hom volg dieselfde opdraande moet loop. Die kruisiging was 'n onbeskryflik wrede dood waarmee die Romeine alle misdadigers, rebelle en slawe om die lewe gebring het (vgl. Dt 21:23). Jesus se opstanding sal die waarheid daarvan bevestig dat dit God se wil was dat op so 'n wyse vir die sondes van die volk betaal moes word.

'n Mens sou nou verwag dat die dissipels met groot erns hulle sal gereed maak om ook saam met Hom te ly. Hy het pas in die vorige gedeelte gesê dat hier nie nou sprake is van eer en loon nie, en dat die wat eerste wil wees laaste sal wees. Desondanks wys die dissipels dat hulle tog op die een of ander wyse die oorwinning hier op aarde al verwag (20:20-21). Jakobus en Johannes se moeder (vgl. Mk 10:35), stel haar seuns se begeerte om eervolle plekke in sy koninkryk. In die Joodse wêreld was dit nie vreemd dat 'n moeder namens haar seuns optree nie (vgl. 1 Sam 2:19, 20). Markus stel die twee seuns self aan die woord, want die gebruik was by die heidene onbekend. Hulle sal ter wille van Jesus ook die lydensbeker aanvaar, maar hulle meen dat dit darem ook vir hulle iets sal inhou! Die wyse van oorwinning word egter in die hande van die Vader gelaat.

Hoe teleurgesteld moes Jesus nie gewees het nie. Sy dissipels bly blind vir die pad wat Hy aandui. Hy roep hulle nader en wys hulle daarop dat dit wêreldse leiers is wat wil baasspeel.

Hulle moet as gelowiges diensknegte wees. Dit is tog ook die gesindheid waarmee Hy hulle voorgaan.

Ironies dat twee blindes oppad na Jerusalem sonder oë dit bely wat Jesus sy dissipels die heelyd wil laat sien (vgl. 9:27; 15:22; 17:15). Jakobus en Johannes was eintlik blind om nou al en op aardse wyse die oorwinning te soek. Met die genesing van die twee blindes wys Hy dat Hy al Een is wat hul van hul blindheid kan genees – dan eers sal hulle Hom waarlik kan volg. Die feit dat Mk 10:46-52 en Lk 18:35-43 ander feite weergee doen nie afbreuk aan die feit dat Hy wel blindes genees het nie. Om een of twee blindes te genees, bly in gelyke mate tog 'n wonder! Matteus wil met sy vertelling beklemtoon dat Jesus met medelye ook sy dissipels sal lei tot volle begrip en sig op die toekoms.

UITSIG

- Bid u nog dat sy kerk bewaar moet word van die magmisbruik van 'n owerheid wat volke van hul vryheid en mondigheid wil beroof? (Lees Art 36 NGB; 1 Tim 2:2.)
- Is u nie ook soms te haastig met dit wat u in die lewe wil bereik nie? Nugtere balans wys dat die gelowige langs die weg van diens die oorwinningskroon behaal. As u 'n leier wil wees, moet u eers leer om dienskneg te wees.
- Moenie nou al terugsit asof u reeds in die oorwinnaarstoel is nie. Hoe kan u verwag dat die wêreld dan van ons getuïenisse en mooi belydenisse notisie sal neem? Gaan eerder die lewe met sy veelvuldige eise tegemoet. Vertrou op God en Hy sal op sy tyd u deurdra tot by die vervulling van u ideale.

DAG 50

MATTEUS 21:1-11

'N NEDERIGE KONING OP PAD NA SY HEILIGDOM – SY KERK

OORSIG

Verse 1-7	Verse 8-11
Hy kom met 'n spesifieke styl.	Die skare se reaksie.

INSIG

Jesus se intog in Jerusalem was aanskoulike onderwys. Hy wys sy dissipels die styl waarmee Hy sy koningskap gaan uitoefen. Van Betfage se kant wil Hy as Koning en Oorwinnaar die stad binnegaan. Dit is tradisie dat 'n oorwinnaar na die veldslag die hoofstad van sy ryk triomfantlik binnery. Maar hier is die kontras waarmee Jesus die Dawidstad as Koning binnery opvallend. Hy ry as 'n nederige Koning op die vul van 'n eselin.

Vroeër het Hy Homself as Koning op die agtergrond probeer hou, maar nou bied Hy Homself aan as koning. Dit gaan mense tot 'n beslissing dwing. Verse 2-7 verduidelik hoedat Jesus twee van sy dissipels vooruit gestuur het om vir Hom 'n rydier in die stad te gaan haal. Met sy voorkennis en goddelike wysheid het Hy geweet dat die persoon by wie hulle die vasmagemaakte donkie sal kry, 'n gelowige sal wees. Wanneer die persoon hoor dat die Here die vul nodig het sal hy die twee diere afgee. Al wou Jesus net die vul gehad het, is dit natuurlik dat altwee moes kom. 'n Vulletjie laat hom nie sonder die merrie weglei nie.

Hierdie eerste dag in Jerusalem word met aanhalings uit die Ou Testament toegelig (21:4-5,

9, 13, 16). Sy intog is die vervulling van die profete se woorde soos hulle dit jaregelede aan die volkverkondig het (vgl. Sag9:9enJes62:11). Matteus lê op hierdie nederige intog klem sodat sy Joodse lesers wat die Ou Testament ken, Jesus as die lang verwagte Messias kan herken. Markus met heidense lesers, beklemtoon nie die vervulling van die profete se woorde nie (vgl. Mk 11:5-7). Uit eerbetoon het die dissipels hul klere op die vul gelê en so ry Jesus dan die stad binne.

Hy kom sagmoedig as Vredevoers (vgl. 5:5 en 11:29-30). Anders as ander oorwinnaars op 'n trippelende wit oorlogspers, wys sy eseltjie dat sy koningskap nie die van wapengeweld en magsonderdrukking is nie, maar van vrede en met die stil-werkende krag van sy Gees. Hy sal eers met die wederkoms die wit oorwinnaars-pers ry (Op 19:11). 'n Groot deel van die skare wat vir die Paasfees in die stad was, het hul klere en blaartakke voor Hom op die pad gelê as bewys van hul eer (vgl. 2 Kon 9:13). Die twee blindes van 20:29-34 se belydenis word ook die skare s'n. Hier het hulle 'n Koning wat regverdig is (20:1-16), Een wat niemand voortrek nie (20:20-28), Een met begrip en genade in sy hart (20:29-34). Wat kan die Jode meer verwag?

Sy intog het dan ook die stad in rep en roer gebring. Dit dui op eindgebeure. Was Hy dalk die lang verwagte Profeet? (vgl. Dt 18:15). Jesus aanvaar hul lofbetuiging. Dit is egter 'n vraag of die skare lank lojaal aan Hom sal bly.

UITSIG

- Dit gebeur baie keer dat 'n mens se mooi ideale nie waar word, of dat sake nie so rasend suksesvol verloop as wat u verwag het nie. Ons is dan so gou om die fout by God te soek asof Hy die Een is wat aan ons blitsige oorwinnings en skouspelagtige suksesse beloof het. Kan u uit hierdie gedeelte aflei dat God ook op ander wyses met sy kinders werk?
- Besef u dat dit juis hierdie styl van Hom is om met genade en vrede stil-stil ons harte binne te kom, wat ons red en bewaar! Gestel Hy het met mag en brute geweld deur ons lewe gestorm, wat sou van ons oorgebly het? Kan u getuig van sulke geleenthede?

GEBEDSRIGLYNE:

- Bewaar my daarvan om aan U voor te skryf hoe U in my lewe moet antwoord. Laat my nooit blind wees vir die wonderwerke wat U wel op U wyse in my lewe verrig nie.
- Temper my onrealistiese verwagtinge van die lewe en leer my om biddend gehoorsaam te wag op U antwoord.

IN DIE KERK VAN DIE HERE WORD DIE ONREINES VERJAAG MAAR DIE WAT REIN IS, WORD NADER GETREK

OORSIG

Verse 12-13	Verse 14-17
Onreines uit die tempel verjaag.	Die wat rein van hart is, ingebring.

INSIG

Jesus se intog in Jerusalem het 'n opskudding veroorsaak. Saam met die twee blindes van 20:29-34, het die skare se oë ook oopgegaan en hulle aanbid Jesus as die Seun van Dawid (21:9). Dit is 'n blye teken dat die volk begin begryp Wie werklik in hulle stad ingekom het. Dit is logies dat Jesus Hom met sy dissipels dan ook na die tempel sal wend om daar in die belangrikste aanbiddingsplek te gaan kyk hoe die volksowerstes en priesters Hom verwag. Waar die volk met soveel opgewondenheid Jesus begroet het, kan dit 'n teken wees van die volk se lewendige verwagting van die Messias. In die tempel behoort die Messiasverwachting in hul gebedshouding tot uiting te kom.

Maar wat tref Jesus in die tempel aan! Verse 12 en 13 skets die tragiese verval van die tempeldiens. In plaas van priesters in stemmige gebedshouding loop Jesus Hom in 'n onrustige gewerskaf vas waar feesgangers koersagtig besig is om geldelike transaksies te beklink. Die tempel is van sy oorspronklike heiligheid gestroop want die mense ruil hier hul staatsgeld om vir die vereiste hoeveelheid sikkels wat hulle as offergawes kan gebruik. Duiwe en ander offergawes word hier aan die pelgrims voorsien. Dit het die offerverpligtinge vir die volk wat van ver gereis het baie vergemaklik.

Die priesters het 'n winsgewende bedryf in die huis van die Here op die been gebring en so dit in 'n rowernes verander. Met koninklike gesag het Hy die tafels omgegooi, en daarmee sy misnoeë in die volk se vervalste en vroomdoenerige godsdiens bewys. Die vroomstes onder die volk wys dat hulle Hom nie werklik met die hart verwag het nie, maar hulle het die boodskap en verwagtinge van die volk bedrieglik uitgebuit tot hul geldelike wins. Hierdie mense word sonder genade weggejaag.

Die blindes en die kreupeles wat as gevolg van hul gebreke nooit in die tempel-kompleks kon inkom nie, word deur Jesus genees en toegelaat om nader te kom. Hul geloofsvertroue in Hom maak hulle rein van hart. Die uitroep van die kinders wat ook altyd nuuskierig nadertree, het die eerste akkoorde geword van Ps 8:3 wat waar geword het. Die priesterhoofde en skrifgeleerdes kon hul ongevoeligheid en ongeloof nie wegsteek nie. Hulle het hul jaloesie en verset nie afgeskud selfs na soveel bewyse van sy gesag en heerlijkheid nie.

UITSIG

- Daar is soveel mense wat die kerk wil verander om aan te pas by die veranderde mens. Helaas, wanneer die kerk aangepas word om die aanbidding vir die mens makliker en meer ontvanklik te maak as wat die Woord dit bedoel, vind 'n mens die God van die Woord later nie meer daar nie! Waak daarteen dat u nie die kerk

saboteer, deur u belange wat uiteindelik met God gaan bots, stilweg in te werk nie.

- Gaan dit in die eerste plek in die kerk om die mens se gemak en strelende gevoel, of om die eer van God? Kan dit ook in ons samelewing gebeur dat mense met bykomstige dinge, die hart van die evangelie uit die erediens haal en dit vervang met sake wat nie werklik daar tuis hoort nie? Noem voorbeelde.
- Hoe lewendig is die begeerte in u hart om u lewenshuis te suiwer van dit wat u van God mag vervreem? Wees streng op daardie onreinheid waarvan u in u lewe bewus is. Bid dat God die woorde van Ps 15:1-4 ook in u lewe waar sal maak.

DAG 52

MATTEUS 21:18-27

JESUS SE GODDELIKE OORDEEL BRING DIE VOLKSLEIERS NIE VAN STRYK NIE

OORSIG

Verse 18-22	Verse 23-27
Die vrugtelose Israel veroordeel.	Die volksleiers betwyfel die gesag van hierdie veroordeling.

INSIG

Die haat en vervolging waarvan Jesus in hoofstuk tien gepraat het toe Hy sy dissipels uitgestuur het, het werklikheid geword. Van hoofstuk elf bots Jesus telkens teen die volksleiers se lastering (12), en miskenning (14). Die noodsaak tot die reiniging van die tempel dwing Jesus om die ongehoorsaamheid en eiewillige godsdienst van die Jode met felheid te veroordeel. Matteus beskryf dan die enigste oordeelswonder van Jesus.

Met die simboliese handeling van die vervloeking van die vyeboom word God se oordeel oor sy volk uitgebeeld (21:18-22). Hulle het as volk goeie beloftes ingehou, maar het gefaal (vgl. Hos 9:10). In Jeremia 24:2,6 word Israel met 'n vyeboom vergelyk wat heerlike vroeë vye kan dra. Al wat nou van Israel se vrugtevrag oorgebly het, is net 'n blarekroon sonder vrugte vir die wat daarna soek. So 'n boom is gedoem tot onmiddellike vervloeking en verdorrings (21:19). Die Here verwag van sy volk dat hulle moet vrugte dra, elke dag, elke maand, of dit buite seisoen is of nie (vgl. Mk 11:13). Terwyl die oordeel oor die ongelowiges van wie baie verwag is, voltrek word, sal biddende gelowiges terselfdertyd berge in hul lewe kan versit (21:21-22; vgl. 17:20).

In verse 23-27 betwyfel die volksleiers Jesus se gesag om so 'n oordeel oor hulle uit te spreek. Die feit dat Hy so uitgesproke is oor hulle wat hulleself nog altyd heerlik kon verskans agter hulle heilige huisies van wetskenner, het hulle woedend gemaak! Hulle betwyfel dan sy reg om hulle werke met sy preke af te kam, en sy gesag waarmee Hy al die wonderwerke verrig (21:23). Op hulle vraag van wie Hy hierdie gesag ontvang het, sou hulle graag wou hê dat Hy moet sê Hy kry sy gesag van God. Dan sou hulle Hom onmiddellik van godslastering kon aankla. Dit beteken die doodstraf en hulle is van Hom ontslae. Sou Hy sê dat Hy die gesag uit Homself het, kan hulle Hom aankla dat Hy Homself bo die Wet stel en die gesag van die Wet Hom toeëien.

Jesus antwoord hulle egter met tipies Rabbynse styl met 'n teenvraag wat hulle vraag onmiddellik op die agtergrond skuif (21:25). Sy vraag oor die oorsprong van Johannes die

Doper se doop het hulle weer van stryk gebring. Al sou hulle watter kant toe antwoord, gaan die vraag hulle in verleentheid bring (21:25, 26). Hulle bewys met hul "ons weet nie", dat hulle 'n onheilige spel met Hom speel en dat hulle weet Hy kyk deur hulle motiewe. Sulke mense het dan ook geen antwoord van die Here nodig nie! Jesus gaan nou hierdie onheilige spel waarmee hulle al die tyd besig is met drie gelykenisse verder ontmasker.

UITSIG

- Hoeveel word daar nie van ons verwag nadat ons belydenis van geloof afgelê het nie! Ons het alles wat ons nodig het om 'n vrugbare lewe te leef in sy koninkryk. Wat kom daarvan tereg in u lewe of moet die kerk, ons ouers en ander daarna soek? Uiterlike vertoon sonder hart kry later geen kans meer nie. (Lees Lk 13:6-9 en Jh 15:2.)
- Sal daar ooit 'n tyd aanbreek dat gelowiges so vrugte sal dra soos God dit van ons verwag? (Lees Op 22:2.)
- Is dit moontlik dat ons ook mooi belydenisse kan ken, maar die werklikheid daarvan as vrug nooit by onself opmerk nie? Wat dink u van gebede sonder die hart daarin; psalms wat gesing word maar sonder blydschap en volle oorgawe?
- Kan u uit hierdie gedeelte aflei hoekom God nie ons uitdagende en toetsende vrae in die lewe beantwoord nie?

DAG 53

MATTEUS 21:28-46

HIERDIE VERWERPING VAN SY GESAG LEI TOT HUL FINALE VERWERPING AS VOLK

OORSIG

Verse 28-32	Verse 33-46
Die volksleiers skep net die indruk asof hulle ernstig is.	Hul ware haat en brute geweld beteken uiteindelik hul eie ondergang

INSIG

Jesus sit sy veroordelende gesprek met die priesterhoofde en familiehoofde voort. Blindes en kreupeles onder die skare van wie daar nie veel verwag kan word nie, het Jesus reeds as Messias bely. Die hele volk Israel van wie daar as vyeboom en wingerd soveel verwag is in die verbond, kan by monde van hul leiers egter nog geen bekering en ware oorgawe aan Jesus openbaar nie. Jesus illustreer hul optrede om Hom na alles nog steeds te verwerp met die volgende twee gelykenisse.

In verse 28-32 beeld die eerste seun van die gelykenis van die twee seuns, die tollenaars en die prostitute uit. Daar kon nie veel van hierdie mense verwag word nie, en tog het hulle wel Johannes die Doper se prediking geglo (21:29, 32). Die ander seun is Israel van wie daar veel verwag is. Die seun het ook die indruk geskep dat hy gewillig is, maar die volk was nie bereid om Johannes die Doper se woorde te aanvaar nie (vgl. Mt 11:16-21 en Lk 7:28-29). Al hul vroom vrae aan Jesus was maar net deel van 'n onheilige spel waarmee hulle Hom

wou uitdaag.

Die veragtelikes van die volk word in hierdie gelykenis uiteindelik voor die vroom en vooraanstaandes geplaas omdat hulle wel hul gelowige oorgawe openbaar. Die volksleiers verloor op hul beurt egter nie die geleentheid om nog 'n kans te kry nie. Hulle het nog tyd om die wil van die Vader te doen. Hulle moet net die woorde van Johannes die Doper glo en die blindes se fyngevoeligheid vir Jesus se Messiasenskap ervaar en bely!

In die gelykenis van die boer met die wingerd (21:33-46). ontmasker Jesus die volksleiers se haat wat uiteindelik in brute geweld teen Hom gaan ontplof. Hoe dieper Hy in liefdevolle diensbaarheid tot die volk neerbuig, hoe hoër styg hul haat en minagting teenoor Jesus. God het sy verbondsvolk die groot verantwoordelikheid gegee om onder sy sorg, met alles wat hulle nodig het, vrugte te lewer tot sy eer. Israel word telkens in die Ou Testament met 'n wingerd vergelyk van wie veel verwag word (vgl. Ps 80 en Jes 5). Helaas het hulle al die gawes wat die Here aan hulle gegee het, naamlik sy profete in die Ou Testament, geminag en gedood (21:34, 35). Uiteindelik sal hulle ook die grondbesitter se Seun doodmaak (21:38, 39).

God gaan sy oordeel oor hierdie volk voltrek (21:40, 41), en die koninkryk gee aan 'n volk wat wel vrugte sal dra. Uiteindelik sal die Jode moet erken dat ander die vrugte dra wat hulle nie kon nie (vgl. Rm 11:13, 14). Met 'n aanhaling uit Ps 118:22-23 sê Jesus dat Hy die belangrikste fondamentklip is waarop sy kerk en koninkryk gebou sal word. Hulle wat Hom verwerp, sal uiteindelik verpletter word (vgl. Jes 8:14-15 en Dan 2:34-35). Hy wat deur die Jode verwerp word, sal uiteindelik die verhoogde Here wees. Met hierdie gelykenisse ontmasker Jesus hul bose planne, maar toon ook aan dat God se raadsplan nie deur sondige mense gekeer kan word nie.

UITSIG

- Lees Jak 2:14. Om te beweer dat u 'n lewende lidmaat is wat waarlik in Jesus Christus glo, maar u laat nie toe dat sy Gees met sy krag deur u werk nie, is eintlik 'n verloëning van u geloof.
- Noem twee voorbeelde van skrif geleerdes en Fariseërs wat wel tot bekering gekom het. (Lees Lk 23:50, 51 en Joh 19:39.)
- Is die gevaar nie daar dat ons algaande so besitreg neem oor ons eie lewe dat God en ons naaste geen nut uit ons lewe ontvang nie? Gebruik u die vryheid van u jeug, ouerskap, en om gesond te wees tot voordeel van die koninkryk en u naaste? (Lees v/a 55 HK.)
- Op watter wyse openbaar "ja-broers" maar "nee-doeners" hulle in die kerk?

DIE JODE VERWERP JESUS. DAARMEE WORD DIE VERLOSSING AAN ANDER GEGEE

OORSIG

Verse 1-14
Die gelykenis van die bruilof illustreer die Jode se verset met die ramspoedige gevolg daarvan.

INSIG

Die derde gelykenis illustreer verder hoedat die Joodse volk geleentheid gehad het om die waarheid van Christus se koninkryk te ken en daarin te deel., Met hul kenmerkende hardkoppigheid het hulle hul tot die laaste toe verset teen geloofsoorgawe. Daar is opvallende ooreenkomste tussen 22:1-4 en 21:33-46. Albei groepe slawe word onsuksesvol uitgestuur. Sommige van hulle word gedood. Hulle wat op die boodskap van die evangelie met vrugte en bywoning van die bruilof moes reageer, weier, en hulle word dan self gedood. Die ander mense wat oorspronklik nie eers gereken is nie, kry dan die verlossing wat vir die Jode bedoel was.

In hierdie gelykenis dui die Koning op God en die bruilofsfees op die koninkryk van God wat in Jesus tot openbaring kom (vgl. 25:10 en Op 19:7-9). In verse 1-5 word die onwilligheid van die Jode om die bruilof by te woon geteken. Hulle stel hul aardse goed (besittings en arbeid), hoër as die onwerklikheids-idee van bruilofsgeluk en vreugde saam met die hemelse Koning. Hulle was selfs aggressief en het God se profete (in Ou Testament en Johannes die Doper), gedood (22:6; vgl. 2 Kron 30:10 en Mt 21:35-39).

Hul verwerping van Jesus gaan lei tot ramspoed en rokende puinhoop. Daar wag vir hulle 'n wêreld sonder toekoms of hoop (22:7). Die oorspronklike genooies was nie die uitnodiging werd nie (vgl. 10:11-14). Die bruilofsaal se deure sal nou vir almal oopgaan, selfs vir die wat nie oorspronklik as genooies geag is nie (22:8-10; vgl. 13:47, 48 en 15:24-28). "Goeies" en "slegtes", Jode sowel as heidene sal nou geroep word om navolgers in die koninkryk te word.

Daar sal ook ongelukkig onder die wat in die bruilofsaal inkom, diene wees vir wie hul geestelike armoede en ootmoed alleen maar net 'n teorie en nie ware beleving is nie. Daar sal ook mense wees wat met eiegeregtigheid en selfhandhawing sal verskyn. Hoewel almal die uitnodiging ontvang, verwag God tog vrugte van bekering (paslike kleed, 22:11,12). Baie hoor die Woord van God maar min wys met hul vrugte en doen van God se wil dat hulle uitverkies is (vgl. 24:24, 31). Die Jode se onwilligheid wys dat hulle die evangelie nie werd is nie.

UITSIG

- Waak daarteen dat u nie selfs in die jeug, te besig is met eie belang dat u nie na die roepstem van die Koning luister nie.
- U is ook boodskapper van Jesus Christus se koninkryk in u klas en woonbuurt. Moenie moedeloos word as u doodgeskree word nie. Dink aan die verwerping wat

die Jode as gevolg daarvan getref het.

- Het u reeds die kleed van geregtigheid en heiligheid, die kleed deurweef met sy bloed, lyde en dood aangetrek? (Lees Rm 13:14 en Ef 4:24.)
- Oefen u elke dag daarin om die ou verslete kleed van die sonde uit te trek en oorklee u lewe met die deugde van die geloof (Lees v/a 88-90 HK.)
- Moenie uself mislei met die gedagte dat die Here en die kerk tog te bly sal wees met u in hul geledere, al leef en maak u net soos u wil nie!

DAG 55

MATTEUS 22:15-46

MET DRIE VRAE WORD 'N LAASTE AANSLAG TEEN JESUS GELOODS WAT HY FINAAL AFWEER

OORSIG

Verse 15-22	Verse 23-33	Verse 34-40	Verse 41-46
Belasting.	Opstanding.	Grootste gebod.	Finale antwoord.

INSIG

Die volksleiers gaan met 'n gesamentlike poging Jesus aanval om Hom finaal te breek. Met drie gelykenisse het Hy hulle totaal veroordeel en dit gewaag om heidene met hulle op dieselfde vlak te stel (21:28; 22:14). Met drie strikvrae gaan hulle Hom op hul beurt in 'n hoek probeer dryf. Die eerste vraag (22:15 -22), kom met 'n politieke angel. Die Fariseërs en die Herodiane ('n politieke party), was geswore vyande. Maar hier span hulle gemaklik saam waar Jesus die doelwit is. Die vraag of dit reg is om aan die keiser belasting te betaal, is bedoel om 'n "ja" te ontlok. Dit sal Hom skuldig maak voor die kerkleiers. Sê Hy "nee", sal die Herodiane Hom gaan verkla van opstand teen die keiser. In verse 18-20 ontmasker Jesus hul duiwelse spel aangesien hulle al die tyd self met 'n muntstuk in hul sakke rondloop sonder dat dit hul enigsins gepla het! Hul dubbele burgerskap by God en die staat verplig hulle om hul verpligtinge na te kom. Indien hulle aan God die eer, vrug en gehoorsaamheid sou gee wat Hom toekom, sou die belasting aan die keiser ook nie vir hulle 'n probleem gewees het nie!

Met 'n goed saamgeflanse probleem probeer die Sadduseërs op hulle beurt Jesus vastrek met 'n leerstellige vraag oor die opstanding. 'n Vrou wat met sewe mans getroud was, wie se vrou sal sy na die opstanding wees? (22:23-27). Hulle ken nie so iets as opstanding van die liggaam uit die Pentateuch (eerste vyf boeke van Moses), nie. Maar hiermee openbaar hulle hul onkunde oor die opstanding en God se krag. Hulle redeneer volgens hul aardse denkmootlikhede en kan hulle net aardse verhoudinge na die dood voorstel. Hulle het geen vermoede van God se moontlikhede met die mens nie. Daar kom eendag 'n ander liefde as ons bekende huweliksliefde (22:29-30). God is nou nog die God van die aartsvaders. Derhalwe lewe hulle nog, net op 'n ander wyse as in hierdie bedeling.

Dit word 'n wedywing onder die volksleiers om Jesus met hul spitsvondige wysneusigheid vas te trek. Noudat Hy die Sadduseërs se gebrek aan kennis ontmasker het, wil die Fariseërs weer hul bekwaamhede in die Skrifte tentoonstel (22:34-36; vgl. 4:1, 3; 16:1; 19:3; 22:18). Op hul vraag wat die grootste gebod van die Wet is, laat Hy Hom nie vasvang in

hulle oneindige gestryery oor hul selfgemaakte wette nie. Hy antwoord hulle eenvoudig sonder huiwering met die Skrif (vgl. Dt 6:5 en Lev 19:18). Alles in die koninkryk draai om liefde tot God en die naaste. Jesus het hierdie gebod kom vervul. Aangesien Hy sy Vader oneindig liefhet, gee Hy ook sy lewe vir sy naaste.

Verse 41-46 vorm die afsluiting van die reeks debatte waarin die Fariseërs, Sadduseërs en Herodiane Hom voor die volk wou verneder. Die klimaks van die gesprekke loop uit op Jesus se vraag aan hulle oor die Seun van Dawid. Hulle moet vir Hom sê wat hulle van die menslike kant van die Messias verstaan. In Ps 110 het Dawid tog sy eie seun "Here" genoem. Dawid het toe natuurlik al na Jesus verwys as die Messias. Die Fariseërs se ongeloof en geestelike blindheid oor hierdie saak het hulle stom gelaat. Dit was die einde van hul vyandige diskussies. Jesus het hul hatige venyn en eersug finaal ontmasker en hul aanslae afgeweer.

UITSIG

- Kan u hieruit aflei dat die Christen ook gehoorsaam teenoor die staatsgesag moet wees? (Lees Rm 13:1-4.)
- Is ons nie te behep met al ons vrae oor die hiernamaals nie? Dit kan dan gebeur dat ons die kennis wat ons oor vandag moet hê, nie gebruik nie, en wat ons nou moet doen, nooit begin nie.
- Is u al geestelik volwasse genoeg om te weet dat Hy nie gekom het om u politieke denke of u kerkverband se leerstellinge te dien nie. Hy het gekom om God se hart aan sondaarmense te openbaar. (Lees Fil 1:18.)

DAG 56

MATTEUS 23:1-12

JESUS SE STRAFREDE TEEN DIE FARISEËRS EN SKRIFGELEERDES

OORSIG

Verse 1-7	Verse 8-12
Die volksleiers se krag lê daarin om gesien te word.	Ware navolgers se krag lê daarin om te dien.

INSIG

Jesus se omwandeling op aarde het nou die punt in God se raadsplan bereik, dat die lydensweg van die kruis elke dag duideliker as eindpunt op die horison verskyn. As Seun van Dawid het Hy sy gesag oor en oor bewys aan dié wat bestem is om in Hom te glo. Die wat Hom verag, het hul minagting en ongeloof in onmiskenbare taal uitgespreek. Nou is dit die tyd dat die Seun van Dawid sy gesag as Koning openlik moet laat geld en alle ander gesag voor Hom moet weggee. Sy laaste lang preek (23:1, 25:46), val in twee dele uiteen. Die eerste gedeelte bevat sy striemende oordeel en ontmaskering van die Fariseërs en die skrifgeleerdes van die volk. Die tweede gedeelte (24, 25), handel oor die finale oordeel.

Hoofstuk 23 begin waar Jesus Hom van die volksleiers af wegkeer en nou sy dissipels en die volk aanspreek. In skerp taal waarsku Hy hulle teen die skynheiligheid van die Fariseërs

en skrifgeleerdes. Hulle sit op Moses se stoel (d.w.s. die van onderwysing), en kyk na die volk. Maar in der waarheid sit hulle so met hul rug na die hart van Jerusalem (23:1, 2). In soverre hulle die inhoud van die Wet verkondig, moet die volk goed luister, andersins nie! Jesus wys nie die Wet af nie (vgl. 7:21-23). Hy het dit egter teen hulle dat die hoëlui se dade nie ooreenkom met dit wat hulle preek vir ander nie (23:3). Die leiers het verleiers geword.

Hulle weet altyd beter hoe die volk moet leef, en met watter strengheid toesig oor die foute en sondes van ander boek gehou moet word. Self dink hulle egter nooit daaraan om daardie standarde en hoë verwagtinge op hulleself toe te pas nie (23:4). Die bewonderende en vererende blik van ander wat hul "uitstaande" optredes sien, laat die volksleiers altyd belangrik en vroom voel. Gevolglik le hulle baie klem daarop en rig hulle lewe so in dat die mense hul uitsonderlikheid moet raaksien (23:5-7). Hulle ware krag lê in die onseker bodem van dit wat mense van hulle dink!

Jesus stel dit duidelik in verse 8-12 dat hierdie gesindheid nooit by 'n ware navolger van Hom mag wees nie. Hierdie leë dop van Christenskap moet afgebreek word en die nuwe kerk van Jesus Christus moet gebou word. In sy kerk speel eretitels, rangorde en hiërargiese strukture geen rol nie. Tussen ware gelowiges is daar nie leermeesters van hierdie bedenklike aard nie. Daar mag nie vaders en leiers wees wat 'n plek tussen God en sy volk inneem nie. In daardie kring waar Hy die Leier is, moet almal mekaar dien. Ware grootheid lê juis in nederige diens aan mekaar (vgl. Spr 29:23). God sal dan self die nederige mens op sy tyd en plek verhoog. Maar God sal ook op regverdige wyse die hoogheidswaan van mense afsny tot op die grond (vgl. 1 Pt 5:6).

UITSIG

- Kan ander mense eerlik dieselfde van u sê wat Paulus oor homself in Fil 4:9 skryf?
- Het u al iemand wat eensydig klem lê op danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, daarop gewys dat dit nie ware godsdiens bevorder nie? Lees Kol 2:20-23 en bid dat God ons die wysheid sal gee om te kan onderskei waaroor dit werklik gaan in die lewe.
- Is u ook 'n jongmens wat baie keer vlymskerp is met advies oor beginsels? Demonstreer dan eers u woorde met dade. Ander sal u voorbeeld dan maklik navolg sonder dat u vir hulle hoef te preek.
- Bid dat God u selftrots en eiewaan met nederige dankbaarheid sal temper.

DAG 57

MATTEUS 23:13-39

DIE SEWE WEE-UITSPRAKE MET RAMPSPOEDIGE GEVOLG

OORSIG

Verse 13-29	Verse 30-39
Fariseërs ontmasker as diegene wat met die onbenullige besig bly terwyl die belangrike agterweë bly	Hul optrede is tipies van die volk se ongehoorsaamheid en blindheid deur die eeue.

INSIG

Die besondere ooreenkoms met Jesus se eerste groot preek (Mt 5-7), word hier duidelik sigbaar. Daar het Jesus telkens vir die wat in Hom glo gesê: "Geseënd is die . . ." ("Salig is hulle. . ." in die 1953-vertaling). Hier in hoofstuk 23 spreek Jesus weer sy toorn uit oor die skynheiliges met sewe keer "Ellende wag vir julle ..." (die bekende "wee julle" gedeeltes in die 1953-vertaling). Sewe keer word die Fariseërs as gevolg van hul skynheiligheid waarmee hulle die volk verlei het, verdoem (23:13, (14,) 15, 23, 25, 27, 29). Vers 14 van die 1953-vertaling wat handel oor die weduwees ontbreek in die grondteks wat vir die 1983-vertaling gebruik is. Vers 14 is 'n invoeging uit Lk 20.

In verse 13-15 stel Hy dit dat die Fariseërs met menslik uitgedinkte verpligtinge die deure van die koninkryk voor mense toegetimmer het. Hulle kweek volgelinge wat nog meer fanaties is oor bykomstighede wat nie werklik in die koninkryk ter sake is nie. Die Fariseërs soek volgelinge vir die sinagoge, yweraars vir die sabbat en die besnydenis. Dat die mense in die eerste plek bekeerlinge tot God moet wees, het hulle totaal uit die oog verloor. Verse 16:24 wys hoedat hulle klein dingetjies puntenerig uitvoer en in stand hou. Die groot sake van geestelike waarde en krag waaroor die Wet eintlik handel, vergeet hulle en kyk dit gerieflikheidshalwe verby. Eensydige beklemtoning van onbenullighede het geen waarde in die kerk van Jesus Christus nie!

Met 'n vroom lewe van buite, maar vol hebsug, eersugtigheid en skeefgetrek van binne, ontvang hulle net die grootste veragting van God. Hulle is niks meer as wit geverfde grafstene nie. Grafstene moes in daardie tyd geverf word sodat verbygangers nie in die nag daaroor val en hulleself onrein maak nie. Van binne is hulle dor en droog, leweloos en van geen waarde nie. Hulle laat geen lig van buite na hul bedorwe donker hart deur nie.

Die laaste "wee julle"- uitspraak word teen hulle gerig omdat hulle die profete van God gedood het. Hulle hou wel die grafte van vermoorde profete in stand en probeer vergoed deur vromes se grafte te versier; hulle distansieer hulle wel van die voorgeslagte se gruweldade maar hulle doen in wese dieselfde as hul voorvaders. Al die goedkoop vroomdoenery verander niks aan die feit dat hulle die vaders se kinders is nie. Hul dade roep om vergelding. Of hulle dra al die skuld van die hede en die verlede teen God en sy profete gedaan, of hulle ontvang God se genade en redding in Christus se lydensweg.

UITSIG

- Ons kweek so graag volgelinge wat by "ons groep" sal inskakel. Hoe seker is ons dat "ons groep" nog wel in God se spoor loop, en dat ons ander met goeie voorbeeld lei?
- Selfs ons jongmense kan op godsdienstige terrein grootdoenerig baie stof opskop en hulle vroom voordoen na een of ander groot en emosionele gebeurtenis. Onthou egter dat skynheiligheid op die lang duur nie standhou, en ook nie voor God verberg kan word nie. Wie sê dat hulle tot bekering gekom het, moet dit elke dag met hul dade bewys. (Lees Jes 1:12-19.)
- Pasop dat u nie ander maats of medewerkers in die koninkryk veroordeel en skuldig verklaar terwyl dieselfde sonde by ons. maar net in 'n ander kleur of vorm voorkom nie.
- Gee voorbeelde hoe 'n mens met woord en daad jou so kan uitleef dat ander in u lewe die groei en vooruitgang kan sien.

DIE PROFETIESE REDE: PREEK OOR DIE LAASTE DINGE VOOR DIE EINDE

OORSIG

Verse 1-14	Verse 15-28	Verse 29-31
Rampe en vervolging.	Groot verdrukking.	Sy koms.

INSIG

Hierdie laaste preek van Jesus kan in twee dele verdeel word. Die eerste handel oor die toekomsgebeure wat inderdaad alreeds met die uitstorting van die Heilige Gees in aanvang sal neem (24:1-31). Dit word gevolg deur sewe gelykenisse wat handel oor die voorbereiding op en aard van die wederkoms self (24:32; 25:46). Matteus teken in verse 1-14 met Jesus se woorde die skrikwekkende tyd van rampe en vervolginge wat sy koninklike koms vooraf sal gaan. Niemand sou ooit daaraan kon dink dat die pragtige geel en blou marmerblokke van die tempel eendag verwoes eenkant verstrooi sou lê nie. Die verwoesting van die tempel is egter as gevolg van die volk se ongehoorsaamheid 'n voldonge feit. Die eer en glorie van hul godsdienstige lewe gaan verdwyn. In God se oë sal dit nie 'n ramp wees nie, want Hy gaan miljoene ander "lewende stene" inmessel in sy kerk.

Verse 4-13 stel dit dat die kerk van die Here die gevare van geestelike vervalsings, misleidinge, minagting van die Wet en liefdeloosheid teenoor God en die naaste moet ver wag (vgl. 1 Jh 2:18, 19; Mt 13:21; 18:6). Daar kom 'n tyd dat gerugte van oorloë, hongersnood en natuurrampe by almal op die lippe sal lê. Vervolginge sal baie gelowiges dryf tot afvalligheid en haat. Te midde van al hierdie gebeure sal die evangelie onverswak verder verkondig word sodat te midde van stryd en worsteling uit alle volkere 'n nuwe volk van God gebore sal word. Die evangelie aan almal is 'n noodsaaklike taak voordat die einde sal aanbreek.

Verse 15-28 skets die groot verdrukking wat op die gelowiges wag. Daniël het al in 9:27 gepraat van die gruwel wat eendag in die tempel sou plaasvind. Kort voor Jesus se geboorte is sy volk al diep gekrenk toe die tempel in Jerusalem ontheilig is onder Antiogus IV Epifanus, toe dit ingerig is as heiligdom van Zeus Olympus. In die eindtyd sal hierdie veragtelike optrede in Jesus se kerk herhaal word (vgl. 2 Ts 2:4). Die kerk gaan 'n vlugtelingkerk word sonder enige ontsnappingsopsies. Swangerskappe en winterkoue sal die vlug bemoeilik. Die Jode sal te opsigtelik wees wanneer hulle op die sabbat sou vlug. Ander Jode mag hulle die oortreding verwyte en dan geen hulp verleen nie. Soos 'n weerligstraal sal Jesus Christus se wederkoms in een oomblik wêreldwyd bekend wees. Soos aasvoëls die gewisse teken van aas is wat iewers lê, so sal al hierdie tekens Jesus se koms aandui.

In verse 29-31 verduidelik Jesus dat die hele skepping betrokke sal wees by sy uiteindelijke koms van stralende heerlijkheid (vgl. Jes 13:10). Met verslaentheid sal die volke Hom wat hulle nie wou erken nie, as Regter op die wolke sien kom! Met oorwinnings-trompetgeklank sal die engele uitgaan vir die finale versameling van sy volk.

UITSIG

- Sou u met die wêreldgebeure in gedagte sê dat hierdie tye nog ver in die verskiet lê, of is daar al tekens van sy koms? Motiveer u antwoord met voorbeelde. (Lees NGB art 37.)
- Word hierdie skrikbeelde aan die kerk nagelaat om ons gerus te laat terugsit omdat ons tog veilig is; om ons bevrees te maak; of om ons tot voorbereiding bewus te maak?
- Wat sê hierdie gedeelte vir die gelowige in sy teenslae en vervolginge van elke dag?
- Moet ons verbaas wees oor broedertwis, haat en nyd, natuurrampe en laakbare optredes van mense, as sou God ons vergeet het?

DAG 59

MATTEUS 24:32-51

DRIE GELYKENISSE WAT DIE GELOWIGE SE VOORBEREIDING OP DIE WEDERKOMS BENADRUK

OORSIG

Verse 32-35	Verse 36-44	Verse 45-51
Die vyeboom: voorbereiding van daardie oomblik moontlik.	Die dag en uur: voorbereiding vir daardie oomblik noodsaaklik.	Die getroue en ontroue slawe: voorbereiding die enigste waarborg.

INSIG

Met 'n praktiese voorbeeld langs die pad wys Jesus sy dissipels daarop dat die gelowige vroegtydig die eerste botsels van die wederkoms kan opmerk (24:32-35). Die vyeboom as voorbeeld bevat al die elemente wat in Matteus gebruik word om herstel en vreugde aan te dui. 'n Bottende vyeboom dui op vroeë vye en volvrag vreugde vir die land se mense. Die eerste tekens van die bottende boom kan wat die Jode betref, al duidelik tydens die vroeë vervolginge gesien word. Vervolging en smarte het begin toe die apostels in Hand 4 en 5 vervolgt is (gevangeneming) en Hand 7 (moord op Stefanus). Jerusalem is ook presies veertig jaar hierna verwoes. Met die doelwit van die evangelie in gedagte naamlik, dat dit tot alle mense van hierdie bedeling gerig is, kan "hierdie geslag" ook die mense van ons eeu beteken.

Verse 36-44 maak dit duidelik dat die werklike tyd en datum van die wederkoms aan niemand bekend is nie, behalwe net aan God die Vader alleen. Selfs die Seun het op aarde hierdie kennis nie nodig nie. Dit is nie ter sake waar Hy in elk geval met volle oorgawe die weg en wil van sy Vader bewandel nie (24:36). Die koms van die Seun van die mens sal net so onverwags wees soos die sondvloed in die dae van Noag (vgl. Lk 17:26-30, 34).

Met blatante, naakte sonde en verderf sal die groot meerderheid met selftevredenheid niks verwag wat hul geruste lewe kan versteur nie (24:37-39; vgl. Gen 6:5, 11, 13). Die onverwagsheid van die wederkoms sal 'n duidelike lyn deurtrek tussen mense wat op die oog af dieselfde lyk en dieselfde loon behoort te ontvang. Dit is nie afstamming, prestasies of die uiterlike wat die rigting van die skeidslyn bepaal nie, maar die mens se hartsgesindheid (24:40-42; vgl. Jes 11:3). 'n Hartgrondige gesindheidsverandering teenoor

God is dus noodsaaklik vir die wat gereed wil wees vir die wederkoms.

Met die gelykenis van verse 45-51 wys Jesus sy dissipels daarop dat 'n mens jou roeping in afwagting van die wederkoms op tweeërlei wyse kan vervul: Met dit besig te wees wat aan jou opgedra is, of om niks te doen nie en net te sit en wag dat die wederkoms aanbreek. Diegene wat gegryp is deur die liefde van Christus leef nie meer vir hulleself nie, maar met heilige verlange na sy koms. Hulle bewys dit ook met wederliefde (vgl. 2 Kor 5:14, 15). Hulle lewe word gestempel deur sy Woord en hulle voed en versterk hul naaste met hul optrede (vgl. 1 Ts 3:7-9). Die slaaf wat waaksaam besig is om te doen wat aan hom opgedra is, is die gelukkige een. Sy loon is dat hy nog meer verantwoordelikhede sal bykry (24:45-47; vgl. 5:3, 5).

Wanneer die eienaar lank wegbly (vgl. 2 Pt 3:4), blyk dit dat die slegte slaaf sy waaksaamheid verslap het en onverantwoordelik en liefdeloos teenoor sy medeslawe optree (24:48, 49; vgl. 2 Tim 3:1-3). Die eienaar sal op 'n onverwagte uur terugkeer (vgl. 24:37-41, 42-44 en 25:13), en die lui en ontspoorde slaaf straf. Hy wat net soos 'n huigelaar optree (vgl. 22:18) sal eindig met wroeging in die hart en intense selfverwyt (vgl. 8:12). Gelowige voorbereiding op die wederkoms en geloof in Christus is dus die enigste wyse om die verdoemenis te ontsnap.

UITSIG

- Wanneer dit kom by u afwagting op die wederkoms, openbaar u ook dan hierdie karaktertrekke van 'n ware gelowige (vgl. 24:45a), so 'n sin van verantwoordelikheid (vgl. 24:45b), so 'n gedrag (vgl. 24:46)?
- As God vandag sou kom ondersoek instel na u lewe, waarmee sal Hy u besig vind; met dit wat die kerk van die Here kan opbou, en waarmee u naaste bemoedig kan word? (Lees v/a 52 HK.)
- Die wete dat Christus onverwags kan kom, keer dat ons nie sommer net terugsit en niks doen nie. Dit weerhou die ware gelowige van plesier wat net onself bevredig. Waarop spits dit wel ons aandag?
- Indien die hele hoofstuk in aanmerking geneem word, sou u sê dat Jesus ons bang wil maak vir die wederkoms, of word dit in God se Raadsplan vertraag? Kyk na 2 Pt 3:9 se antwoord hierop. Hoe lyk die stempel waarmee u lewe reeds gestempel is?

DAG 60

MATTEUS 25:1-13

DIE LAASTE DAE VEREIS SKERP WAAKSAAMHEID VAN GOD SE KINDERS

OORSIG

Verse 1-5	Verse 6-10	Verse 11-13
Tien meisies se verskil in waaksaamheid.	Die Bruidegom se skielike koms.	Die gevolge van onvoorbereid wees.

INSIG

Met die woordjie "Dan" word hoofstuk 25 aan die vorige hoofstuk gekoppel om daarmee aan

te toon dat hierdie gelykenisse steeds handel oor die wederkoms. Die gelykenis van die tien meisies kom net in Matteus voor. Derhalwe kan verwag word dat dit spesifiek tot die Jode gerig is. Dit is opmerklik dat die skeiding tussen mense net so sterk aan die einde van die profetiese rede beklemtoon word, as aan die einde van die bergrede (vgl. 7:13-27). Daarmee wys Matteus dat die leefstyl van vandag bepalend is vir die mens se afwagting op die wederkoms.

In die gelykenis van die tien meisies is Jesus die Bruidegom en sy gemeente is in die tyd tussen hemelvaart en die wederkoms wagtende vir die feesmaal wat aan die einde van die tyd gaan aanbreek. Die meisies se optrede vooraf, illustreer mense se verskil in waaksaamheid waarmee hulle die laaste dag tegemoet gaan (25:1-5). Onder die bruilofsgaste is daar diegene wat ekstra olie vir hulle lampe saamgeneem het. Dit is hulle wat met hul lewe gereed is vir die wederkoms. Hulle leef wyslik saam met God. Hulle beskik nie net oor lampe nie, maar ook oor voldoende olie. Daar is by diegene die nodige volharding en onwrikbare vertroue in God, al sou Hy nie onmiddellik kom wanneer hulle Hom verwag nie.

Van die ander mense het wel lampe maar nie genoeg olie vir langnag-wag nie. Dit dui op gelowiges wat wel oor al die vroomheidsapparaat beskik. Dit is mense wat wel die middele en geleenthede het om God te ken en te dien, maar die goddelike besieling en heilige afwagting ontbreek by hulle. Daar is baie ander dinge wat mens se aandag met tyd van God en sy Woord kan aftrek. Almal, selfs die mees opgewonde meisies het ingesluimer. Dit kan met almal gebeur, maar dan moet mens vinnig weer gereed kan maak.

Met die Bruidegom se skielike koms het die wyses dan ook getoon dat hulle gou gereed kan wees. Die verhouding met God (hoeveelheid olie), was nog altyd reg (25:6, 7). Diegene wat op daardie oomblik nie gereed is nie, kan die ander nie blameer vir hul nalatigheid nie. Dit is elkeen se taak om vroegtydig alles gereed te kry (vgl. Lk 11:5-8), en te leef soos een wat die Here verwag. Hulle smaak dan die vettheid van God se huis, en is opmerklik dan ook nie meer bekommerd oor die wat agtergebly het nie. Die vreugde om in te gaan, oorheers alle menslike gevoel (24:8-10).

Die bittere gevolg vir hulle wat hul nie op Jesus Christus se koms voorberei nie, is dat hulle nooit weer tot die feesvreugde toegelaat sal word nie (vgl. 7:21 -23, 24-27). Heel waarskynlik kon die Jode hieruit 'n baie belangrike les leer. Hulle wat op Abraham as hul voorvader wil staatmaak en daarop roem dat hulle in die verbond gebore is, het geen waarborg dat hulle die feesmaal sal haal nie. Elkeen moet self sy saak met God in geloof en vertroue uitmaak!

UITSIG

- Sou u sê dat ons mense (oud en jonk), leef met 'n lewendige verwagting op Jesus Christus se koms, of dui ons lewenshouding daarop dat die mens hier vir hom 'n paradys wil skep? Kan u bewyse lewer dat ons so leef asof ons die wederkoms nog 'n bietjie in die tyd wil terugstoot? Hoe lyk ons geestelike paraatheid? (Lees 1 Pt 2:11.)
- Indien u nog by uself opmerk dat die verkeerde van buite u lewe inkom (maats en slegte invloed), weet dan dat die deur nog oop is. Waak daarteen dat u nie onverhoeds betrap word in u geestelike slaap nie. Maak gereed en breek met die sonde want die deure gaan een of ander tyd toe! (Lees Jer 31:18.)

GEBEDSRIGLYNE

- Gee, Here, dat daar nooit ydelheid en leë tydverdryf oor my lewe geskryf sal staan nie. Maar gee aan my 'n gewillige hart en hande wat die goeie soek vir u kerk en my eie toekoms.

WAAKSAAMHEID IN DIE LAASTE DAE BESTAAN UIT DIENS**OORSIG**

Verse 14-18	Verse 19-30
Die gelykenis van die muntstukke: Groot verantwoordelikhede opgelê.	Een of ander tyd rekenskap geëis.

INSIG

Wakzaamheid in die laaste dae bestaan nie uit niks doen en wag nie. Die man wat op reis gegaan het, dui op Jesus wat eers na 'n lang wagtyd na die hemelvaart sal terugkeer na die aarde. In die getalle vyf, twee en een muntstukke, word sy agterblywende diensknegte met groot verantwoordelikhede belas. Die Here gee aan sy kerk gawes en talente, take en geleenthede. Hy skenk ons die gawes van sy Gees om ons opdragte met nougesetheid uit te voer. Dit beteken om alles in en om ons te proklameer as God se eiendom en gereed te kry vir sy koms.

Wie hulle taak aanvaar, gebruik elke geleentheid, of dit nou gevaarlik en vol risiko's is, dit maak nie saak nie. Hulle wil eendag goed rekenskap gee van dit wat hulle met God se gawes en tyd gedoen het. Daar is egter ook ander wat die geleentheid nie raak sien nie. Hulle doen gevolglik niks opbouend met hulle lewe tot eer van God of tot opbou van sy kerk nie (25:14-18)

In verse 19-30 word dit duidelik dat 'n werkende en lewende kerk weet dat daar 'n tyd van rekenskap en oordeel kom (vgl. 18:23). Die eerste twee slawe was getrou en het gewoeker met hulle talente. Hul loon is groter en hulle ontvang gewis eervoller verantwoordelikhede. Hulle ontvang ook daarmee toegang tot die feesvreugde (vgl. 24:46, 25:10). Die derde slaaf probeer sover as moontlik sy verantwoordelikhede ontduik.

In daardie dae het hulle nie kluis of banke gehad waar hul kosbaarhede geberg kon word nie. Kosbare besittings is op verborge plekke begrawe (vgl. 13:44). Uit vrees vir die risiko's wat hy mag loop, het die derde slaaf eerder sy muntstuk begrawe sodat hy dit met veiligheid sekerlik sal kan teruggee wanneer dit later opgeëis gaan word. Maar indien sy eienaar se saak ook vir hom erns was, sou hy ten minste met die muntstuk meer probeer verdien het. Alles dui daarop dat hy nalatig was sonder enige kommernis oor die koninkryk van sy Here. Hiermee spreek hy die ontsettende verdoemenis oor homself uit. Liefdeloosheid teenoor God bring belangeloosheid en onbetrokkenheid. Maar waar die kerk met oorgawe aan God leef, versier Hy daagliks sy kinders meer en meer met die gawes wat lewensvreugde in menselewe saai.

UITSIG

- Het dit wat die Here as wins in u hart, verstand en hande gelê het, al vir u 'n las geword? Beantwoord hierdie vraag self deur te kyk wat u met u geleentheid om God se saak te bevorder, in u lewe maak.
- Na aanleiding van 25:29 word daar so maklik in die omgangstaal gesê dat die rykes ryker, en die armes armer sal word. 'Dit staan mos in die Bybel!' Is dit wat daar

bedoel word? Het hierdie woorde in sy verband nie eerder die betekenis dat dit gaan om roepingsgeleentheid nie? Wat dink u?

- 'n Mens kan so maklik jou skoolwerk of jou huwelik gaan 'begrawe' omdat dit te veeleisend is. Waak daarteen dat dit wat u dan nog het nie ook met 'n druipeyfer, en vir die getroude met 'n egskeiding van u weggeneem word nie. Dan het u niks. Het u al so iets verloor?
- Sien u nog die genade van God daarin dat ons verantwoordelikhede het, al voel dit soms so gering, onbenullig en uitsigloos geroetineerd? Wys met selfdisipline en trots dat u in diens van ons Here staan.

DAG 62

MATTEUS 25:31-46

DIE LAASTE DAE BRING SKEIDING TUSSEN MENSE

OORSIG

Verse 31-33	Verse 34-40	Verse 41-46
Die komende oordeel maak skeiding tussen	Geseëndes	en vervloektes.

INSIG

Die laaste gedeelte van die profetiese rede skets die laaste dae as 'n tyd van oordeel. Nadat die evangelie aan alle nasies verkondig is, sal almal voor die Regterstoel van God verskyn (vgl. Mt 24:14). Hierdie gedeelte is streng gesproke nie 'n gelykenis nie, maar 'n stuk profesie. Aangesien Jesus egter bekende beelde uit hul daaglikse lewe gebruik (wagterherder en die skape), om aan te dui dat daar aan die einde 'n skeiding sal wees tussen mense, pas hierdie gedeelte tog in as 'n gelykenis by 24:32-25:30. In die laaste dae sal mense soos skape en bokke van mekaar geskei word om aan te dui dat God sy skape verkies (aan die regterkant omdat hulle ook gaan regeer, vgl. Op 5:10; 20:4), met die bokke wat verwerp word aan die linkerkant.

In verse 34-40 word die geseëndes op grond van hul optrede aangedui. Jesus beklemtoon vir die laaste keer die liefdesgebod en God se eis om sy wil te doen (vgl. 12:7 en 23:3-4). Met die oordeel sal die liefdeseis as maatstaf gebruik word. Die oordeel sal oor die mens voltrek word, direk eweredig aan wat sy optrede teenoor ander mense was (25:35, 36, 42, 43). Christus is in die geringste gelowiges (die nederiges van hart), teenwoordig. Derhalwe sal mense se gesindheid teenoor die geringstes hul houding teenoor Jesus openbaar. Diegene aan sy regterkant sal die koninkryk van God as erfenis en ewige lewe ontvang (vgl. 5:3, 5). Hul barmhartigheidsbewyse word die regverdige daade van die heiliges genoem (vgl. Op 19:8).

Die vervloektes van verse 41-46 is diegene wat nie bereid was om in hul lewe ook aan die geringstes van die kerk goed te doen nie. Hulle word aan die einde weggestuur na die verdoemenis (vgl. 7:23 en 13:41-42). Volgens die deurlopende patroon van die waaksaamheidsgelykenisse word die oordeel uitgespreek oor die wat die liefdesgebod nie met woord en daad uitgeleef het nie. Hulle is die mense wat onvoorbereid en ledig die tyd afwag (vgl. 25:1-13) sonder genoeg olie, en die wat nie woeker met hul talente nie (25:14-30). Hul lewenswerke is vir ewig, sonder vrug. Hierdie lewe bepaal dus reeds die rigting en poort waardeur ons na hierdie lewe sal gaan.

UITSIG

- Kan u uit hierdie gedeelte aandui dat ons daaglikse besluite en optrede ons toekoms bepaal? Leer die Woord ons om maar net te hoop op God se genade aan die einde, of kan ons nou reeds met sekerheid aandui aan Wie ons behoort in lewe en in sterwe?
- Doen u reeds die dinge wat in verse 35 en 36 genoem word? (Lees Jak 2:14- 17).
- Wat het Jesus Christus ons meer as 'n glas koue water gegee? (Lees 1 Pt 1:19).
- Kan u naaste getuig daarvan dat u geloof uitmond in geloofsdade en dat hulle by u sien wat dit beteken as geloof prakties leef en werk? (Lees Gal 5:6).

DAG 63

MATTEUS 26:1-16

JESUS DWING OMSTANDERS TOT 'N KEUSE

OORSIG

Verse 1-5	Verse 6 -13	Verse 14-16
Moord beplan	Liefde betoon	Verraad geopenbaar

INSIG

Matteus neem sy lesers hiervandaan op Jesus se laaste spore en vertel die verhaal van sy lyde, dood en opstanding (26:1-28:20). Vers 1 wys reeds dat Matteus nou 'n nuwe verhalende gedeelte gaan begin. "Nadat Jesus oor al hierdie dinge klaar gepraat het. . .", is Matteus se gebruikelike afsluiting na Jesus se lang preke (vgl. 7:28). In verse 1-5 word lig en duisternis teenoor mekaar gestel. Terwyl Jesus Hom vir die Paasfees voorberei, was die priesterhoofde en familiehoofde van die volk ook besig met hul eie beplanning. By hulle was dit egter moordbeplanning. Na die tempelreiniging het die priesters hulle by die Fariseërs aangesluit, en word daar in Kajafas se huis planne beraam om van Jesus ontslae te raak.

Hoewel die volksleiers dit nie tydens die Paasfees wil doen nie, weet Jesus met goddelike voorkennis dat dit wel sal gebeur. Die feit dat die volk Jesus as die groot Profeet beskou, en dat Hy die volk se nasionalistiese verwagtinge bevredig, maak dit gevaarlik om Hom tydens die fees te arresteer. Op die Woensdag voor sy sterwe maak Hy sy vierde en laaste aankondiging oor sy lydensweg. Hy is ten volle in beheer van die moeilike pad wat Hy as Paaslam ter slagting gaan loop.

Verse 6:13 illustreer hoedat 'n vrou in dieselfde gemeenskap waar daar met haat moordplanne gesmee word, haar liefde op uitsonderlike wyse teenoor Hom openbaar. Met ontroerende teerheid breek Maria 'n kosbare flessie "parfuum" oor Jesus uit. Sy was volgens Johannes die suster van Lasarus (Jh 12:2,3). In die oë van sy dissipels (veral Judas, vgl. Jh 12:4, 5), was dit verkwisting van baie waardevolle olie wat in geld eerder aan die armes gegee kon word. Hierdie vrou het egter met haar daad profeties vorentoe gewys na die "geur" (die vrug en vreugde), van Jesus se begrafnis.

Die betekenis van sy versoeningsdaad aan die kruis sal vir eeue hierna nog soos 'n "welriekende geur" oor volke en nasies hang wanneer hulle besef wat Hy werklik aan die

kruis bereik het. Haar liefdesbetoning is deur en deur 'n huldeblyk aan haar Meester wat gaan sterwe. Die dissipels moes hulle geskaam het. Tyd vir hul dank en eerbetoning was daar nie meer veel oor nie. Hul kritiek is onregverdig en ongeldig!

Verse 14-16 wys hoe die eintlike verraad in eie kring ryp begin word het. Judas Iskariot is na drie jaar se omwandeling saam met Jesus nog nie genees van sy innerlike hebsug en eersoekery nie. Matteus is al skrywer wat hierdie feit noem dat die priesterhoofde hom dertig silwermuntstukke as vergoeding vir sy verraad betaal het. Die Jode het baie goed geweet dat dit die belaglike skadevergoeding vir die lewe van 'n slaaf was (vgl. Eks 21:32 en Sag 11:12). Judas ontvang ook sommer dadelik die volle som sodat hy nie later koue voete sal kry en die leiers ook in die steek laat nie. Hiermee is die bal ook gemaklik uit die hande van die priesterhoofde, en kan hulle hulself op 'n afstand uit die veragtelike daad hou. Hiermee het Judas Iskariot homself as instrument in die hand van die Satan gegee (vgl. Jh 13:27).

UITSIG

- Kan u al uit die Ou Testament aflei dat hierdie frontvorming teen Jesus wel deel van die goddelike raadsplan was? (Lees Ps 2:2).
- Is daar uit die Ou Testament enige bewys dat hierdie verraad uit eie kring verwag kon word? (Lees Ps 41:10 en 55:13-15.)
- 'n Ontmoeting met Jesus Christus laat 'n mens nooit neutraal nie. Watter waarde ken u aan Jesus toe, en kom u verwagtinge ten opsigte van Hom ooreen met dit wat die Woord oor Hom leer?
- By vernuwing moet elke kind van die Here homself elke dag gee en sy beste gawes soos Maria aan die Here toewy. Weet u al wat daardie gawe in u lewe is?

DAG 64

MATTEUS 26:17-30

JESUS SE DISSIPELS VOORAF AAN DIE KRUISGEBEURE VASGEBIND

OORSIG

Verse 17-19	Verse 20-25	Verse 26-30
Instelling van die Nagmaal	Met 'n waarskuwing	Met 'n belofte

INSIG

Verse 17-19 wys hoe Jesus se dissipels ten tye van die Joodse Pasga ook vir Hom 'n eetmaal voorberei. Sy tyd het naby gekom. Dit beteken dat Hy met sy sterwe, dit wat met die geslagte lam in Egipte gebeur het, totaal in die skadu gaan stel. Jesus berei Hom volgens die goddelike raadsplan van God voor vir die beslissendste wêreldgebeurtenis naamlik om Homself as die ware Lam sonder gebrek eens en vir altyd vir die sondes van sy volk te offer. Sy respek vir die Wet en profete, sy hoogagting van die paaslam word ook hier sigbaar. Aan tafel (verse 20-25), lê Jesus Judas Iskariot se verraad oop en rig daarmee aan hom 'n waarskuwing. Judas het geen sin gehad in 'n verbryselde Jesus nie, maar hy het behoefte gehad aan 'n volksnasionalistiese held wat die Jode fisies kon bevry van die Romeinse

oorheersing. Wanneer Jesus aan tafel te kenne gee dat een van hulle Hom gaan verrai, het nie een van hulle gesê dat dit onmoontlik is nie. Diep in hulleself het hulle die onvoorspelbare kookpot van 'n sondaarshart geken. Met 26:22 wou hulle hulself darem distansieer van so 'n veragtelike daad. Dit is nogal opvallend dat Judas hom hier reeds begin distansieer van die groep deurdat Hy Jesus nie "Here" noem soos die ander nie, maar "Rabbi". Dit was dikwels die ongelowiges wat Hom so aangespreek het (vgl. 8:19). Dit is wonderlik om te sien met watter kalmte Jesus Judas se verraad aanvaar as deel van die goddelike raadsplan. Hy onderwerp Hom gewilliglik aan die bese daad wat deur God tot 'n heilsdaad omgebuig word. God se raadswil ontnem Judas egter geen oomblik van sy eie verantwoordelikheid ten opsigte van die lewe van 'n ander nie. Gevolglik bly Judas skuldig!

Wanneer die ete sy gang neem, openbaar Jesus sy innige verbondenheid aan sy dissipels met ryke beloftes (26:26-30). Die brood en die beker beeld in hierdie gedeelte die innige eenheid tussen Jesus en sy dissipels aan tafel uit. Die gebreekte brood simboliseer sy liggaam wat ter wille van die gelowiges aan die kruis gebreek gaan word. Dit is 'n nuwe Pasga, want hulle eet en drink met 'n nuwe betekenis nie meer die vleeslike lam van die Ou-Testamentiese Pasga nie. Hulle eet en drink om in die verbond met Hom (deur geloof in Hom). deel te hê aan al die weldade van sy kruisiging. Dit dui verder ook op geloofsvertroue in die toekoms saam met Hom. Sy bloedstorting ter vergiffenis van sondes, geld slegs diegene wat in Hom glo. Die nagmaal as gemeenskapsmaal sal tot en met die wederkoms terugwys na sy eenmalige en volledige sterwe ter versoening van sondes aan die kruis.

UITSIG

- Waarom is die heilige nagmaal deur Jesus ingestel? (Lees v/a 66 HK.)
- Wie kan aan die tafel van die Here aansit? (Lees v/a 81 HK.)
- Hoekom hou die kerk 'n dankseggingsdiens na die viering van die nagmaal?
- Gee u al iets van hierdie genade aan tafel deur aan ander en hoe?

DAG 65

MATTEUS 26:31-56

JESUS WORD DEUR SY KUDDE IN DIE STEEK GELAAT

OORSIG

Verse 31-35	Verse 36-44	Verse 45-56
Eers deur Petrus	Toe deur die ander dissipels	Dan deur die gepeupel

INSIG

In verse 31-35 openbaar Jesus met goddelike voorkennis dat sy dissipels nie enduit by Hom sal staan nie. Al weet hulle nou dat sy lydensweg na oorwinning lei, sal dit nietemin teen die opdraandes vorentoe duidelik word dat hul geloof nog wankelig is. Met die woorde van Sag 13:7 wys Jesus sy dissipels daarop dat hulle uitmekaar sal spat wanneer hul Here gesmaad sal word. Hoewel Petrus dit opreg uit sy hart ontken, ken hy nog nie sy eie en die ander se reaksie in 'n krisis nie. Dit is tragies dat Petrus, die rots onder hulle, Jesus drie keer dieselfde nag sal verloën. Dit is 'n neerdrukkende ervaring wanneer 'n mens later by jouself

moet ontdek dat jou geloof, lojaliteit en trou, deur sulke swakhede benadeel word.

Tussen die donker bome van Getsemane (26:36-44), ontvang Jesus finaal sy bitter lydensbeker (vgl. Jes 51), nadat Hy in 26:26-30 die beker van versoening aan sy dissipels gegee het. Oorval deur menslike vermoënis en swakheid wat daarvan getuig dat die Vader nou ver weg staan, kniel Jesus in aanbidding voor die Vader. Hy smeek dat die bitter lydensbeker (die pad vorentoe tot by die kruis), by Hom verby moet gaan. Drie keer bid Hy met dieselfde inhoud. By die eerste bede hoor ons nog die smeekstem om kwytskelding (26:39). By die tweede bede vang mens al iets van aanvaarding op (26:42).

Drie keer soek Hy hulp by sy dissipels in die hoop dat hulle saam met Hom sal waak. Hulle was tog veronderstel om saam met Hom in sy lyde te deel (vgl. 10:16-25). Maar Hy vind hulle telkens onbetrokke vas aan die slaap. Die feit dat hulle slaap terwyl hulle die enigstes was wat Hom kon bystaan, was vir Hom 'n verdere antwoord dat Hy sy lydensweg moet aanvaar. Hy gee Hom volkome oor aan die wil van die Vader.

In verse 47-56 kry die goddelike raadsplan momentum in die optrede van die volksgepeupel. Enige burger kon op kort kennisgewing deur die Sanhedrin opgeroep word tot polisiehulpdiens. 'n Groot klomp mense met swaarde en stokke is gemonster, en met 'n selfvoldane Judas Iskariot vooraan, het hy die wraaklustige bende tot by Jesus gelei. Op die mees intieme wyse, met 'n broederlike kus wat in daardie samelewing van destyds nie vreemd was nie, lewer die dissipel Jesus as't ware aan die bende uit.

Met 'n verwyf stel Jesus dit as 'n bevel aan Judas dat hy sy verraderlike werk moet afhandel. Soos in die verlede is dit dan die emosionele Petrus wat vorentoe kom om sy Meester te beskerm. Miskien het sy eie bravade van 26:35 nog vlak in sy gedagtes gelê. Petrus kap Malgus se regteroor af (vgl. Jh 18:10,11). Jesus keur hierdie optrede egter af omdat Hy reeds die weg van lyde verwerk en aanvaar het. Verse 52-54 kom net in Matteus voor omdat hy aan die Jode wil toon dat die oorwinning nie in hul hande lê nie. Jesus kon oombliklik met twaalf legioene engele uit die hemel Homself verdedig, maar sou dan daarmee sy ingeslane lydensweg verlaat. Hy is bewus daarvan dat God se engele Hom nie kan help as Hy nog die profesieë moet vervul nie (vgl. 1:22).

UITSIG

- Petrus het gesê dat hy in die uur van stryd sterk sal staan. Het u ook al op 'n keer gesê: "Dié of daardie sonde sal ek nooit doen nie?" (Lees 1 Kor 10:12.)
- Sou daar versoening met God kon wees as die Vader Jesus se gebed in Getsemane verhoor het? (Lees art 21 NGB.)
- Het u ook reeds sover in die geloof gegroei dat u na baie gebede God se swye as 'n "nee" kan aanvaar? Aanvaar u al dat God ons soms op 'n ander wyse antwoord as wat ons verwag het? (Vgl. Dt 32:48-52).
- Waarmee verdedig u uself in hierdie wêreld, eerste met die swaard, of met die Woord van God, die swaard van die Gees?

JESUS VERSWYG SY MAG EN GEE HOM OOR AAN DIE PROSES VAN VEROORDELING**OORSIG**

Verse 57-68	Verse 69-75
Deur die Joodse Raad verwerp	Deur Petrus misken

INSIG

Met die volksgepeupel nou op die agtergrond, wys die Joodse Raad wat die volk eintlik van Jesus dink. Petrus met 'n groeiende skuldbesef sê met sy optrede iets van die dissipels se posisie in die veroordelingsproses. Hulle staan ver en beteken hier niks meer vir Jesus nie. Om 'n klag teen Jesus te formuleer, is daar minstens twee getuies nodig om 'n godslasterlike oortreding te bevestig (vgl. Dt 19:15). Vir so 'n uitspraak moes daar gewoonlik minstens 23 van die 71 lede van die Joodse Raad teenwoordig wees. Die twee valse getuies toon duidelik in 26:61 dat hulle Jesus se bedoeling dat hulle sy liggaam sal afbreek (vgl. Jh 2:19-21), misbruik om 'n klag teen Hom te lê. Dit is opvallend dat Jesus teenoor al die aantygings swyg.

Jesus se optrede dwing Kajafas om met sy vraag aan Jesus (26:63), Hom so te lei dat Hy niks anders as 'n "godslasterlike" antwoord kan gee nie. Met sy antwoord dui hy reeds aan Wie werklik daar staan.

Almal het ingestem dat Hy moes sterf. Maar hulle besef nie dat die wêreldgeheim voor hulle geopenbaar is nie. Voor hulle staan die Seun van God. Hulle kon natuurlik niks van die plekverplasing en "weer kom" waarvan Hy praat, verstaan nie. Hulle het nog geen begrip van die wederkoms gehad nie. Aardse regbanke veroordeel die Seun van God sodat die goddelike raadsplan vervul kan word.

Die drang na selfbehoud en magswellus het daardie nag nie net fakkeltendes se uitsig op Jesus verblind nie. Sy eie dissipel is ook deur lafhartigheid meegesleur en hy misken sy Here. In die beslissende oomblikke knak Petrus se krag en hy wys met sy ontkenning (26:70), dat die ware Hoëpriester alleen sonder bystand moet intree vir die sondes van sy volk. Petrus trek as't ware met sy miskenning van Jesus 'n dik streep deur sy vroeëre belydenis van 16:16. Jesus wat vroeër sy belydenis gehoor het, moet nou ook met pyn hoor hoedat Petrus Hom verloën. Hy het daarop omgedraai en Petrus aangekyk (vgl. Lk 22:31). Dit is begryplik dat hierdie oomblik van waarheid vir Petrus te veel was.

UITSIG

- Lees weer 26:67 en vra uself af of ons nie ook soms, net soos hulle, meer verset en kragvertonings van Jesus Christus verwag nie? Pasop vir eie ideale en misplaaste verwagtinge wanneer ons rondom sy kruis loop en boontoe kyk.
- Raak u ook soms ontstig en ongeduldig oor mense se leuens wat hulle oor die kerk versprei? Dit is nie die moeite werd nie. Onthou dat die leuen altyd vinnig loop, maar sy pad is kort.

- Hoelank loop u al saam met Jesus Christus sonder om u werklik aan Hom te verbind? Sal u in 'n krisisomblik werklik kan opstaan vir sy Naam. u kerk en beginsels sonder om u te skaam? (Lees Kol 2:6).
- Bid u nog elke dag vir meer gehoorsaamheid en groeikrag tot voller diepte en rykdom in u dissipelskap?

DAG 67

MATTEUS 27:1-26

ONTVLUGTING VAN VERANTWOORDELIKHEDE LEI TOT ONREGVERDIGE VEROORDELING

OORSIG

Verse 1 -10	Verse 11-14	Verse 15-26
Die verraaier en leiers probeer gedane onreg herstel.	Jesus aanvaar die onreg met koninklike swye.	Pilatus wil sy verantwoordelikheid oorskuif na ander.

INSIG

Vroeg daardie Vrydagoggend het die onregverdige veroordeling van Jesus momentum gekry. Die priesterhoofde en familiehoofde het besluit die tyd het gekom dat Jesus moes sterf. Judas besef te laat dat hy as gevolg van sy eie hebsug, slagoffer en instrument in die hande van magshonger mense geword het. Met spyt in sy hart (vgl. 26:24). oor dit wat hy gedoen het, het Judas die dertig silwermuntstukke teruggebring wat hy as vergoeding van die familiehoofde ontvang het. In die oë van die Jode beteken berou dat jy dit moet teruggee wat jy onregmatig ontvang het (vgl. Lk 19:8).

Matteus skenk baie aandag aan Judas se spytbeleving sodat hy daarmee aan sy Joodse lesers kan toon watter verraderlike rol hul eie leiers in Jesus se dood gehad het. Wanneer Judas Iskariot met wroeging in die hart die geld in die tempel neergooi (27:1-5), het hy daarmee die Skrifte vervul (vgl. Sag 11:13). Met berou oor die gevolge van sy daad gaan hang hy hom op (vgl. Hand 1:18).

Die volksleiers probeer op hierdie laat tydstip hul hande skoon kry, deur 'n stuk grond as begraaftaak vir vreemdelinge met die dertig geldstukke te koop (27:7, 8). Almal het egter geweet dat daar as't ware bloed oor daardie geld geloop het, en dat dit in elk geval dan nie in die tempel se skatkis mag kom nie. Hul skielike vroomheid om nie die geld vir die tempelkas aan te wend nie, is op hierdie stadium onvanpas en waardeloos (vgl. Num 35:33-34 en Dt 23:18).

In verse 11-14 word Jesus se allesomvattende koningskap reeds in geringe mate sigbaar. Hy swyg koninklik met die wete dat hierdie onreg nie die laaste woorde is nie. Hoewel Pilatus se vraag aan Jesus oor sy koningskap (27:11), bedoel is om sy politieke motiewe te bepaal, beskou Matteus sy "koningskap" in godsdienstige sin. Jesus as die Koning van die Jode is 'n vervulling van die Ou-Testamentiese beloftes.

Pilatus se neutraliteit uit vrees vir oproer onder die volk, dryf hom daartoe om sy verantwoordelikheid oor te dra in die hande van die volk (27:15-26). Ondanks sy eie vrou se waarskuwing gaan hy voort met sy hantering van die saak. Matteus heg altyd groot waarde aan drome en met tipies Ou-Testamentiese agtergrond, beskou hy dit as deel van goddelike

openbaring. Die volk kies liever die vryheid vir 'n gevaarlike Seloot ('n volksnasionalis), as wat hulle vryheid vir hul volksbevryder wil hê. Ironies dat Hy wat hulle moet kom bevry, toelaat dat hulle Hom bind. In onnadenkende onverskilligheid dink die Jode net aan die oomblik en laat gevolglik Jesus se bloed oor hulle hele nageslag kom. Hul woorde in 27:25 is as't ware 'n selfverloëning van die verbondsvolk van God. Hulle erken hiermee dat veral die Joodse Raad en nie die Romeinse regsmašjinerie nie, verantwoordelik was vir Jesus se dood.

UITSIG

- Ondanks goddelike voorkennis van die verraad het Jesus nogtans vir Judas as dissipel gekies. Kan ons nou aflei dat Judas onskuldig en onwetend deur God in daardie rol ingedruk was? Nee, God is nie verantwoordelik nie want Judas tree met redes van sy eie op terwyl God hom genoeg keusemoontlikhede gegee het om die goeie te doen. Daarom is daar vir Judas geen verontskuldiging nie. Niemand kan sy eie verantwoordelikhede ontsnap nie! (Vgl. Lk 12:47, 48 en Rm 14:12).
- Jesus was vir Pilatus 'n verleentheid. Wat maak u met Jesus wanneer die sondige geleentheid aanloklik na u toe kom? Vergeet u tydelik van Jesus Christus en stoot Hom vir daardie oomblik uit die hart?
- Ken u nog die verskil tussen spyt en berou? Spyt kom gewoonlik te laat wanneer 'n mens net die jammerlike gevolge van jou dade sien. Berou kom uit die hart op wanneer ek ongeag die gevolge van my wandade in die eerste plek skaam voel voor God dat ek sy Gees bedroef het. Daarvoor is daar vergiffenis.

DAG 68

MATTEUS 27:27-44

JESUS AANVAAR GOD SE WIL SONDER OM SY VERANTWOORDELIKHEDE TE ONTDUIK

OORSIG

Verse 27-31	Verse 32-44
Hy laat Hom bespot.	Hy laat Hom kruisig.

INSIG

Met Jesus in die soldate se hande, word Hy gou tot in die stof verneder. Nou is daar geen remmende faktore soos 'n oproerige volk of die toepassing van die Wet wat hul in hul magspel kan terughou nie. Die soldate se optrede is daarop gemik om Jesus bespotlik te maak. Daarmee spreek die Romeinse soldate hul afkeer en veragting uit oor die Joodse volk. Kinderagtig speel die soldate "koning" met Jesus. Hulle klee Hom met alles wat by 'n koning tuiŝhoort, maar op so 'n wyse dat Hy 'n karikatuurkoning is (27:28, 29).

Tussen alles deur is dit opvallend hoe Hy sy koninklike mag met bomenslike geduld in toom hou. Dit is sy roeping en taak om hierdie veragtelike ongeloofs-optrede te verdra en die smaad nie te ontduik nie. Hy kon Homself met een enkele beweging suksesvol verweer, maar genadiglik vir ons doen Hy dit nie.

In verse 32-44 vervul die raserige optog waarmee Jesus die Golgotha-koppie uitgedryf word

die Skrifte sonder dat hulle dit geweet het. Die 1953-vertaling lees dan ook inderdaad in 27:35". . . sodat vervul sou word wat deur die profeet geskryf is . . ." en dan volg 'n verwysing na Ps 22:19. Hierdie woorde word in die 1983-vertaling weggelaat omdat dit nie in die gebruikte manuskripte voorkom nie. Aan die kruis weier Jesus die drank omdat dit 'n bedwelmende uitwerking op Hom sou hê. Dit sou die las verlig en hy sou die volle vraag van alles nie op so 'n wyse beleef het nie. Hy wil die stryd by sy volle bewussyn ter wille van sy volk deurvoer.

Met groot veragting slaan die soldate hul haat teen die Jode, teen die kruispaal vas toe hulle Jesus tussen twee rowers vasgespyker het. Die omstanders se uittartende woorde in 27:40 herinner aan die Satan se versoekinge in die woestyn (vgl. 4:3, 6). Die sarkasme van die Skrifgeleerdes en familiehoofde, die spot van die rower(s) het Hom geen oomblik laat huiwer op die ingeslane weg van versoening nie, want dit was God se weg met Hom.

UITSIG

- Watter voordeel hou Jesus se liggaamlike foltering aan die kruis in vir ons lewe? (Lees Jes 53:3-5.)
- Is spot nie vandag nog die maklikste metode van die wêreld om van Jesus en sy kerk ontslae te raak nie? Kan u enige konkrete voorbeelde noem?
- Miskien bedoel ons dit nie so op daardie oomblik nie, maar stamp ons nie met ons "nee" vir Christus in wese weer 'n doringkroon op sy hoof nie? (Lees Heb 6:6)
- Kan u uit hierdie gedeelte aflei waarom die gelowiges ook op 'n oorwinnaarskroon kan hoop? (Lees 2 Tim 4:8.)

DAG 69

MATTEUS 27:45-66

DIE EINDPUNT VAN JESUS SE LYDENSWEK

OORSIG

Verse 45-56	Verse 57-61	Verse 62-66
Sy sterwe.	Sy begrafnis.	Sy bewaking.

INSIG

Net soos by al die vroeëre ingrypende gebeure van God in die geskiedenis, is dit begryplik dat wondertekens, magtige natuurverskynsels en goddelike uitsprake Jesus se dood sou vergesel (27:45, 51-53). Met die roepklag van Jesus se vierde kruiswoord (27:46), word die werklike foltering aan die kruis beskrywe. Waar Jesus voorheen die verdowende drankie geweier het (27:34), aanvaar Hy nou die suur wyn want dit beskik nie oor bedwelmende krag nie.

Die skeur van die voorhangsel in die tempel van bo na onder, toon dat God vanuit die hemel, tevrede met die offer aan die kruis, die skeiding wat daar tussen Hom en die volk was, nou self verwyder. Met verbasende kragte wil die nuwe reeds deur die ou bedeling breek toe gelowiges uit hul grafte opgewek is (27:51-53). Maar al is die herstellende kragte in God se koninkryk met Jesus se versoening aan die kruis sigbaar, is die deurbraak van die

nuwe nog nie ten volle geoorloof nie. Die dooies sal eers met die eindes van die tye waarlik opstaan. Hierdie opstandings was dus net tydelike voortekens van dit wat kom. Dit is opvallend dat hulle eers na Jesus se opstanding hul verskyning gemaak het en toe weer verdwyn het.

In verse 57-61 word Jesus se begrafnis beskryf. Josef van Arimatea was 'n ryk lid van die Joodse Raad. Hy het glad nie met hul optrede teen Jesus saam gestem nie (vgl. Lk 23:50, 51). Die Jode het gehoor van die toestemming om Jesus in 'n nuwe graf te laat begrawe. Hulle moes besef dat die Ou-Testamentiese profesie hiermee in vervulling sou gaan. Jes 53:9 (1953-vertaling) lees so ". . . en by 'n ryke was Hy in sy dood ..." Ongelukkig het die 1983-vertaling hierdie vervulling wegvertaal met 'n minder goeie vertaling van Jes 53:9 naamlik: ". . . hy was by sondaars in sy dood ..." Dit is opvallend dat Jesus deur 'n onbekende volgeling vereer en begrawe word en nie deur sy dissipels nie. Die slotgedeelte oor Jesus se sorgvuldige bewaking (27:62-66), kom slegs by Matteus voor. Matteus wil hiermee die bedrog van die Joodse Raad ontbloot. Met die besef dat Jes 53:9 vervul word, was hulle bevrees dat ander profesieë, en dan veral wat Jesus self gesê het, ook vervul kon word. Hulle herinner hulle die teken van Jona vir ons opgeteken in 12:40, waarin Jesus daarop gedui het dat Hy na drie dae sal opstaan. Uit vrees dat Jesus se liggaam deur sy volgelinge gesteel kon word en die profesie as vervul kon laat blyk, het hulle bewaking van die graf verkry. Hier gebruik Satan klein mensies om met desperate poginkies die opstanding van die Seun van God te verhoed. Ironies vir hulle, is dit juis hul verseëling van die graf wat sy opstanding bewys het!

UITSIG

- Ken u die volgorde van die sewe kruiswoorde? (Lees Lk 23:34a; Lk23:42, 43; Jh 19:26, 27a; Mt 27:45, 46; Jh 19:28; Jh 19:30; Lk 23:46a.)
- Hoe word ons vertroos deur hierdie sterwensgebeure? (Lees Son 15 HK en art 21 NGB.)
- Kan u sien dat hierdie graf in meer as een sin "nuut" was? Dit is die eerste graf waarin die lig van die ewigheid vir ewig opgevang is, want dit sou nooit weer oor Jesus toegaan nie. Dit is die graf wat gelowiges se grafte hierna tydelik maak. Kan u aan nog redes dink?

DAG 70

MATTEUS 28:1-20

JESUS CHRISTUS SE OPSTANDING IS DIE WAARBORG VAN SY EWIGE TEENWOORDIGHEID

OORSIG

Verse 1 -10	Verse 11-15	Verse 16-20
God se magsopenbaring.	Satan se strydverklaring.	Ons oorwinning verseël met Jesus se waarborg.

INSIG

Met die opstandingsgebeure dra Matteus die Jode as't ware tot op die bergpieke van die

toekoms en hy wys aan hulle dat hierdie Jesus van Nasaret waarlik die Seun van God is. Met die rooi dagbreek van daardie Sondagmore het die twee vroue van 27:61 na die graf gegaan om Jesus te balsem (vgl. Mk 16:1). Oor die "hoe" en "presies wanneer" van die opstanding weet die kerk van God niks. Die engel onthul net wat daar gebeur het (vgl. 1:20, 24; 2:13, 19). God skuif met goddelike almag die aardse belemmering weg en Jesus Christus se verheerlikte liggaam word opgewek. Die aardbewing dui daarop dat God Almagtig hier teenwoordig is (vgl. Hb 13:20).

Jesus Christus se verskyning word in Galilea in die vooruitsig gestel (vgl. 26:32), vanwaar Hy sy afrondingswerk aan sy dissipels sal doen. Bang maar tog bly, het die vroue hierdie boodskap gaan oordra (vgl. hier Mk 16:8). Sy sigbare en *tasbare verskyning het die werklikheid en volle* waarheid van die opstanding bevestig (vgl. Mt 12:40).

Met groot onrus in die hart moes die priesterhoof de en familiehoof de verneem dat hulle vrese bewaarheid is (28:11 -15). Soos in die verlede span hulle weer met sataniese bedoelinge saam om die boodskap oor die feit van die opstanding net daar in die kiem te smoor (vgl. Ps 2:2 en 27:62-64). Joodse omkoopgeld word hier gebruik om 'n leuen oor die leë graf die wêreld van Matteus se tyd in te stuur (vgl. 26:14 -15). Dit is opmerklik hoe Satan se leuen-boodskap saam met die ware evangelie die wêreld ingestuur word. Soos die evangelie vandag nog die wêreld met die saligmakende kennis versterk, so poog die leuen om die goeie van God se hand in menselewens opnuut te deurkanker.

Die slotgedeelte van verse 16-20 kom net in Matteus voor. Met hierdie Messiaanse lofverheffing spesifiek vir sy Joodse lesers bedoel, wil Matteus die lydende Messias aan die einde met volle eer en almag teken as die Koning van die kerk, meer nog, as Lewensvors tot aan die eindes van die tye. Hy doen baie sober verslag oor Jesus se verskyning want hy wil die dissipels se aanbidding beklemtoon (28:17; vgl. 2:2, 8, 11). Die twyfel wat party selfs in hierdie glorieryke oomblikke oorval het, is telkens 'n motief by Matteus, en iets waarteen die gelowige te alle tye moet waak (vgl. 14:31 en 21:21).

As Seun van God (vgl. 11:7), maak Jesus Christus aanspraak op absolute heerskappy deur sy Vader aan Hom gegee. Hy het die mag nie langs die weg van Satan verkry nie (vgl. 4:8-9), maar deur gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader. Vers 19 se sendingopdrag aan sy dissipels word 'n uitsending na al die nasies van die aarde, terwyl hul oorspronklike uitsendingsbevel tot die Jode beperk was (vgl. 10:5-6). Hulle moet die evangelie gaan verkondig met die uitsluitlike doel om die mense van die wêreld dissipels van Jesus Christus te maak (vgl. 13:53). Die wat die evangelie hoor en gunstig daarop reageer met goeie belydenis, moet gedoop word in die Naam van die Drie-enige God.

Matteus sluit sy boek af met die kragtige bevestiging en vaste wete in die hart, dat Jesus Christus in sy volheid met sy kerk sal wees tot en met die voleinding van die tye. Daarmee word die volgelinge se lewe verseël met die heerlike waarborg van God die Vader wat bo ons troon, Jesus Christus wat by ons is, en die Heilige Gees wat in ons woon.

UITSIG

- Kan u uit die slot van Matteus aflei dat die gelowige nooit sy emosies en gevoelens as barometer mag gebruik om sy geloofsekerheid te bevestig of te bevraagteken nie? As daar sou staan ". . . Kyk, julle is by My . . .", dan sou dit beteken dat ons ons altyd naby Hom sou voel. Daaroor sou baie kon twyfel. Maar nou staan daar wel "... Kyk, Ek is by julle ..." Dus, al voel ek van God verlate, is dit nie te sê dat GóD ver staan nie. Die Woord waarborg sy nabyheid en liefde ongeag wat ons ervaar. Hou u nog daar aan vas as twyfel onverwags u lewe binnesluip?
- Besef u dat God in sy genade ook daardie dinge voor u wil wegrol wat u nog altyd alleen en sonder sy krag wou aandurf? Op hoeveel terreine van u lewe lê daar nog donker wolke wat eers met geloof in Christus weggeskuif moet word, voordat u sy

opstandingslig oor u lewe sal sien skyn?

GEBEDSRIGLYNE

- Bid dat God u altyd fyngesvoelig bewus sal maak van sy goddelike teenwoordigheid in u lewe.
 - Dan sal u altyd kan aanpas by die nuwe.
 - Krag hê vir die skynbaar onmoontlike.
 - Hoop hê op geloofsrypheid by die einde.
- Dank God elke dag dat u Hom ken wat die verre, onbekende toekoms ook in sy hande tem.